


1982067926



U.O.V.S. - BIBLIOTEK

198206792601220000019



**JEUGLEIERSKAP MET SPESIFIEKE VERWYSING NA
DIE ROL VAN DIE RUGBYAFRIGTER**

deur

FREDERICK JACOBUS BLOMERUS B.A. (H.O.D.) B.Ed.

*Verhandeling voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad
Magister Educationis
in die Fakulteit Opvoedkunde
(Departement Didaktiese Pedagogiek)
aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Bloemfontein*

Studeleier: Dr. P.R. Rossouw.

Desember 1981.

Univork... n die Oranje-Vrystaat
EMFOITENI

2 1-04-1982

T 796.333077 BLO

ca

LIUTER

VOORWOORD:

Opregte dank aan:

1. Dr. P.R. Rossouw vir sy besondere belangstelling en vriendelike, bekwame hulp. Dit was 'n groot voorreg om onder hom te studeer.
2. My moeder vir haar aanmoediging en ondersteuning.
3. Dr. John Williams vir sy gewillige en vriendelike hulp.
4. God wat my weg berei.

<u>INHOUDSOPGAW</u>	<u>Bladsy</u>
<u>PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK</u> ..	1-4
<u>VERWYSINGS</u>	5
HOOFSTUK I	
<u>TERMINOLOGIESE ORIËNTERING MET BETREKING</u>	
<u>TOT JEUGLEIERSKAP</u>	6-25
1. INLEIDING	6
2. JEUGSPORT, 'N MASSA FENOMEEN	7-8
3. SPORT, 'N TEELAARDE VIR LEIERSKAPSWAARDES .	9
3.1 NOODSAAKLIKHEID VAN LEIERSKAP	9-10
3.2 LEIERSKAP	10-11
3.3 SPORT EN LEIERSKAP	12-14
3.4 SPORT, LEIERSKAP EN OPVOEDING	14-18
3.5 RUGBY EN LEIERSKAP	18-19
4. PERSPEKTIEF	20
5. VERWYSINGS	21-25
HOOFSTUK II	
<u>JEUGLEIERSKAP EN SPORTAFRIGTING</u>	
1. NOODSAAKLIKE KENNIS AANGAANDE DIE BASIESE BEGINSELS VAN LEIERSKAP	26-44
2. OPVOEDKUNDIGE WAARDE VAN SPORTAFRIGTING BINNE SKOOLVERBAND	30-37
3. DIE VERBAND TUSSEN SPORTDEELNAME EN LEIERSKAP	37-40
4. PERSPEKTIEF	40
5. VERWYSINGS	41-44
HOOFSTUK III	
<u>DIE JEUGLEIER EN SPORTAFRIGTING</u>	
1. DOELSTELLING	45-71
2. JEUGLEIDING EN AFRIGTING	45
2.1 OMSKRYWING VAN DIE TERM JEUGLEIDING ...	46
2.2 DIE AFRIGTER AS JEUGLEIER	46-47
2.2.1 DIE AFRIGTER EN DIE BEHOEFTE VAN DIE JEUG	47-49
2.2.2 DIE AFRIGTER EN SPORTPERSPEKTIEF	49-50
	50

<u>Inhoudsopgawe (vervolg)</u>	<u>Bladsy</u>
2.2.2.1 NEGATIEWE SPORTGESINDHEDE	50-53
2.2.2.2 SPORT EN POSITIEWE KARAKTERONTWIKKELING	53-55
2.2.3 DIE AFRIGTER EN ADOLESSENSIE	55-56
2.2.4 DIE AFRIGTER EN DIE IMPLIKASIE VAN SPORT OP JEUGWEERBAARHEID	56-61
3. AFRIGTING AS REMEDIËRINGSPROSES	61-64
4. CHRISTELIKE IMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN SPORT	64-65
5. PERSPEKTIEF	65-66
6. VERWYSINGS	67-71
 <u>HOOFSTUK IV</u>	
<u>DIE OPVOEDKUNDIGE ROL VAN DIE RUGBYAFRIGTER</u> ...	<u>72-109</u>
1. 'n KORREKTE AFRIGTINGSFILOSOFIE	72-73
1.1 HOOFMOMENTE VIR 'N KORREKTE AFRIGTINGS= FILOSOFIE	73
1.1.1 EIE PERSOONLIKHEID	73-74
1.1.2 EMOSIONELE VOLWASSENHEID	74-75
1.1.3 LEIERSKAP	75-76
1.1.4 KENNIS	76
1.1.5 GESAG	76-77
1.1.6 'N GELOOFSAAK	77-78
1.2 SODANIGE AFRIGTINGSFILOSOFIE GETOETS AAN DIDAKTIESE BEGINSELS	78
1.2.1 DIE BEGINSEL VAN DOELGERIGTHEID	78-80
1.2.2 DIE BEGINSEL VAN PLANMATIGHEID	80-81
1.2.3 DIE BEGINSEL VAN MOTIVERING	81-83
1.2.4 DIE BEGINSEL VAN GEHEELSIENING	84
1.2.5 DIE BEGINSEL VAN BELEWING	85-86
1.2.6 DIE BEGINSEL VAN LEERLINGSELFWERK= SAAMHEID	86-87
1.2.7 DIE BEGINSEL VAN BEMEESTERING	87-88
1.2.8 DIE BEGINSEL VAN INDIVIDUALISERING ..	88-89
1.2.9 DIE BEGINSEL VAN SOSIALISERING	90-91
1.2.10 DIE BEGINSEL VAN EVALUERING	91-92
1.2.11 WAARDERING	92-93

<u>Inhoudsopgawe (vervolg)</u>	<u>Bladsy</u>
2. ALGEMENE BEELD EN PROBLEME VAN AFRIGTING	93-94
2.1 GESAG	94-95
2.2 INDIVIDUALITEIT	96-97
2.3 ALGEMENE PROBLEME	97-99
3. DIE AFRIGTER TEN OPSIGTE VAN AKADEMIESE ASPEKTE	99-101
4. DIE AFRIGTER OP SKOOL SE PROFESSIONELE IDENTITEIT	101-102
5. PERSPEKTIEF	102-103
6. VERWYSINGS	104-109

HOOFSTUK V

<u>DIE SIENING VAN RUGBYSPELERS OP SKOOL OOR DIE ROL VAN DIE AFRIGTER (RUGBYLEIER)</u>	110 - 122
1. ALGEMENE OORSIG EN DOEL	110
2. METODE VAN ONDERSOEK	111
2.1 OPSTEL VAN VRAELYTE	111
2.2 TREK VAN STEEKPROEF	111-112.
2.3 VERWERKING VAN DATA	112-116
3. GEVOLGTREKKING	116-120
4. VERWYSINGS	121-122

HOOFSTUK VI

<u>DIE TOEPASSING VAN DIDAKTIESE BEGINSELS IN RUGBY DEUR DIE JEUGLEIER</u>	123 - 165
1. INLEIDING	123-124
2. DOELGERIGTHEID	124
2.1 DOELSTELLINGS VIR DIE SEISOEN	124-126
2.2 DOELWITTE	126
2.2.1 KENNIS VAN ^{DIE} SPELFASETTE (KOGNITIEF)	126-127
2.2.2 AANWESIGHEID VAN GESINDHEDE (AFFEKTIEF)	127-128
2.2.2.1 DIE CHRISTELIKE GESINDHEID	128
2.2.2.2 DIE SEDELIKE GESINDHEID	128
2.2.2.3 DIE REGVERDIGHEIDSGESINDHEID	129

<u>Inhoudsopgawe (vervolg)</u>	<u>Bladsy</u>
2.2.2.4 DIE ESTETIESE GESINDHEID	129
2.2.2.5 DIE EKONOMIESE GESINDHEID	129-130
2.2.2.6 DIE SOSIALE GESINDHEID	130
2.2.2.7 DIE MOEDERTAAL GESINDHEID	130
2.2.2.8 DIE KULTURELE GESINDHEID	131
2.2.2.9 DIE LOGIKA GESINDHEID	131
2.2.2.10 DIE PSIGIESE GESINDHEID	131-132
2.2.3 PSIGO-MOTORIESE ONTWIKKELING	132
2.3 PERSPEKTIEF	133
3. PLANMATIGHEID	133
3.1 LANGTERMYNBEPLANNING	133-135
3.2 KORTTERMYNBEPLANNING	135-136
4. MOTIVERING	136
4.1 INHERENTE MOTIVERINGSEIENSKAPPE BY DIE RUGBYLEIER	136-137
4.2 INTRINSIEKE MOTIVERING	138-141
4.3 EKSTRINSIEKE MOTIVERING	141-143
5. GEHEELSIENING	143-144
5.1 STRUKTURERING VAN ^{DIE} OEFENPROGRAM	144
5.2 GLOBALISERING	144-145
5.3 VAN DIE GEHEEL NA DIE DELE	145
5.4 VAN DIE DELE TERUG NA DIE GEHEEL	145-146
6. BELEWING	146
6.1 OPTREDES VAN RUGBYLEIER	146-147
6.2 UITSTAPPIES	147
6.3 VIDEO-BANDE EN FILMS	148
6.4 KOMPETISIE	148-149
7. LEERLINGSELFWERKSAAMHEID	149-151.
8. BEMEESTERING	151-153
9. INDIVIDUALISERING	153
9.1 DIFFERENSIASIE NA BUIITE	153-154
9.2 DIFFERENSIASIE NA BINNE	154-156
10. SOSIALISERING	156-158
11. EVALUERING	158-159

<u>Inhoudsopgawe (vervolg)</u>	<u>Bladsy</u>
12. PERSPEKTIEF	159-160
13. VERWYSINGS	161-165
HOOFSTUK <u>VII</u>	
<u>GEHEELPERSPEKTIEF EN AANBEVELINGS</u>	166-169
VERWYSINGS	170
BYLAE A	171-176
BIBLIOGRAFIE	177-188

PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

Vir baie jare al het sport 'n erkende plek ingeneem in die lewe van die Suid-Afrikaner, maar daar het egter 'n toenemende bewuswording dwarsoor die wêreld ontstaan aangaande sport en sportwaardes. Die klem op internasionale- en prestasiesport het onvermydelik 'n stempel op skoolsport afgedruk.¹ Dit het wel 'n verbetering in die gehalte van skoolsport meegebring, maar daarmee saam ook verskeie ontstellende probleme. Vergelyk in hierdie verband die neigings tot sportisolasië, rassekonflik en prestasiëmanie.²

Die sportafrigter as jeugleier op skool, het dan die besondere taak om die deelnemers op te voed tot sinvolle volwassenheid en tot liefde vir God en sy naaste. Tydens hierdie doelnastrewing duik daar egter telkens ernstige vrae op wat sy taak soveel groter en ingewikkelder maak. Wat is ware leierskap en hoe word dit ten opsigte van die jeug toegepas? Hoe kan 'n deelnemer se persoonlikheid en karakter positief beïnvloed word en hoe kan sport aangebied word om 'n gunstige en blywende waarde vir die jeug in te hou? Om die deelnemers dan nou weerbaar te maak teen die huidige politieke en ideologiese aanslae en om af te rig ooreenkomstig die opvoedkundige doelstellings, is dit nodig om die kwaliteite van die sportleier se wapenrusting van nader te bekyk.

Die jeug is gedurigdeur op soek na persoonlike status en erkenning. Die algemene tendens van massafisering in die huidige tydsgewrig, het tot gevolg dat slegs die beste sportmanne, selfs alreeds op skoolvlak, uitgesonder word en die res is aan hul eie lot oorgelaat. Daar ontstaan dan ook noodwendig 'n behoefte aan identifikasie

en juis rugby bied die geleentheid om dit positief te beïnvloed en te rig. Die opvoedkundige doelstellings mag egter nie uit die oog verloor word nie en vanuit hierdie basis oefen rugby 'n geweldige invloed op die jeug uit, want ook die geleentheid tot leierskapsontwikkeling in 'n sportsoort soos rugby, is menigvuldig. Hierin word die persoonlikheids- en karaktereienskappe van 'n deelnemer bevorder en hy kan sy leierskap bewys.

Die plek, taak en verantwoordelikheid van die sportafriester is uiters belangrik. Daarmee saam hang die feit dat die sportafriester ook 'n baie goeie leier moet wees, want benewens spelkennis, moet hy ook kennis dra van die betrokke sportsoort in al sy fasette, insluitende faktore soos die bybring van lewenswaardes, korrekte motivering en selfs organisering.³ Daarby moet hy in staat wees om enige potensiaal by die deelnemer op te merk en geleentheid te bied vir die ontwikkeling van sodanige potensialiteite, met die doel van 'n totale ontsluiting van die kind, voor oë. Die ideaal is dat die jong sportman se optrede tydens spel moet ooreenstem met sy daaglikse lewe. Dit moet getuig van selfkennis.

Jeugleiding behels beplande en doelgerigte koersaanduiding, met gesag, dissipline en diens aan die jeug op die voorgrond. Die rol van sport, gesien in hierdie lig, is 'n middel om gunstige karaktereienskappe te ontwikkel.⁴ Dit ontmoet die kind in sy verwarde jeugwêreld en tesame met die Jeugleier se bemoeienis, kan die onderskeie karaktereienskappe dan ontwikkel en selfs toeneem na die mate waarin die deelnemer onder goeie leiding aan sport deelneem. Aan die ander kant egter, ontstaan die

probleem van hoe om prestasie en lof te verwerk. Dus kan sport ook negatiewe invloede op die jeug uit= oefen, want die deelnemer kan so maklik 'n verwaande selfbeeld ontwikkel en die moontlikheid bestaan dat hy homself met 'n sportfiguur, wat inherent 'n swak per= soonlikheid is, identifiseer. Die kern van die saak is dat die Jeugleier se sportperspektief beslissend kan wees in terme van totale weerbaarheid.

Sport is 'n onweerlegbare onderdeel van die opvoedings= proses.⁵ Hierin moet die rugbyafrigter homself afvra hoedanig sy afrigtingsfilosofie aansluiting vind by opvoedkundige doelstellings. Faktore wat hier ter sprake kom is sy eie persoonlikheid, emosionele stabi= liteit, leierskap, kennis, gesag, asook in hoe 'n mate sy afrigtingsbemoeyenis vir hom 'n geloofsaak is. Om homself dan te oriënteer, moet die sportafrigter deeglik kennis dra van die inhoud en doelstellings van didak= tiese beginsels. Dit is egter wel so dat die rugbyaf= rigter, te midde van hierdie didaktiese doelnastrewing, te doen sal kry met bepaalde vrae en probleme. In die eerste plek beleef ons 'n samelewing wat geknel word deur 'n gesagskrisis en daarby is daar 'n toenemen= de bewuswording van individualiteit by die jeug. Vanuit die akademies-georiënteerde gemeenskap word die in= tellektuele vermoë van die afrigter self, asook die invloed of korrelasies tussen sport en akademiese aspekte sterk in twyfel getrek. Om hierdie probleme te oorbrug en in aansluiting by die onderwysstruktuur, is die afrigter, as Jeugleier, in 'n professionele hoedanigheid wat oor gespesialiseerde kennis moet beskik.

Omdat dit onmoontlik is om in alle behoeftes van die deelnemer in die sportsituasie te voorsien, is daar 'n steekproefopname geloods, deur middel van vraelyste, om die besondere verwagtinge van deelnemers, ten opsigte van hul rugbyafrigter, te toets. Die vraelys is dan veral daarop ingestel om die waarde van die rugbyafrigter te bepaal asook die invloed wat hierdie persoon op die jong spelers het. Die vrae het onder meer betrekking op die wen-motief, die beeld van die afrigter en die lewenswaardes wat rugbydeelname inhou.

Die doel van hierdie studie is nie om na gespesialiseerde metodes en tegnieke te verwys nie, maar na algemene didaktiese beginsels wat veral met die opvoedingsituasie verband hou. Daar moet egter gepoog word om dit in praktiese situasies te illustreer. Aan die hand van bogenoemde beginsels word opvoedkundige riglyne dan tydens aanbieding aangedui. Veral die betrokkenheid tussen afrigter en spelers kom hier ter sprake.

Opvoeding is in sy eenvoudigste sin buitengewoon moeilik en om sinvol daarin te slaag, is dit nodig dat die sportleier op skool sy taak sal beseft en aanvaar. Hierin moet hy die opvoedingsmiddele tot sy beskikking ken en die kind, as liggaamlike en geestelike eenheid, ken en liefhê.⁶ Dit alles moet hy met verantwoordelike leierskap en teen die agtergrond van 'n suiwer Christelike lewensooruiging beoefen.

VERWYSINGS - PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

1. Moore, C.A., Future Trends and Issues in Physical Education and Athletics, in Johper, vol. 51, no. 1, January 1980, p. 21.
2. Cf. Clegg, A. and Clegg, J., The Springbok dilemma: Why we picketed the Springboks, in New University, December 1969/February 1970, p. 10.
3. Cf. Gould, D. and Martens, R., Attitudes of Volunteer Coaches toward Significant Youth Sport Issues, in Research Quarterly, Vol. 50, no. 3, 1979, p. 379.
4. Edwards, H., The dominant American Sports Creed, in Sociology of Sport, 1973, p. 1.
5. Eitzen, D.S., Sport and social status in American Public Secondary Education, Revised version of a paper read at the eighth International Congress of Sociology, Toronto, Canada, August 19 - 24, 1974, p. 132.
6. Van Raalte, C., Sport en Opvoeding, p. 8.

HOOFSTUK 1

TERMINOLOGIESE ORIËNTERING MET BETREKKING TOT
JEUGLEIERSKAP

1. INLEIDING

Sport opsigself is 'n omvattende term. Dit bestaan uit 'n komplekse hoeveelheid aktiwiteite, waardes en roloriëntasies. Daar kan ook gepraat word van sport as 'n wêreld van kultuur of 'n instelling. Met laasgenoemde word bedoel dat sport 'n middel is om probleme uit te wys, asook om hierdie probleme effektief op te los en dan om die individu te kanaliseer ten opsigte van sekere doelstellings en waardesisteme.¹ 'n Analise van hierdie doelstellings wys vervolgens daarop dat menslike gedrag vir sosiale interaksie en leierskap wel deur sport beïnvloed kan word. Die rede hiervoor is dat sport 'n bestaanswyse is in die kognitiewe wêreld van meeste mense.

Die interpretasie betreffende sport as 'n komplekse geheel dui dan daarop dat die waardes en invloede van sport 'n rol speel in die lewe van die totale kind. "Sport - an education of the whole person in which the physical takes its proper place in the unfolding of the intellectual, social, emotional and aesthetic powers of the individual."²

Die groot aantal jeugdiges wat by sport betrokke is, beklemtoon ook die feit dat sport 'n magtige beïnvloedingsmiddel is.

2. JEUGSPORT, 'N MASSA FENOMEEN

Tesame met die geweldige bevolkingsontploffing van die afgelope dekades, het die bewustheid ten opsigte van sport toegeneem. Dit het in so 'n mate, veral op jeugvlak, geskied dat dit as 'n massa fenomeen ontstaan het. "This sport explosion is so vast that sport seems to have become a mass phenomenon ... sport density ... this emerging sporting phenomena which has at this moment mushroomed to perhaps its greatest proportion in history."³ Dié sportfenomeen het ontstaan as gevolg van die invloed en dominansie wat sportwaardes oor gemeenskappe en groepe uitoefen.⁴

In Suid-Afrika is daar geen kultuuraspek wat soveel betrokkenes, hetsy deelnemers, toeskouers of bloot belangstellendes met 'n magnetiese krag aantrek soos juis sport nie. "Sport en spel het dus eweseer plek in die omvattende kultuurbeoefening van die mens as taal, tradisie, studie en kunsskepping."⁵ Sport is voorts 'n belangrike element in 'n demokratiese gemeenskap. Dit dien as fokuspunt vir gemeenskaplike belange en entoesiasmes. Die deel in oorwinnings en nederlae, suksesse en mislukkings is alles faktore wat beter verhoudings bewerk tussen individue en groepe. "Sport and culture are very much interrelated. A study of a nation's physical education programs usually reveals something of its philosophy and its political and international policies. It also tells much about the modes of life, the thoughts and value systems of its people. The cultural heritage, ethnic background, and the customs..."⁶ "It excites many millions of spectators, attracts more and more competitors and kindles passions."⁷

Met bogenoemde in ag geneem, is daar egter een probleem binne die opvoedkundige sportstruktuur wat groot afmetinge kan afneem. Hierdie probleem is 'n proporsionele gebrek aan hoogsgekwalfiseerde onderwysers of afrigters om die steeds groeiende sportmassa effektief te hanteer. Dit kan dan ook een van die redes wees waarom sommige deelnemers later van die sportveld verdwyn.⁸

Effektiewe sosialisering moet noodwendig gepaard gaan met doeltreffende onderrig, afrigting en toesig. Die toenemende belangstelling onder die jeug ten opsigte van sport kan baie beteken vir 'n land indien die fundamentele bekwaamhede reg toegepas word. "It is a vital character builder. It moulds the youth of our country for their roles as custodians of the republic. It teaches them to be strong enough to know they are weak and brave enough to face themselves when they are afraid. It teaches them to be proud and unbending in honest defeat, but humble and gentle in victory... It gives them a predominance of courage over timidity, of appetite for adventure over love of ease. Fathers and mothers who would make their sons into men should have them participate in sport."⁹

Waar sport nou as 'n massa en kulturele fenomeen beskou word, moet egter in gedagte gehou word dat daar verskeie vorme en gevolge is betreffende sport se invloed op 'n sisteem van waardes en gedragsreëls van individue. Omdat juis die jeug so beïnvloed en betrek word by hierdie aktiwiteit, is dit noodsaaklik dat daar meer aandag geskenk moet word aan die bestudering van die implikasies wat sportaktiwiteite op die aard en natuur het van die deelnemer.

3. SPORT, 'N TEELAARDE VIR LEIERSKAPSWAARDES

3.1 NOODSAAKLIKHEID VAN LEIERSKAP

Die mees ontstellende verskynsel van die afgelope paar jaar is die geestelike verval van die Westerse jeug en in Suid-Afrika is dit besig om al sterker aan ons deure te klop. Die linksgesinde se opvoedingsterreur het alreeds groot sukses in Suid-Afrika behaal en dit neem in momentum steeds toe om die jeug geestelik lam te lê.¹⁰ Dit is tragies dat leiersfigure, oral in die wêreld, soveel toegee aan die enkeles se oproep na liberalistiese vryheid. Hiermee word 'n milieu geskep waaraan die gedissiplineerde ook later uit moedeloosheid moet toegee, omdat hy van die gesagsfigure geen steun kry nie. Die helde-verering van die anti-held is besig om 'n bespotting te maak van ons nasietrots en die ergste van alles - ons is besig om reg in die hand van ons vyand te speel.

Die Kommunis is besig om sy aanval met 'n geweldige intensiteit te loods. Die permissiwiteit van die huidige gemeenskap, asook die nuwe moraal wat sy pad oopveg deur middel van seksperversiteit, slordige drag en gedrag, ledigheid, skelmusiek, dwelmverslawing en agitasies teen bykans elke vorm van sensuur, kan gewyt word aan die subtiele Kommunistiese ondergrawing.¹¹

In direkte aansluiting hiermee kom Humanisme ter sprake - 'n kruisvaarder vir die stad van duisternis. Dit is 'n mag wat 'n aanslag teen die gees en gemoed van die gemeenskap loods. Die fenomenale afmetings hiervan kan daarin gesien word dat geestelike verval intree en toeneem na dié mate waarin die Christelike waardes ondermyn en vernietig word.¹²

Daar het reeds in Suid-Afrika 'n geslag van swakkellinge ontstaan en steeds word die weg na anargie verder ge= baan deurdat die vreemde strominge allerlei valse aanloklikhede aan die jeug voorhou. 'n Algehele disoriëntasie van die mens se morele waardes tree in en die resultaat is totale ontworteling.¹³

Die vyande van die land is besig met 'n sielkundige oorlog teen die jeug en dit is baie gevaarliker as enige ander fisiese gevare.¹⁴

Al hierdie dinge dui daarop dat daar 'n nuwe geslag van leiers gekweek moet word. "Positiewe, skeppende leierskap is vandag meer as ooit een van die groot be= hoefte van die wêreld. Ook van Suid-Afrika."¹⁵

3.2 LEIERSKAP

Omdat die veld van leierskap so wyd is, kan dit nie somaar deur een enkele definisie verklaar word, of die omvang en inhoud daarvan bepaal word nie. Dit is egter wel so dat 'n individu oor sekere vermoëns moet beskik, ervaring vanuit omgewingsinvloede hê en in hierdie gekompliseerde samelewing spesifieke opleiding ontvang.¹⁶

Dit is nie die hoeveelheid kwaliteite en deugde van 'n persoon wat van hom 'n leier maak nie, maar eerder die gehalte daarvan. "Wie ander wil lei, moet self die pad goed ken; hy moet weet waar die gevare skuil en wat die aard van die bedreiging is. Die ware leier

kies daarom nie op lukrake wyse koers nie, maar stel hom deeglik op hoogte van die situasie waarin hy moet lei en gebruik daarby die tendense van die verlede en hede as sy rigtingwysers vir die pad vorentoe."¹⁷

Leierskap is dus die toepassing van die aanwesige kwaliteite wat deur eie inspanning gelei het tot kennis, wysheid en ervaring. Hierin glo die leier in homself, in sy medemens en in sy God, en is hy terselfdertyd 'n dienaar.

Vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing beteken leierskap om die doel en taak helder te sien, te beoordeel, te beplan en dan daadkragtig doelgerig aan te pak.¹⁸ Persoonlikheid is sekerlik dié kwaliteit van die totaalgedrag van 'n individu, soos dit vertoon word in sy gewoontes van denke en uitdrukkings, sy houding en belangstellings, sy wyse van doen en in sy besondere lewensbeskouing.¹⁹

Leierskap wissel ook in verskillende style na aanleiding van die kwaliteite wat aanwesig is en in hoe 'n mate dit ontwikkel is. Daarom is dit noodsaaklik dat leierskappotensiaal, op alle gebiede, so gou as moontlik by die jeug geïdentifiseer word ten einde dit ten volle te ontwikkel, want ons staan tans op 'n bergspits waarvandaan ons afkyk na 'n periode van moeisame menslike ontwikkeling. Ons is ook nou in besit van dit waaroor die mens nog net gedroom het, waarvoor hy geveg en gesterwe het en dit waarvoor hy sy kinders opgevoed het. Dit is vir al hierdie kosbare dinge wat ons leiers nodig het, leiers wat uit die verlede dit kan neem wat goed is en die toekoms daarop bou.²⁰

3.3 SPORT EN LEIERSKAP

Sport maak 'n integrale deel uit van Jeugleierskap en wel in dié sin dat dit die komponente van leierskap uitlig en gronde bied vir gesonde karakterbouing. Een van die groot voordele is dat die vele sportsoorte vir feitlik elke tipe mens, wat ookal sy liggaamsbou, persoonlikheid en temperament is, voorsiening maak. Indien sport karakterbouing bevorder, beteken dit nie dat elke karaktertrek eweveel ontwikkel nie, maar dit versterk wel die eienskappe wat noodsaaklik is vir goeie ontwikkeling van die totale kind.²¹

Die belangrikheid van sport ten opsigte van leierskap en opvoeding word duidelik uitgelig deur die groot beplanning wat deur sport-organisasies en onderwysers gemaak word. Derhalwe word die ontstaan van nuwe en verbeterde kurrikula vir sport in al sy fasette met groot belangstelling bejeën. Bewyse van hierdie toenemende bewuswording in die bestudering van sport kan gevind word in die vele professionele literatuur, simposiums en byeenkomste.²² Juis daarom is dit so absoluut noodsaaklik dat die voornemende onderwyser, in sy opleidingsproses, deeglike kennis en praktiese onder= vinding moet opdoen betreffende die spel, vaardighede, as= ook sosiale en leierskapswaardes ten einde sy sportplig op skool effektief uit te voer.

Oorsese bevindings stipuleer ook dat individue wat gereeld sport beoefen, wel oor sekere, meer sosiaal wenslike persoonlikheidseienskappe beskik as ander persone wat nie by sportdeelname betrokke is nie. Voorts

wys hulle daarop dat sportdeelnemers nie hierdie wenslikhede soseer assimileer deur hulle betrokkenheid in die sportmilieu nie, maar eerder deur hul aktiwiteit daarin.²³

Waardes en houdings, wat gedragsvoorvereistes is, is mededelend slegs binne die grense van die sosiale struktuur.

Dit word dan nou duidelik dat sport besonder geskik is as 'n medium vir die mededeling of kommunikasie van en tussen hierdie gedragspredisposisies en dit juis omdat sportbetrokkenheid geskied binne 'n sosiale konteks wat derglik is aan die samelewing waaruit die deelnemer kom en dit gee aan sport die naam van 'n "mikro-samelewing"²⁴

Binne die sportstruktuur is daar elemente van samewerking en kompetisie vervat, waarin op hulle beurt weer mag en ondergeskiktheid betrokke is in 'n taakgeoriënteerde situasie wat gekondisioneer is deur grense, norme en strafmaatreëls.²⁵ Hieruit blyk dit dat deelname aan sport 'n definitiewe verband hou met 'n verskeidenheid persoonlike, sosiale en opvoedkundige faktore. Eerstens omdat ondersoek aan die lig gebring het dat daar 'n korrelasie is tussen 'n persoon se deelname of nie-deelname aan sport en sekere persoonlike hoedanighede (leierskapswaardes) soos persoonlikheid, houding, fisiek, vaardigheid en die mate van fiksheid.²⁶ Verder word een van die belangrikste eienskappe van leierskap, naamlik intelligensie en bekwaamheid, verbind met sportdeelname en wel in dié sin dat persone 'n wye reeks sosiale en leierskapsvaardighede op die sportveld

ten toon stel. "Nichols found a high correlation between attainment in games and mental ability."²⁷

In Suid-Afrika is die tendens van so 'n aard dat 'n totale weerbaarheid van allerbelang is. Sport as weerbaarheidsfaktor moet dus as 'n opvoedingsproses geskied om individuele en groepswaardes daar te stel waarin die deelnemer sy eie behoeftes ten opsigte van karakterbouing kan bevredig.²⁸ Om die individu nou aan sport te laat deelneem om doelbewus sy karakter en persoonlikheid te versterk, moet die afrigter (onderwyser) 'n proses aanwend om deur middel van sport ook op te voed tot die lewensbeskoulike en tot leierskap.

3.4 SPORT, LEIERSKAP EN OPVOEDING

Sport word somtyds as 'n heroïese konsep beskou en daarom is dit noodwendig gekoppel aan morele ideale soos moed, eerlike spel, uithou vermoë, grootmoedigheid in oorwinning, hartseer in nederlae, lojaliteit en spanwerk.²⁹ Na aanleiding hiervan kan Suid-Afrika na sport kyk as 'n bron van morele versterking, want tydens die bloeityd van ons nasionale sport, rugby, het daar 'n morele plig en sportmangedrag ontstaan in 'n reeks opheffende beelde en die idee van 'n kragtige Christendom. Dit is dan juis hier waar God, die ideale Sportmeester, Sy beeld verhelder:

"And when the last Great Scorer comes,
To write against your name;
He'll ask not if you lost or won,
But how you played the game."³⁰

Die opvoedkundige aspek kom hier egter baie sterk na vore, want sekere goeie waardes het alreeds begin kwyn en die idee van wen-ten-alle-koste het die plek begin inneem van spel as die primêre bron van sport. Daar was ook nog altyd 'n mengsel van menslike en vertwyfelende kwaliteite verbonde aan die sportbeeld. Daarom is vaardigheid, moed, durf en beheersing sekerlik positiewe waardes, maar statushonger, prestasie najag en pronkerige vertoon is weer die negatiewe kant van die reeks sogenaamde "manlike" waardes en dit word in die kontemporêre tydvak steeds met meer agterdog bejeën.³¹ Ook Botha noem dat die positiewe kwaliteite van sport uitgewis kan word deur die fanatieke prestasienajag en wen-ten-alle-koste mentaliteit.³²

Die gevolg is 'n degenerasie van die waardes wat sport aan die gemeenskap bied en 'n bewys daarvan is die desperate onsekerheid by sportbetrokkes. Vergelyk byvoorbeeld die Olimpiese Spele in München gedurende 1972. Hierdie Spele te München simboliseer dan direk 'n morele degenerasie van sport met sy verdowingsmiddelvrese, advertensiekoste en die laagtepunt van morele sensitiwiteit.³³

Kan daar dan nou, soos deur sommiges, aanvaar word dat sport heilig en onskedbaar is? Inteendeel, sport is baie kwesbaar vir negatiewe invloede en juis omdat dit so 'n magtige invloed op die gemeenskap uitoefen, moet die afrigter (onderwyser) sport se morele waarde herstel en altyd hoog hou. "Hierdie dwaalweë noodsaak 'n kritiese besinning en her-oriëntering ten aansien van die rangorde van pedagogiese doelstellings."³⁴

Die dinamika van hierdie verklaring, volgens Hemming, ontstaan uit die feit dat sport 'n terrein van identifikasie is vir baie mense en dit is juis deur middel van hierdie identifikasie waar waardes verwerf en versterk word.³⁵ Tydens sportbeoefening ervaar mense die genot van vaardigheid, die opwinding van die stryd, inspanning en vele ander verheffende emosies. Nou kom die werklikheid - indien die waardes van sport, soos ten toon gestel deur sportmanne, degenerereer, dan sal ook die beeld van sport degenerereer, want die gemeenskap ver wag immers 'n hoë graad van integriteit by sy sportsterre.³⁶ Sport word nie bevorder as daar slegs na sensasiewekkende prestasies gesoek word ten koste van tegniek, styl en skoonspel nie. Sportleiers ver suim ook hul plig indien hulle nie positiewe leiding ten opsigte van sportiewe gedrag gee nie.³⁷

Sport kan in opvoedkundige verband 'n kragtige invloed uitoefen op die jeug en daarom moet dit sodanig gebruik word om wenslike waardes en gesindhede aan te kweek. "Pogings moet doelbewus in die werk gestel word om sport as 'n positiewe opvoedkundige invloed aan te wend."³⁸

'n Groot gevaar egter is dat die verval van die morele kwaliteite van sport, die sosiale konvensies noodwendig sal laat swaai na 'n onpersoonlike, onbeskaafde pool van die waarde spektrum. Dit is dan waarom ons sport benodig as 'n sterk bron van steun vir beskaafde en beskawende waardes. Indien ons dan nie vroegtydig wakker skrik nie, sal presies die teenoorgestelde plaasvind, want kommersialisme en intense prestasie kompetisies is reeds dominant en dit verteenwoordig opsigself meedoënlose waardes wat 'n gevaar bring in 'n tyd waar

ons demokratiese wyses alreeds bedreig word.³⁹

Dit is hier waar die belangrike rol van die afrigter en onderwyser ter sprake kom, want die negatiewe kwaliteite beïnvloed veral ons jeug. Die motivering vir hierdie stelling is dat die jeug, en veral seuns, desperaat op soek is na persoonlike status en erkenning, en die verloorder word gedryf om oorwinning op ander plekke te soek. Soms is hierdie kompensasiesoeke gerig op allerlei wanpraktyke.⁴⁰ Elkeen het 'n behoefte aan identifikasie en daar bied sport die geleentheid om dit positief te beïnvloed indien die opvoedkundige doelstellings nie uit die oog verloor word nie.

Sommige navorsers en skrywers is van mening dat die verlies aan die dapper en grootmoedige gees in sport te wyte is aan onoordeelkundige afrigting op skoolvlak, asook faktore wat aanleiding gee dat die individu se eie prestasiebeeld belangriker is as sy lojaliteit teenoor die skool.⁴¹

Die antwoord hierop is dat hoe meer sport gedemoraliseerd raak deur die wen-ten-alle-koste gees, hoe minder het dit 'n greep of houvas op die gemoed en verbeelding van die jeug. Tot 'n groot mate sal sport sy rol as 'n belangrike skouspel vir algemene bewonderende waardes verloor en as dit eers gebeur het, sal degenerasie en later algehele verwerping volg.⁴² Indien die ideaal is dat sport betekenisvol moet bly in die mens se lewe, dan moet dit omvorm word sodat dit weer staan as iets van besondere waarde en betekenis.

Die opvoedkundige implikasies betreffende sport blyk dan uiters belangrik na aanleiding van bogenoemde, soos Coetzee dit stel, "Skoolsport is en moet gesien word as onlosmaaklik van die opvoeding van die kind."⁴³

Daarom is sport 'n uitstekende middel om die jeugdige deelnemer positief te lei. 'n Baie belangrike feit in hierdie verband, is die afrigter of sportleier se verantwoordelikheid ten opsigte van die gesindheidsvorming van die kampioen, want die name, prestasies en optredes van sportsterre hou vir die jeug 'n geweldige aantrekkingskrag in. "Indien hierdie persoonlikhede positiewe voorbeelde stel, kan dit vir die algemene jeug van magtige betekenis wees."⁴⁴

3.5 RUGBY EN LEIERSKAP

In Suid-Afrika het skolerugby te voorskyn gekom as 'n faktor waarmee daar deeglik rekening gehou moet word. Vergelyk in hierdie verband die wyse waarop skoolwedstryde in 'n toenemende mate op die voorprogramme van belangrike senior rugbywedstryde ingesluit word.⁴⁵ Selfs die groot getalle toeskouers by skoolwedstryde, Administrateursbeker-wedstryde en die Cravenweek dui op die gewildheid daarvan, asook die feit dat daar gereeld spesiale bylaes in dagblaaie verskyn oor skole-rugby.

Dit is dan baie belangrik dat opvoedkundiges hierdie tendens sal raaksien en sal beseef watter groot moontlikhede dit inhou vir die algemene ontwikkeling van die kind. Veral positiewe leierskapsontwikkeling kom hier

ter sprake, want van jongs af leer die rugbyspeler hoe om hom in te pas en aan te pas by spandoelstellings en hoedanig hy verwagtinge moet koester ten opsigte van sy spanmaats. Rugby in sy huidige vorm stel baie hoë vereistes aan die leier en dit geld nie alleen vir sy bedrewenheid in die spel, soos dit 'n aantal jare gelede die geval was, nie, maar ook in hoe 'n mate hy kennis en insig in die spel openbaar, asook die mate waartoe hy sy spanmaats kan beïnvloed om altyd hul beste te lewer.⁴⁶

Die waarde van rugbydeelname ten opsigte van leierskap lê daarin dat, benewens die feit dat dit liggaamlike ontwikkeling bevorder, soos fiksheid en spier=koördinasie, dit ook 'n groot bydrae lewer in terme van persoonlikheids- en karakterontwikkeling.⁴⁷ Hierin kom faktore soos selfvertroue, positiewe selfkonsep, selfstandigheid en 'n gebalanseerde wenperspektief ter sprake, met deursettingsvermoë, wilskrag en aanpasbaarheid op die voorgrond. Verder lei rugbydeelname ook tot ontwikkeling van selfdissipline en die verwerwing van goeie deugde van sportmanskap, waarin sosiale aanpassing en vriendskappe bevorder word. Die kern van die saak is dat rugby geleenthede skep waarin leerlinge leierskap kan gedy en waarin die leier sy leierskap kan bewys.⁴⁸

Om vandag 'n goeie rugbyleier te wees is 'n kuns:
 "If you can keep your head when all about you are losing theirs and blaming it on you and if you can meet with Triumph and Disaster and treat those two imposters just the same."⁴⁹

4. PERSPEKTIEF

Die belangrikheid van sport in sy totaliteitsverband bring dan mee dat daar gewaak moet word teen die misbruik daarvan. Veel eerder moet dit bydra tot gesonde karakterbouing, want ook die vyande van Suid-Afrika besef die magtige invloed van sport op die jeug. Vergelyk die georganiseerde pogings van die afgelope jare om Suid-Afrika op sportgebied te isoleer. Sport en spel het ook volwaardige neerslag in die Suid-Afrikaner se vroeë geskiedenis gevind. Vandag nog word dit in ons volkskultuur erken en gerespekteer.⁵⁰

In die volgende hoofstuk word die leierskap- en af-rigtingsaspekte van naderby beskou. Die doel hiervan is om die nodigheid van gespesialiseerde opleiding uit te lig asook die opvoedkundige waarde wat sodanige professionele afrigters kan meebring.

5. VERWYSINGS - HOOFSTUK 1

1. Edwards, H., Sport as a Social Institution, in Sociology of Sport, Homewood, Illinois, The Dersey Press 1973, p. 18.
2. Miller, D.M. and Russell, K.R.E., Sport: A contemporary view, p. 165.
3. Krotee, M.L., Sport: A multidimensional Path for the Social Development of Youth, Paper presented before the World Congress of Sociology, Uppsala, Sweden, August 19, 1978, p. 1.
4. Meyer, H., Puritanism and Physical Training: Ideological and Political Accents in the Christian Interpretation of Sport, International Review of Sport Sociology, VI, vol. 8, 1973, p.48.
5. Redaksioneel., Sport as kultuur, in Handhaaf, Mei 1979, p. 5.
6. Frost, R.B., Psychological Concepts applied to Physical Education and Coaching, pp. 157-158.
7. Krawczyk, B., Social Values of a Sporting Career, Academy of Physical Education, Warsaw: Paper presented at Munich, 1972, p. 1.
8. Krotee, M.L., op.cit., p. 10.
9. Edwards, H., op.cit., p. 20.

10. Cf. Roos, S.G., Geestelike Weerbaarheid teen Ideologiese Terrorisme, p. 108.
11. Cf. Ibid., pp. 86-87.
12. Cf. Ibid., p. 2.
13. Cf. Hanekom, M., Weerbaarheid en die Toekoms, in Die Skoolblad, Junie 1973, p. 14.
14. Roos, S.G., op.cit., p. 83.
15. Pieterse, J.E., Identifisering van Leiding, in Handhaaf, Januarie 1978, p. 18.
16. Strydom, A.H., Jeugleiding en die opleiding van jeug(dige) leiers as Opvoedkundige probleem, in Die Skoolblad, Mei 1971, p. 11.
17. Van Loggerenberg, N.T., Leiers van die leiers van môre, in Die Skoolblad, Mei 1971, p. 1.
18. Strydom, A.H., op.cit., p. 13.
19. Smit, W.A., Mens en sy persoonlikheid, p. 94.
20. Cf. Viljoen, D.J., Penwortels van leierskap-Wysheid, in Handhaaf, Julie 1971, p. 13.
21. Start, K.B., Sport and Education, Aspects of Sport and Physical Education, Symposium held at S.S.P.E. Jordanhill College of Education, Spring 1966, p. 39.

22. Sheehan, T.J. and Alsop, W.L., Educational Sport, in Johper, May 1972, p. 41.
23. Ibid.
24. Ibid., p. 42.
25. Ibid.
26. Hendry, L.B., "Extracurricular activities and leisure: A clash of values?", in Quest, 13-63-73, 1970, p. 58.
27. Ibid.
28. Holbrook, L., Human values in Sports Education and their relationship to Social Ends, M.-verhandeling, p. 26.
29. Hemming, J., The morality of sport, in New Society, 14 December 1972, p. 628.
30. Ibid.
31. Ibid.
32. Botha, J.L., Jeugweerbaarheid as doelstelling van die Liggaamlike Opvoeding, in Onderwysblad, Julie 1974, p. 12.
33. Hemming, J., op.cit., p. 628.
34. Botha, J.L., op.cit., p. 12.

35. Hemming, J., op.cit., p. 628.
36. Ibid.
37. Goosen, C.P., Die Sportman as leier en ambassadeur? Toesprake. - Bloemfontein, 1976.
38. Ibid.
39. Hemming, J., op.cit., p. 629.
40. Ibid.
41. Ibid.
42. Ibid., p. 630.
43. Coetzee, N.A.J., Skoolsport as opvoedingsmoontlikheid, in Sportbulletin, Januarie 1981, p. 51.
44. Botha, J.L., Sport as opvoedingsmedium, Referaat: Kongres, Natalse Onderwysunie, Durban, 3 Junie 1977, p. 11.
45. Leijenaar, C., Skolerugby - 'n jong reus, in Sportbulletin, Januarie 1981, p. 63.
46. Cf. Cawood, J. en Swartz, J.F.A., As jy gekies word. 'n Handleiding vir jong leiers, p. 140.
47. Cf. Ibid., p. 141.
48. Ibid.

49. Kipling, R., If, soos aangehaal deur McEwan, H.E.K., Sportonderrig in skole, 'n handleiding vir onderwysers en studente, p. 101.
50. Redaksioneel., op.cit., p. 5.

HOOFSTUK II

JEUGLEIERSKAP EN SPORTAFRIGTING

1. NOODSAAKLIKE KENNIS AANGAANDE DIE BASIESE
BEGINSELS VAN LEIERSKAP

Dit is inderdaad so dat sportafrigters in die huidige konteks met 'n nuwe geslag van jong mense te doen het. Die toenemende bewuswording ten opsigte van outoriteit, individualiteit, kommunikasie, politiek en rasse-aanleentehede het veroorsaak dat die jeug geneig is om, in hierdie geval, te rebelleer teen die tradisionele manier van afrigting. "They are less willing to accept discipline, less willing to accept the establishment and less willing to accept the status quo."¹

Afrigters is dan ook van mening dat hierdie probleem ontstaan het omdat die jeug nie meer gesag en dissipline respekteer soos in die verlede nie, maar die kern setel daarin dat baie min afrigters werklik bekend is met die basiese beginsels van leierskap.²

Daar is verskeie redes waarom leierskap so belangrik is in die afrigtingsituasie. Omdat die wen-idee 'n integrale deel is van kompetisiesport, moet die mees effektiewe afrigtingstegnieke aangewend word om hierdie doel te bereik, maaar met die voorwaarde dat dié tegnieke en nastrewing pedagogies wenslik is. Sport kan met die regte leiding 'n magtige beïnvloedingsmiddel wees en ook optimale geleentheid bied vir die uitruiling van oriëntasies. Hiermee word bedoel dat 'n deelnemer

sekere waardes tydens die sportsituasie kan aanleer wat hy dan ook in sy alledaagse lewe kan toepas, byvoorbeeld demokrasie, verantwoordelikheid en gesagsaanvaarding.³

Die noodsaaklikheid van leierskap word duidelik uitgelig deur die volgende: "What youngsters learn through sport depends in great measure on how artfully and how skillfully the coach utilizes sport for the optimum development of each individual youngster - mentally, physically and psychologically."⁴

Die vraag kan nou gevra word: wat behels leierskap ten opsigte van sportafrigting? Ter toeligting kan genoem word dat 'n leier 'n persoon is wat in staat is om probleme op te som en dan op te los. So ook die feit dat leiers oor sekere eienskappe beskik wat hulle in staat stel om 'n groep te lei.⁵ Die feit is egter dat leierskap relatief is ten opsigte van die betrokke situasie, want 'n persoon kan suksesvol lei in een situasie en heeltemal misluk in 'n ander. Derhalwe is daar baie faktore wat in aanmerking geneem moet word by die keuse van 'n leierskapstyl tydens sportafrigting.

Navorsing het getoon dat die mees suksesvolle leiers baie opmerkzaam is vir veranderde gedrag van sy groep en buigbaar is om hierdie gedrag te aanvaar om sodoende hul nuwe behoeftes te bevredig.⁶ Bogenoemde is baie belangrik, want dit gebeur so dikwels dat afrigters op skool glo aan te strenge dissipline, dreiginge en die handhawing van 'n onpersoonlike verhouding met deelnemers en spelers. Selfs die feit dat afrigters dikwels gedryf word deur hul eie soeke na mag, kan die rede wees vir die wydaanvaarde outoritêre leierskapstyl.

In hierdie geval dien die afrigter slegs sy eie behoeftes sonder om by te dra tot die groep se eie handhawing en voortbewegingsvermoë.⁷

Die mees algemene leierskapstyle is outoritêre leierskap, demokratiese leierskap en Laissez-faire leierskap. Die outoritêre leierskapstyl word meesal gekenmerk deur 'n groot mate van beheer oor die groep asook die feit dat hierdie betrokke leier daarna streef om sy mag te behou deur kennis af te dwing en alleenreg te besit tydens besluitneming.⁸ Hierdie leier "employ authoritarian discipline, teach unquestioning obedience to authority and require conformity to an imposed code that gives no consideration whatever to the individual as a human being."⁹ Daar is egter wel sekere outoritêre tegnieke wat met vrug aangewend kan word, maar ook hier hang dit af van die situasie.

Die demokratiese leierskapstyl is feitlik die teenoorgestelde van die outoritêre styl. Krech, Crutchfield en Ballachey definieer dit as volg: "The democratic leader seeks to evoke maximum involvement and the participation of every member in the group activities and in the determination of objectives. He seeks to spread responsibility rather than to concentrate it. He seeks to encourage and reinforce interpersonal contacts and relations throughout the group structure so as to strengthen it. He seeks to reduce intragroup tension and conflict. He seeks to avoid hierarchial group structure in which special privilege and status differentials predominate."¹⁰ Omdat leierskap bepaal word deur sekere situasies, moet die afrigter dan 'n leierskapstyl uitkies dienooreenkomstig die betrokke situasie,

maar dit beteken egter nie dat daar nooit van dié styl gewyk mag word nie.

Die Laissez-faire leierskapstyl - laat Gods water oor Gods akker loop - is geensins doeltreffend of bevredigend nie en die resultate is gewoonlik swak. Pieterse noem ook in hierdie verband dat enige lid van die groep beslissings en besluite neem - indien daar wel so iets geneem word.¹¹

Daar het reeds nuwe neiginge ontstaan betreffende leierskap en leierskapstyle, veral op sportgebied en dit kan soos volg opgesom word: "A new view of leadership is emerging which stresses the performance of needed functions and adaptability to changing situations."¹² Gesien in hierdie lig, sal dit uiters waardevol wees indien die afrigter sy eie leierskapstyl en tegniek sal ondersoek en toets aan die buigbaarheid daarvan.

Die werklike gevaar in hierdie verband, is dat sommige afrigters 'n leierskapstyl kies wat soms totaal pedagogies ongegrond is, solank hulle net die doel (wengedagte) kan bereik. Volgens verskeie navorsers dien sport die doel om opvoedkundige waardes te skep, maar eweneens is gevind dat outoritêre leierskap min geleentheid bied tot kreatiwiteit, individualiteit en groepsgebondenheid.¹³ Daarom is die keuse van 'n leierskapstyl en die kennis aangaande leierskap van groot belang tydens die afrigtingsituasie. Eers dan sal die sportafrigter voldoende kan slaag om die nuwe geslag te hanteer volgens hul nuwe eise en gedurig veranderde gedrag.

'n Goeie beeld van 'n treffende leier is: "In addition, the leader should provide both guidance and help to subordinates by clarifying realistic expectations and reducing barriers to the accomplishment of valued goals. Implied then, is the idea that players are motivated by a coach's leader style or behavior to the extent that it influences expectancies (goal paths) and valences (goal attractiveness)." ¹⁴

2. OPVOEDKUNDIGE WAARDE VAN SPORTAFRIGTING BINNE SKOOLVERBAND

Sport is nie maar net 'n bloot menslike ervaring nie. Dit moet veel eerder gesien word as 'n kragtige tweesnydende swaard wat in staat is om twee teenoorgestelde rigtings te sny. Die rigting wat ingeslaan word hang dan grootliks af van wie die swaard hanteer, want sport, aan die een kant, kan 'n baie sterk positiewe mag wees tydens die ontwikkeling van gedragspatrone en houdings van die jeug wat op 'n konstruktiewe wyse geskied, maar aan die ander kant kan sport 'n ewe sterk vernietigende mag wees. ¹⁵

Gesien in die lig van bogenoemde is dit uiters noodsaaklik dat ons jeug wel die regte rigting inslaan. Hier kan, deur middel van sport en sportafrigting, 'n goeie weg gebaan word in ons skole. "In the hands of a coach dedicated to fostering the full development of youngsters with whom he works, school athletics provide abundant opportunities for youngsters to practice and thus to learn the skills of successful social behavior." ¹⁶

Reeds jare lank al het navorsers uiteenlopende menings gehuldig aangaande die verband tussen sport op skool en persoonlikheidsontplooiing. "Children's sport has been found by some to be a fertile milieu for the development of sound social and personal adjustment, good self-concept, and other generally appropriate personality characteristics... For others, children's sport competition was found to foster unfortunate aggressive tendencies in participants."¹⁷ Weer eens is die twee rigtings waarheen sport kan koers inslaan baie duidelik en hier in Suid-Afrika is die taak van die skool sportafrigters geweldig belangrik om die rigting na die positiewe te stuur.

Magill en Ash het vanuit hul ondersoek tot die gevolgtrekking gekom dat sport op skool veelvuldige geleenthede bied vir sosiale evaluasie en dat die afrigter die sentrale plek inneem tydens hierdie proses.¹⁸ Gesien in die lig dat sport op skool deur die meerderheid van leerlinge beoefen word, is dit duidelik dat volwasse leierskap van die afrigter se kant van kardinale belang is.

Die vraag kan nou gevra word : Wat is die eerste prioriteit vir die afrigter op skool tydens sy afrigtingsproses? 'n Paneel van professionele afrigters het die vraag bevredigend geantwoord: "... that their first priority was the participant's well-being and that coaches provide good leadership."¹⁹

Voorts het hierdie paneel ook gewaarsku teen die oorbelemtoning van die wengedagte en dit geklassifiseer

onder "negative facets of sports programs", "negative consequences for participants" en weer eens die belangrikheid van fisiese, sosiale en psigologiese ontwikkeling herhaal - die gelykmatige ontplooiing van die totale kind.²⁰ Eie ervaring het geleer dat die wen-ten-alle-koste idee die oorsaak van swak sportman-gees is.

Sport is deel van die lewenspatroon van die mens en daarom dan dat sport hom in 'n groot mate tot opvoedkundige vorming leen.²¹ Ook Sheehan en Alsop noem in hierdie verband: "it would be possible to analyze the potential of sport as a medium for selected cognitive, affective, and psychomotor learnings."²²

Die kennis aangaande die reëls, grense en take van sportdeelname, sowel as die interverwantskap tussen sport en die samelewing, dien as potensieële kognitiewe ervarings wat voortgebring kan word deur sportaktiwiteit. Juis om hierdie rede voer navorsers aan dat sport in skole aangewend moet word vir sosialisering=doeleindes en 'n medium vir die aanleer van sosiale waardes.²³

'n Verdere baie belangrike feit is die jong seun of meisie se benutting van die sportsituasie en daarvoor is professionele toesig en leiding nodig. Korrekte afrigting op skool sal noodwendig aanleiding gee tot 'n goeie gesindheid en waardes soos eerlikheid, regverdigheid en selfdisipline sal ontplooi.²⁴

Na aanleiding van Plato se sieninge, reeds eeue gelede, is fisieke oefening 'n direkte opvoeding van die gees, juis omdat die fisiek nou verwant is met die denke. Voorts word die menslike kragte in 'n positiewe sin ontkoppel deur sport en dit voed die mens op tot hoër lewensvervulling.²⁵

Dus, soos verskeie navorsers dit beklemtoon, dien sport om verskeie hoogstaande kwaliteite by die deelnemer te ontwikkel, maar dit is van geen waarde as 'n sportman se gedrag van die sportveld af verskil met die van sy optrede tydens spel nie. Die opvoedkundige waarde van sport berus dan heeltemal op die oordraging van hierdie kwaliteite. Botha stel dit dat die regte "klimaat" vir oordrag geskep moet word en dit sal grotendeels afhang van die afrigter, sy persoonlikheid as leier, sy gesindheid en sy ingestelde toewyding.²⁶ Dit is presies hier waar die doel en waarde van sport geheel en al kan misluk indien die afrigter nie die materiaal waarmee hy werk, benader met intelligensie, begrip en liefde nie.

Dit is 'n bekende feit dat die jeug tydens hul hoërskool= dae baie vatbaar en oorreedbaar is vir invloede van buite: "It is here that what is taught in athletics has its most important effects on attitudes, behaviour-patterns and self-images."²⁷

Indien die opvoedkundige waarde van sport tydens hierdie jeugjare misken word, sal die teenoorgestelde negatiewe eienskappe na vore kom met 'n "prima-donna" gesindheid, oormatige sin vir eie waarde en verwaandheid. Dus is die geweldige verantwoordelikheid wat op die skouers van die sportleier rus, voor die handliggend.²⁸

Dit is wel so dat die jeug in die kontemporêre tydvak meer geneig is om selfgesentreerd te lewe en juis dit hou 'n groot uitdaging in vir die sportleier op skool. "The educational value of sport, especially its presumed propensity to inculcate moral qualities inherent in the expressions, 'sportmanship' and 'fairplay', is far too often taken for granted. Unless the leaders in sport consciously direct their efforts towards the inculcation of ethical attitudes, sport will not achieve the results we expect from it..."²⁹

Veral dan in die moderne tyd, en vorm, van sport is dit nodig om daarop te let dat sport steeds beheer word deur sy eie reëls. "... it is direct and spontaneous, but its not infallible. It can be misused like other forces upholding human culture, such as poetry, music or drama."³⁰ Daarom, wat ookal die vlak van deelname of prestasie is, bly die inherente waardes van sportaktiwiteit steeds potensialiteite en moet die sportafrigter sy sport sodanig aanbied dat die jong seun of meisie sal besef hoe belangrik hierdie kwaliteite is wat sport aan hulle bied.

Gesien vanuit 'n opvoedkundige oogpunt is dit die plig van alle individue om fisies fiks te wees en fiks te bly. "... we know that mental health depends, in a large measure, on sound physical health. Fit individuals make for the well-being of the whole community."³¹

Die werklike doel dan van sport moet wees om alle potensialiteite by die mens ten volle te ontwikkel - dit wil sê, dat sport moet bydra tot die totale ontsluiting van

die menslike aktstruktuur. Hierby word bedoel dat die jong seun of meisie, deur middel van hul sportdeelname, geestelike verryking moet verkry in verskillende rigtings, hetsy ekonomies, eties, juridies of pisties. Daarom dat die sportafrigter se eie lewens-en wêreldbeskouing, sy waardepatroon en sy kennis van leierskap, van kardinale belang is. "All sport should develop skill, but it is very important that such skills should not result in a lop-sided development."³²

Verdere ondersoek in hierdie verband lui dat, indien sportdeelname en sportafrigting positief en korrek geskied, dit 'n definitiewe opvoedkundige stempel dra. "It awakens a feeling of strength and of the ability to use one's limbs full, i.e., a feeling of satisfaction. It enables us to make a good estimate of our own achievement, and it kindles the striving for higher achievement. It makes a man cheerful and active, it promotes willpower and regular, steady and purposeful action... Briefly, it stimulates a considerable area of vital functions in the young man or woman."³³ Die blote feit dat sport genot en toewyding by die mens te weegbring, veroorsaak dat daar 'n gedurige gereedheid of weerbaarheid by die mens aanwesig is en juis in hierdie verband sal hy dan noodwendig sy intelligensie meer intensief aanwend. Aansluitend hierby gebeur dit dat die jeug, as gevolg van sy sportbeoefening, sekere gevolgtrekkings maak na aanleiding van sy liggaamlike prestasie en langs hierdie weg oefen hy 'n sekere soort intelligensie in wat Diem beskryf as praktiese intelligensie (kennis). Daarom praat Diem ook van "Sport is pre-ignition of youthful spirit."³⁴ Gesien in hierdie lig word daar weer eens verwys na Plato waar hy sê dat liggaamlike aktiwiteit nou verwant is aan die denke.

Seker een van dié belangrikste fasette van menswees is selfkennis en hierin speel die afrigter 'n geweldige groot rol en wel in die sin dat hy móét weet hoe om aan die jong seun of meisie se denke positiewe rigting te gee. Hier kom ter sprake die feit dat beide van hulle na 'n gemeenskaplike doel streef, naamlik selfobservasie of evaluasie en selfkennis. 'n Pragtige en ware voorbeeld hiervan is die inskripsie bo-aan die pilare van die Apollo Tempel. Diem som dit soos volg op: "Know yourself" en "Become who you are". Dit sien hy dan so: "... it is a demand to look into one's own individuality, to try to get a clear notion of one's self, but it is also a demand to recognise the general nature of man and what it ought to be like. If I know my powers, my inclinations, my will and my shortcomings and weaknesses and am willing to accept the task of living the life of man, if I'm also willing to meet the duties resulting from my being human, then all this means - Become who you are!"³⁵

Wanneer die jong sportman of sportvrou deelneem aan sport, dan aanvaar hy of sy as't ware 'n taak en juis hierin neem hulle deel aan die heilige proses waarin hulle werklik man of vrou word. Die mens vind dan sy selfkennis en geluk deurdat hy volmaaktheid nastreef op die gebiede wat uit genade aan hom geskenk is.³⁶ Op hierdie punt kom die moraliteit van sport ter sprake, dit wil sê in hoe 'n mate sport daarin slaag om die mens na die hoogste lewensvervulling te lei. "Much of our ethical and religious instructions could be brought into fruition if we saw the link between sport and morality."³⁷

Sport ontwikkel voorts die vaardigheid om te konsentreer, want juis in sport word die verslapping van konsentrasie baie duidelik gevoel. "Training of the capacity to concentrate, a capacity which can be practised, is especially necessary for today's accelerated youth with their aimlessness, fatal apathy, fast fatigue, weak memory, nervous irretability, superficiality and rigidity of thought."³⁸

Sport bevry en "vervolmaak" die menslike kragte wat die mens opvoed na die hoogste lewensvervulling en sportleiers in ons skole moet goeie kennis aangaande leierskap besit, asook baie ernstig besin oor die blywende waardes van sport, want in werklikheid is prestasie van relatiewe betekenis en verdwyn gou in die niet. Die ontsluiting van die jong kind as volwaardige sportman en mens, asook die positiewe gesindheid wat sport by hom kan tuisbring, is van blywende betekenis. "Dit is die allesoorheersende verantwoordelikheid van elke sportleier om toe te sien dat deelname aan sport nooit ten koste van intellektuele en opvoedkundige vorming mag geskied nie. Slegs wanneer sport positief bydra tot hierdie omvattende vorming en geestelike verryking, kan dit as opvoedingsmedium erken word."³⁹

3. DIE VERBAND TUSSEN SPORTDEELNAME EN LEIERSKAP

Navorsers het alreeds vir jare 'n twisstryd gevoer met betrekking tot sport se invloed op diemens, en veral op die jeug. Die meer moderne studies en navorsing het egter getoon dat korrekte sportbeoefening wel positiewe waardes bydra en geleentheid skep vir goeie sosiale gedrag.

"These findings suggest that participation in interscholastic sports contributes to conformity with standards of behavior and achievement defined by authorities of school and community as important."⁴⁰

Verskeie redes, wat spruit uit hierdie ondersoek, word aangevoer vir die beklemtoning van die positiewe verband tussen sportdeelname en leierskap. "Research has shown that high school athletes are likely to be members of the academically oriented 'leading crowds'."⁴¹ Omdat sportmanne en -vroue dan aan hierdie "leading crowd" behoort en soms nog uitstaande persoonlikhede is in ander buitemuurse bedrywighede, word daar gewoonlik aan hulle spesiale akademiese aandag, aanmoediging en ook voordele geskenk.

'n Verdere verklaring staaf die feit dat die spesiale erkenning en aansien wat die sportdeelnemer geniet, bydra tot die ontwikkeling van 'n wenslike lewensbeskouing. Sodanige lewensbeskouing is uiters noodsaaklik in enige vorm van leierskap en daarom: "... research has documented the positive relationship between self-concept and academic and occupational aspirations and achievement."⁴²

Een van die belangrikste fasette van leierskap, of te wel van suksesvolle leierskap, is dat die potensiaal wat by die mens aanwesig is so vroeg as moontlik opgemerk moet word. Jones en Bailey het in hierdie verband 'n baie belangrike ondersoek gedoen en tot die gevolgtrekking gekom dat jong seuns en meisies wat van jongs af sport beoefen, gewoonlik die leidende party in verskeie

aktiwiteite neem. "Early maturing boys become student leaders in high school and were unusually large and superior in strength and skill"⁴³ Dit is dan hier waar professionele sportafrigters 'n belangrike rol speel, want as hulle 'n goeie basis van leierskaps- en lewenskwaliteite aan die jong kind verskaf, sal dit bydra tot 'n gelukkige en suksesvolle en gebalanseerde volwasse lewe.

'n Verdere ondersoek het aan die lig gebring dat sportdeelnemers "... more outgoing, dominant, social aggressive and leading" is.⁴⁴ Patridge sluit hierby aan nadat hy leierskapsfaktore in ses verskillende "Boy Scout" groepe getoets het en tot die gevolgtrekking gekom het dat die uitstaande leiers hul groepmaats oorheers het in intelligensie, fisiek en sportvaardigheid.⁴⁵

Powers het op sy beurt gevind dat meisies met sportondervinding beter sosiale en persoonlike aanpassings kan maak en dat hulle oor beter leierskapskwaliteite beskik. Hierby was hulle ook meer aktief in verskeie klubs en organisasies en ook emosioneel meer stabiel.⁴⁶

Verdere ondersoeke in hierdie verband lui soos volg:
Seymour: "The boys with highly competitive experience had higher social acceptance and proved to be superior in leadership..."⁴⁷

Skubic: "... also found that teachers rated athletes significantly better in academic work, physical education skills, and in adjustment."⁴⁸

Stogdill: "... found height, weight, energy and health, and particularly athletic prowess, to be associated with leadership."⁴⁹ Alhoewel hier van sport in die algemeen gepraat word, kan rugby 'n baie belangrike bydrae in die totale ontwikkeling van die kind speel.

Omdat rugby so 'n belangrike sportsoort in ons skole is, kan dit deur die jeugleier gebruik word om jong seuns volgens erkende didaktiese beginsels af te rig en op te voed en in die proses sekere lewenswaardes by potensiële leiers te kweek.⁵⁰

PERSPEKTIEF

Die opvoedkundige waarde en leierskapspotensialiteite word ten sterkste beklemtoon, maar die gevoel is dat spesialisasie in sportsoorte op skool, selfs op volwasse vlak, so ver moontlik vermy moet word. Die rede hiervoor is dat spesialisasie in sport geneig is om 'n tonnelvisie te veroorsaak en omdat die kompetisie so geweldig groot is, moet daar net op vaardighede, tegnieke en fynere kunsies gekonsentreer word. Die gevolg is dan dat waardevolle leierseienskappe agterweë gelaat word. Hierby moet egter genoem word dat kompetisie en die wenidee wel noodsaaklik is in sport, want juis dit bied opwinding, genot en motivering, maar solank dit nie die allesoorheersende faktor word nie.

Vanuit bogenoemde word daar dus afgelei dat die plek, taak en verantwoordelikheid van alle afrigters, en dus ook die rugbyafrigter, uiters belangrik is. In die volgende hoofstuk sal na die besondere rol van die sportafrigter as Jeugleier gekyk word. Hierdie is 'n opvoedkundige rol en die rugbyafrigter moet altyd strewende om hieraan te voldoen.

5. VERWYSINGS HOOFSTUK II

1. Hansen, J., Coaching in an Era of Increasing Individual Awareness, Unpublished memorandum, State University of New York at Buffalo, (s.a.) p. 98.
2. Hart, D.P., Leadership and Athletics, Revised version of a paper presented at the 87th National Convention of the American Association for Health, Physical Education and Recreation, Houston, Texas, March 27, 1972, p. 1.
3. Ibid.
4. Alley, L.E., Athletics in Education: The double-edged sword, in Phi Delta Kappan, October 1974, p. 103.
5. Hart, D.P., op.cit., p. 2.
6. Ibid., p. 3.
7. Ibid., p. 4.
8. Ibid.
9. Alley, L.E., op.cit., p. 103.
10. Hart, D.P., op.cit., p. 4.
11. Pieterse, J.E., Die jongmens en leiers, in Handhaaf, November 1970, p. 8.

12. Hart, D.P., op.cit., p. 6.
13. Ibid., p. 7.
14. Strache, C.V., Player's perceptions of Leadership qualities for coaches, in Research Quarterly, vol. 50, no. 4, December 1979, p. 680.
15. Alley, L.E., op.cit., p. 104.
16. Ibid.
17. Magill, R.A. and Ash, M.J., Academic, Psycho-Social and Motor Characteristics of Participants and Non-Participants in Children's sport, in Research Quarterly, vol. 50, 1979, p. 231.
18. Ibid.
19. Gould, D. and Martens, R., Attitudes of Volunteer coaches toward significant Youth Sport Issues, in Research Quarterly, vol. 50, 1979, p. 377.
20. Ibid., p. 374.
21. Botha, J.L., Sport as opvoedingsmedium, Referaat: Kongres, Natalse Onderwysunie, 3 Junie 1977, Durban, p. 6.
22. Sheehan, T.J. and Alsop, W.L., Educational Sport in Johper, May 1972, p. 41.
23. Ibid., p. 42.
24. Botha, J.L., op.cit., p. 8.

25. Ibid.
26. Ibid.
27. Alley, L.E., op.cit., p. 102.
28. Botha, J.L., op.cit., p. 10.
29. Ibid.
30. Diem, C., The Position of Sport in Modern Society and its Educational Value, in Vigor, March 1960, vol. 13, no. 2, p. 7.
31. MacMillan, R.G., The Educational Aspects of Sport, in Vigor, March 1960, vol. 13, no. 2, p. 52.
32. Ibid.
33. Diem, C., op.cit., p. 7.
34. Ibid.
35. Ibid., p. 8.
36. Ibid.
37. MacMillan, R.G., op.cit., p. 53.
38. Diem, C., op.cit., p. 8.
39. Botha, J.L., op.cit., p. 16.

40. Snyder, E.E., Aspects of Social and Political Values of High School Coaches, International Review of Sport Sociology, vol. 8, 1973, p. 73.
41. Snyder, E.E., Athletic Team Involvement, Educational plans and The Coach-Player Relationship, Adolescence, vol. X, no. 38, Libra Publishers, New York, 1975, p. 191.
42. Ibid.
43. Hale, C.J., Athletic competition for young children, Conference on Sport and Social Deviancy, December 11, 1971, State University of New York, College at Brockport, New York, p. 4.
44. Ibid.
45. Ibid., p. 5.
46. Ibid.
47. Ibid., p. 6.
48. Ibid.
49. Ibid.
50. Cf. Vide infra., hoofstuk 4, pp. 72-109 en hoofstuk 6, pp. 123-165.

HOOFSTUK III

DIE JEUGLEIER EN SPORTAFRIGTING

1. DOELSTELLING

Die sportafrigter op skool is onmisbaar en sy taak is om sinvolle opvoedkundige sportleiding te verskaf aan die jeug. Sodanige sportleiding impliseer dat die af-rigter, as deskundige, aktief meelewe in die bedrywig-hede van die jeug waarmee hy werk. Dit is egter juis hier waar die geestelike ryphed van die afrigter so 'n belangrike rol speel, want benewens die feit dat hy hom moet toespits op spelverbetering, met tegniek, taktiek en strategie op die voorgrond, moet hy verder ook in staat wees om ewewigtige leiding te gee sodat die jong kind homself op ander lewensterreine ook kan verantwoord.

Die hoop op 'n goeie toekoms rus op die basis van opvoeding en die doel is om die mens voor te berei tot volwassenheid, as individu, en ook as lid van die ge-meenskapslewe.¹ Hierdie opvoedkundige strewe bring mee dat die afrigter deeglik bewus moet wees van die groot verantwoordelikheid wat hy dra teenoor die mense met wie hy werk en teenoor die mense wie hul kinders aan hom toevertrou. Dus is goeie leierskap in sport die sleutel tot sukses, want daardeur kan sport in die regte perspektief geplaas word.

Alhoewel dit hier om sportafrigting in die breë verband gaan, sluit dit sonder twyfel rugby in, want die rugby-afrigter-opvoeder sal deurgaans sekere algemene opvoed-kundige beginsels as vertrekpunt neem.

2. JEUGLEIDING EN AFRIGTING

2.1 OMSKRYWING VAN DIE TERM JEUGLEIDING

In die lig van voorafgaande hoofstukke kan genoem word dat leierskap 'n groepsverskynsel is waarin sommige persone na die aard, styl en vermoëns as leiers na vore tree om sodoende 'n bepaalde groep in 'n spesifieke situasie te help om 'n voorgestelde doel te probeer bereik.²

Betreffende Jeugleiding gaan dit meer in die besonder oor die aangeleentheid van leierskap by en leiding aan die jong seun en dogter, vir wie dit grotendeels in die groep rondom volwassewording gaan.³ Nie alleen is dit 'n buitengewone leeftyd, vanweë die feit dat dit die "begin" van volwassenheid is, nie, maar ook 'n baie belangrike leeftydse fase wat gekoppel word aan soeke, vrae en vrese. "Dit is by uitnemendheid dié periode waarin die mens ontredder raak vanweë die verlies van vanselfsprekendheid van waarde en waarheid. In hierdie betekenis is dit dan ook 'n krisisfase."⁴

Een van die grootste behoeftes by die mens, en veral by die jeug, is die probleem van identifikasie, want in die leier en sy dissipline voel die jeug homself seker en geborge, maar waar dit egter ontbreek, aanskou ons dikwels 'n mislukking.⁵

Jeugleiding behels eerstens 'n voorafbeplande, doelgerigte koersinslaning, want die jeugdige is gedurig op soek na uitsluitel oor wat sinvol is en wat gedoen kan word om sy lewe werklik betekenisvol te maak.

Hierdie uitsluitel soek en beproef hy dan langs verskillende weë, soms noodlottig. Ten tweede behels Jeugleiding gesag, ordelikheid en dissipline. Selfs in sy ongebondenheid kan die jeug nie aan die menslike lot ontsnap nie en vryheid is nooit vryheid sonder bevinding nie.⁶ Ten derde behels Jeugleiding diens aan die jeug, die gemeenskap en die volk, maar dit wel vanuit 'n Godsopenbaring. Dit is immers nie enige persoon wat begrip en liefde kan toon vir hierdie soeke van die jeug nie en dit is nie enige persoon wat daadwerklik kan optree waar dit nodig is nie. Met laasgenoemde word bedoel dat die jeug ook soms intens gemotiveer moet word tot die besef wie hy is, wat hy is en waarheen hy moet gaan. "... dat die krisis van jeugleiers opgelos sal word as ons elkeen die hoogste sin kan terugvind in sy daaglikse, getroue pligsvervulling binne die raamwerk van 'n bepaalde kultuur, maar boweal van 'n geloofsbelydennis wat nie slegs lippediens is nie."⁷

2.2 DIE AFRIGTER AS JEUGLEIER

Te midde van die huidige samelewing het die sportafrigter, as jeugleier, te doen met vele probleemsettings waarin goeie leiding van kardinale belang is. Nie alleen het daar 'n massafisering en nivellering van persoonlike verantwoordelikebesef by die jeug ingetree nie, maar ook 'n toenemende verflouing in die belangstelling van gesonde span- en spelsport. In teenstelling hiermee is daar weer die probleem van kommersialisme en oordrewe prestasiesport. Die kern van die saak is dat die veranderende kultuurtendense meebring dat die twee uiterste pole in sport verhaal word. Aan die een kant 'n ooraktiewe pool met fanatieke

prestasienajaging en aan die anderkant 'n passiewe pool waar die jeug meer en meer betrokke raak by gemeganiseerde ontspanning soos televisie, televisie-spele en bioskoop.⁸

Reeds vroeg in die lewe van die jong kind kom die aktiwiteitsdrang na vore en daaruit vloei beweeglikheid wat uiteindelik oorgaan tot spel. Selfs op hierdie stadium is spel al vormgewend en dien as ekspressiefaktor, waarmee die jong kind hom tot sy omgewing aanpas.⁹ Geleidelik ontwikkel hierdie spelstadium tot gekoördineerde sport en sodra die seun of dogter dan die opvoedingsfeer, in die sin van formele onderwys, binne tree, is hy of sy afhanklik van goeie en verantwoordelike sportleiding. Dit is uiters noodsaaklik dat die sportafrigter op skool deurentyd hierdie spel- of sportdrang, somtyds nog sluimerend, by die kind sal aanwakker en dit van meet af in die regte rigting stuur.

Die moderne samelewing het vele beperkinge op die jeug van die kontemporêre tydvak geplaas. 'n Gebrek aan ruimte en tyd het hulle van hul natuurlike spelenergie beroof en so ook hul impuls en bewegingsfantasie afgerem tot enge verbeeldingloosheid.¹⁰ Vandaar die probleem van aanpassingsprobleme. Laasgenoemde het egter ook al 'n te gerieflike verskoning geword om misstappe van kinders te verdoesel.

Sport en ook die sportafrigter is egter die een middel wat nog in die huidige situasie 'n greep op die jeug het, want sport ontmoet as't ware die jong kind in die verwarde jeugwêreld.¹¹ Laasgenoemde kan egter nie alleen staan nie.

Die Achilles-hiel by die jongmens op skool is sy beïnvloedings- en oorreringsvatbaarheid en verskeie vreemde ideologie-profete het alreeds hul kloue op daardie plek ingeslaan. Die rol van die sportafrigter kom hier dus sterk na vore. "Dit lê op die jeugleier se weg om die jeug te lei tot korrekte keuses wat nie tot 'n krisis in sy lewe lei nie."¹²

Dit word algemeen aanvaar dat die sportafrigter 'n spesialis op sy gebied moet wees, maar benewens hierdie feit moet hy hom ook intens beywer om die jeug op 'n veelsydige wyse te laat ontwikkel.

2.2.1 DIE AFRIGTER EN DIE BEHOEFTE VAN DIE JEUG

Om suksesvol te voorsien in alle behoeftes van die jeug is haas 'n onbegonne taak, maar nietemin is daar baie faktore wat die afrigter kan gebruik en aanwend vir sy strewe na die volmaakte jeugleier. Derhalwe sal sy agtergrond en opleiding 'n deurslaggewende rol speel ten opsigte van die metodes waarmee die afrigter sy deelnemers sal motiveer en lei.

Gesien in die lig van bogenoemde, is dit noodsaaklik om eerstens 'n beroep op die jeug se behoeftes te doen en wel in die sin van 'n moeilike taak of opdrag wat hulle moet aanpak. In die stryd om dit te volvoer, moet die beroep ook op hulle gedoen word om slegs hul bes te lewer.¹³ Vanuit hierdie basis is dit dan moontlik vir die afrigter om die deelnemer sover te bring dat hy of sy in 'n latere leeftyd met waardering kan terugkyk na hul sportprestasies, hoe gering ook al, en trots daarin

kan vind dat hulle werklik hul bes gelewer het. Sport is gewoonlik die eerste terrein waarin die jong kind sy natuurlike gawes en aanlegte ontdek en vandaar kan hy dit, onder deeglike leiding, uitbrei, asook laat aansluiting vind by terreine soos kultuur, akademie, ensovoorts. "... one can hardly deny that sport indeed has some impact on 'higher' culture, as may be shown by symbolic elements from sport to be found in script and language."¹⁴

2.2.2 DIE AFRIGTER EN SPORTPERSPEKTIEF

Sedert die moderne samelewing soveel klem op prestasie begin plaas het, veral ten opsigte van die inskakeling van die jeug by die beroepsektor, het die wenmotief 'n baie sterker inslag by sport op skool gekry. Wanneer prestasie egter in perspektief beskou word, is dit wel so dat die wenmotief ook 'n positiewe bydrae kan lewer tydens 'n persoon se sportbeoefening. Van die belangrikste fasette in sportafrigting is juis dat die afrigter daarop ingestel sal wees om 'n gesindheid van harde werk by die deelnemers tuis te bring en al sou sodanige gesindheid nie noodwendig lei tot oorwinning nie, bly dit 'n deug in eie reg. "As in all modern countries, hard work stands next to Godliness and respect for Motherhood as a quality of the Good Person."¹⁵

2.2.2.1 NEGATIEWE SPORTGESINDHEDE

Dwarsoor die wêreld word hoogste lof en aandag geskenk aan top-sportmanne en vroue. So ook op skool en 'n leerling se sportprestasies opsigself is geen diskwalifikasie vir gesonde karakterbouing nie. Inteendeel,

dit open vir hom deure en berei sy weg voor vir ontwikkelings op verskillende terreine, onder meer leierskap, emosionele selfbeheer en stabiliteit. "Participation in athletics, it is asserted, will aid the individual in gaining control of his or her aggressive habits, in developing poise under pressure, in using leisure time more efficiently, and in building character."¹⁶

Aan die ander kant egter, kan sport vir die leerling ook verkeerde deure oopmaak. Die lof en aandag wat so 'n persoon ontvang, kan maklik daartoe bydra dat hy negatiewe eienskappe openbaar soos meerderwaardigheid, baasspelerigheid en ook emosionele onstabiliteit, wat weer voortvloei uit oormatige spanning. Omdat hy die beste is, wil hy dit ten alle koste ook dan bly en gevolglik is hy besonder vatbaar vir negatiewe eienskappe soos jaloesie, aggressiwiteit en naywer.¹⁷

'n Verdere bedreiging wat oormatige sportbeoefening vir die jeug inhou, is die feit dat hulle weens hul sportverplichtinge vele normale sosiale aktiwiteite misloop. As daar na die oefenprogram van 'n suksesvolle sportman en -vrou gekyk word, is dit noodwendig so dat hulle baie min tyd het vir tuiswerk, gesels en bloot net kind wees.¹⁸ Dit veroorsaak dat die leerling dikwels eensydig, slegs onder leiding van sy afrigter, ontwikkel. Gevolglik gebeur dit ook dan dikwels dat die leerling sy sportbedrywighede as kompensasie gebruik op ander gebiede.

Die wen-ten-alle-koste neiging is deur die mens self daar gestel. As 'n internasionale, provinsiale of selfs



'n skoolspan verloor, is dit 'n persoonlike trage= die en 'n ramp. Gevoelens loop hoog en weerwraak word word beplan. Die gevolg is, die span móet net een= voudig wen.

So word die lyn dan ook deurgetrek na die skool en die afrigter drill sy span tot breekpunt. Die dryf- en motiveringsmetodes bereik ook soms absurde en onheilige hoogtes. Die wanpraktyke wat hieruit vloei is ondenkbaar, want hoewel die skool die beker wen, verloor die span alles wat menswaardig is.¹⁹

Die geweldige invloed wat die top-léerling in sport op sy mede-skoliere het, kan ook 'n nadelige uitwerking hê, want sodanige persoon is gewoonlik die toonbeeld van 'n man en van dit wat goed en reg is. Dus, die kern van die saak is dat die jeug altyd hulself identifiseer met een of ander sportheld en sodanige held kan soms 'n simbool van satan wees. "But the young are as much as ever in need of hero figures and will respond to the heroic wherever they recognise its presence."²⁰

Ten opsigte van die beroepslewe kan negatiewe sportge= sindhede ook verreikende gevolge hê en wel in die sin van verkeerde beroepskeuses wat gemaak word, bloot net vir sport onthalwe. Voortvloeiend is ook die feit dat sport deurgaans bo enige werk gestel word met pligsver= suim wat selfs kan strek tot by die gesinslewe. Wanneer 'n persoon se sportperspektief alreeds sover afgedwaal het, bly daar vir hom niks meer oor as net eensaamheid, verbittering en spyt nie, dan sal hy ook besef dis te laat en sportprestasie is nie altyd 'n waarborg tot sukses nie.²¹

Ten slotte, negatiewe sportbeoefening en godsdiens. Die implikasie van sodanige stelling is geweldig omdat elke begaafde sportman slegs deur die genade van Christus is wat hy is. So dikwels gebeur dit dat 'n sportman om krag en vaardigheid bid, maar in die roes van sy glorie weier hy om aan God eer te bring. Solank die prestasie en oorwinnings ook aanhou, bly die persoon gelowig, maar as hy 'n paar nederlae begin ervaar, dan begin sy geloof ook wankel.²²

'n Verkeerde sportbenadering deur die jeug kan dus tot gevolg hê dat 'n leerling se skolastiese, morele, se-delike, sosiale en selfs tot sy beroepslewe 'n mislukking is. Kan ons dit bekostig dat ons jong sportmanne en -vroue hulself vernietig?

2.2.2.2 SPORT EN POSITIEWE KARAKTERONTWIKKELING

Die veld waarin sport 'n heilsame uitwerking op die mens uitoefen, is betreklik wyd en daarom word aansprake vanuit verskillende gesigshoeke gemaak ten einde die waarde van sport te bepaal. Die volle implikasie sal egter nie maklik puntsgewys afgebaken kan word nie. "A much broader understanding of the values of sports and physical activities is needed to determine the wisdom of a lifetime of sports participation."²³ Wat egter van belang is, is dat sport wel 'n bydrae lewer tot positiewe karakterontwikkeling. Verskeie navorsers is dit eens dat sportmanne gewoonlik uitstaande figure is op ander gebiede en daarby ook 'n groot behoefte het om hard te werk en om te presteer.²⁴ "Provides athletically gifted with a means of further skill development;

personal relationships; brings out the spirit, pride, enthusiasm of people; physical fitness of participants; and such values as fair play, ethics, leadership, ability to win and lose graciously."²⁵

Jeugsport in Suid-Afrika is 'n fenomeen. Dit is ook 'n instrument wat die mens kan gebruik om sekere doelstelling, wat vir hom van waarde is, te bereik. Dus is sport 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel opsigself nie.²⁶ Omdat die mens dan ook vry is om self te besluit hoedanig hy hierdie instrument wil gebruik, plaas dit 'n groot taak op die skouers van die Jeugleier wat sy mense behoudend wil maak.

In die eerste plek skeep sport 'n omgewing en atmosfeer waarin die individu maksimale gesondheid kan geniet.²⁷ Sodanige gesondheid is dan alreeds hier 'n goeie basis van weerbaarheid omdat dit die liggaam in staat stel om spanning en uitputting op fisiese en geestelike terrein tot 'n mate te weerstaan. Binne hierdie konteks is dit vir die individu moontlik om die veelvuldige geleenthede wat sport hom bied, aan te wend tot voordeel van homself, sy land en sy God. "To encourage the development of qualities valuable to both the individual and society, such as selfdiscipline, courage, perseverance and loyalty."²⁸

Dit is juis omdat sport so nou verwant is aan die menslike liggaam en sy funksies dat dit in diens staan van gunstige karakterontwikkeling en persoonlikheidsontplooiing. "... Sport het feitlik vir elke mens 'n onbreekbare band met die inhoud van die daaglikse lewe, met hoop en vrees, met vreugde en teleurstelling, met

egoïstiese en altruïstiese motiewe, met ideaal en realiteit."²⁹ Vele aansprake wys daarop dat sport verskeie agtingswaardige kwaliteite by die toegewyde deelnemer laat ontwikkel soos selfbeheer, kameraadskap, spangees, deursettingsvermoë en ook konsentrasievermoë. Die oortuiging van die feit dat sport al hierdie gewenste eienskappe ontwikkel, berus hoofsaaklik op die opvatting dat die individu, tydens sy sportbeoefening, gekonfronteer word met situasies wat sodanige eise stel.³⁰

Statistieke toon aan dat verskeie karaktertrekke ontwikkel en selfs toeneem na die mate waarin 'n persoon onder goeie leiding aan sport deelneem.³¹ Die rol wat leierskap speel ten tye van sportdeelname word telkens bevestig en hoewel sport in hierdie verband die klem op karakterontwikkeling laat val, moet die sportleier deur sy eie voorbeeld die regte atmosfeer skep waarin hierdie kwaliteite aan die deelnemer oorgedra kan word. Die moontlikheid vir sodanige oordrag is baie sterk, maar die besinning daarvoor moet te alle tye realisties wees.³²

2.2.3 DIE AFRIGTER EN ADOLESSENSIE

Leerlinge met wie die afrigter te doen het wissel gewoonlik na die graad van fisiese en psigologiese gevorderdheid. Juis daarom sal dit dwaas wees om spelers met mekaar te vergelyk. Veel eerder moet die maatstaf daar gestel word waarin die individu binne sy eie potensiaal en vaardigheidskriterium kan meeding. "An effective coach should appeal to a child's needs for self-improvement."³³ Die feit dat 'n deelnemer van jongs af gelei word om nie ander se prestasies altyd te probeer naboots

nie, hou die voordeel in dat hy die waarde van realisme in sport sal besef en eerder probeer om homself te verryk en sy standaard te verhoog.

Tesame met bogenoemde kom dit ter sprake dat die afrigter sal poog om die gaping tussen jeugsportstrewes en latere leeftydstoetse, waaraan die individu in die volwasse lewe onderwerp sal word, te oorbrug. "Achieving excellence as a youth in sport, is a laudable endeavor, but the coach should at the same time point out how hard work, application, adherence to sound principles, and self-discipline may contribute to the youth's later success in life, success which generally requires qualities other than a sound heart and strong muscles."³⁴

2.2.4 DIE AFRIGTER EN DIE IMPLIKASIE VAN SPORT OP JEUGWEERBAARHEID

As daar na die oorsprong en betekenis van die woord "weerbaar" gekyk word, blyk dit dat dit neerkom op omsluit, behoed, beskerm, teenstand, weerstand, verdedig, verskans, bewaar, ensovoorts. "Jeugweerbaarheid as menslike kwaliteit dui op die jeugdige se vermoë om "sy gegewe weerbaarheidsmoontlikhede optimaal en sinvol te verwerklik." "Optimaal verwys na die kwaliteit van selfverwerking en sinvol verwys na die voltrekking in die lig van waardes en die norme wat gehuldig en geïmplimenteer word."³⁵

Jeugweerbaarheid is 'n aangeleentheid waar verskeie instansies by betrek is, maar dit lê in 'n groot mate in die veld van sportafrigting. Weerbaarmaking by die

jeug en opvoeding is sinoniem.³⁶ Vergelyk ook in dié verband: "Nadruk word op buiteskoolse aktiwiteite geleë, want buite die skool word die kind in die geleentheid gestel om vrywilliglik aan daardie bedrywighede, waarin hy kan presteer, deel te neem. Deur sy eie inspanning, deur verkeer in die groep en in groepwedywering word die persoonlikheid en karakter van die kind sterk en goed ontwikkel."³⁷ Sekere waardes en kwaliteite word aan die jeug voorgehou met die oog daarop dat hulle dit sal toe-eien. Gedurende die proses waarin die jeug fisies en geestelik (totaal) weerbaar word, ontwikkel keuseweerbaarheid. Sodanige weerbaarheid plaas 'n groot verantwoordelikheid op die jeug in die sin dat hulle keuses moet maak, wat dan noodwendig 'n ligwerp op die kwaliteit van hul eie toerusting.³⁸ Veral op die gebied wat keuseweerbaarheid voorafgaan, is die rol van die sportleier op die voorgrond. Dit beteken dat die jeug doelbewus gelei sal word na keuseweerbaarheid wat gehoorsaamheid aan nasionale waardes impliseer en veranker is in 'n Christelike geloofsoortuiging.

Tydens sy bemoeienis met sy deelnemers, sal die sportafrigter noodwendig die liggaam as vertrekpunt gebruik by die implimentering van sy weerbaarheidsprogram. Hierin beklemtoon hy dat die liggaam 'n tempel is van God en dat dit vir ons 'n opgelegde plig is om ons liggame kragtig, gesond en sterk te hou. Dit sal noodwendig die gees ook gunstig beïnvloed.

"... For physical fitness is not only one of the most important keys to a healthy body; its the basis of dynamic and creative intellectual activity."³⁹

Die belangrikheid van liggaamlike welsyn vind verder ook betekenis daarin dat dit die liggaam onderwerp aan tug, met uithouvermoë, deursettingsvermoë en konsentrasie op die voorgrond.

Te oordeel na die toestand waarin die Westerse wêreld vandag leef, is dit ook die sportleier se taak om sy deelnemers weerbaar te maak ten opsigte van hul lewens- en wêreldbeskouing. Omdat die sportklimaat geweldige eise aan die toegewyde deelnemer stel, is dit 'n kosbare terrein waarin die sportleier hierdie doel kan verwesenlik en hy moet te alle tye die meeste daaruit haal.

"... the high school athlete often must avoid getting into trouble with school authorities and the police, smoking, drinking, using drugs, using bad language, dressing sloppily or unconventionally, wearing too long hair, staying out too late, associating with the wrong kinds of people, and sometimes even dating a girl of another race."⁴⁰ Bogenoemde aanhaling som die moontlikhede van sport en weerbaarheid treffend op en daardeur kan die deelnemer gebring word tot 'n vlak waar sy lewens- en wêreldbeskouing absoluut is in die Christelike waardes en norme.

In aansluiting met die lewens- en wêreldbeskouing kom ook sosiale verhoudings en interaksie ter sprake. Die bydrae van sport tot die sosiale ontsluiting van die jeug word dikwels onderskat, maar dit is 'n erkende feit dat die mens van nature onder andere 'n sosiale wese is en dat ervaring geleer het dat die mens van nature blootgestel is aan sportaktiwiteit, met die doel om te speel, te ontspan en te kompeteer.⁴¹ Verskeie navorsers het ook sport as 'n sosiale ontwerp gesien om jong mense

te rig en te vorm ten opsigte van gewenste houdings, waardes en norme.⁴²

Omdat sport 'n gebied is waar baie mense kontak met mekaar maak, kan die deelnemer ook geleer word om hom aan te pas by verskillende mense in verskillende omstandighede. 'n Werklike opgevoede mens moet in staat wees om in vrede en harmonie met sy medemens saam te leef en daarom is dit so nodig dat die sportleier goeie sosiale en menseverhoudings by sy deelnemers sal inskerp.⁴³ Hier is veral goeie gronde om die waarde van ware vriendskap en die gevare van ongewenste vriendskapsverhoudings te beklemtoon asook die gesindheid van sportmanskap.

Op kulturele gebied speel sport en die sportleier ook 'n baie belangrike rol in die Jeugweerbaarheidsprogram, want sport self is 'n kultuur in die Suid-Afrikaanse lewe. Die jong seun of meisie betree hierdie sportkultuur en ervaar aanvanklik dinge wat vir hom vreemd is, maar namate hy begin deel word van die bestaande sportstelsel, begin hy homself aanpas ten opsigte van eienskappe wat eie is aan daardie betrokke kultuur.⁴⁴ Wat hier beklemtoon wil word, is die feit dat die sportleier die sportkultuurmilieu moet verryk met positiewe waardes en kwaliteite sodat dit 'n inherente deel uitmaak van 'n leerling se sportbeoefening. Op hierdie wyse sal die jeug die nut van doeltreffende vryetydsbesteding besef en ook kenmerke soos gesag en lojaliteit hul eie maak.

Wat interessant is ten opsigte van sport en kultuur, is die geweldige invloed wat die sportleier se voorbeeld uitoefen op die deelnemers. Op die sportveld en veral

op ander terreine is die manier hoe hy optree soms deurslaggewend en dit kan wissel vanaf sy kleredrag en musieksmaak tot by sy bywoning van volksfeeste en waar hy op aandag staan as die skoollied of Die Stem gesing word. "... dat de sport behalve mooie woorden vooral daden op prijs stelt."⁴⁵

'n Baie belangrike aangeleentheid in Jeugweerbaarheid en sport, is die bevordering van 'n gesonde self-konsep Sport is 'n uitstekende maatstaf waaraan die leerling sy eie vermoëns en beperkinge kan meet, asook 'n uitstekende evaluasiemiddel wat die leerling daarop kan wys in hoe 'n mate hy daarin slaag om sy vermoëns te verbeter en sy beperkinge te oorbrug. "Sport may spotlight in its comedies and tragedies one's vanities, one's insecurities, and even one's deep-seated frustrations."⁴⁶

Deur middel van sportdeelname kan die sportleier die leerling dan positief lei om 'n trotse, maar ook realistiese selfbeeld op te bou. 'n Mens moet immers vir jouself respek hê voor jy kan verwag dat ander vir jou respek moet hê." Deur die leerlinge voorts daarop te wys dat elke mens uniek en eiesoortig is, dat elkeen een of ander talent ontvang het, dat elke mens 'n taak op aarde het en dat elkeen realisties in sy ideale moet wees, kan die nodige selfrespek by hulle opgebou word en kan 'n gesonde selfbegrip makliker tot wasdom ontwikkel."⁴⁷

'n Uiteraars belangrike aspek van sport ten opsigte van Jeugweerbaarheid is die feit dat daar gedurigdeur 'n element van leierskapskwaliteit teenwoordig is.⁴⁸

Die jong sportman of -vrou op skool word gereeld hieraan blootgestel en in teenstelling met 'n volwasse persoon, wat hierdie kwaliteit geredelik objektief kan evalueer, is dit in die geval van die jeug heeltemal anders. Laasgenoemde word maklik positief of negatief beïnvloed, afhangende van die aard van leierskap wat hom aangebied word. Dus is dit by uitstek in die hande van die sportleier om leierskapspotensiaal by die deelnemers op te merk en dit positief te laat ontwikkel. Die mate waartoe hy hierin slaag, hang grootliks af van sy eie leierskapstoerusting en geestesingesteldheid.

Betreffende sport en godsdienstige ontwikkeling is dit die groot taak van die sportleier om aan sport 'n Christelike karakter te gee. Hierin kom Christelike gesindhede soos dankbaarheid vir 'n gesonde liggaam, reinheid van die liggaam, eerlikheid en algemene gedrag ter sprake.

Die taak van die sportleier lê daarin dat hy, deur middel van sy sportbemoëienis met die leerlinge, doelgerigte en doelbewuste pogings sal aanwend om hulle op fisieke, emosionele, godsdienstige, sosiale, etiese, estetiese, intellektuele, ekonomiese en juridiese gebied weerbaar te maak.⁴⁹

3. AFRIGTING AS REMEDIËRINGSPROSES

Die verskyningsvorm van sport is baie kompleks van aard en dit vind inslag op vele terreine. As sodanig behels dit vermaak, prestigeverhoging, kompensasie vir maatskaplike defekte, verkwikking van vermoeide senuwees, liggaamsontwikkeling en karaktervorming.⁵⁰ Die

aktiwiteit van liggaam en gees vind uiting in nagenoeg alle vorme van spel en sport, waar die kanalisering en oefening van die bewegingsdrang, asook die neiging tot 'n skeppings- en vernietigingsdrang 'n rol speel. Om hierdie rede blyk dit dan dat sport 'n baie sinvolle opvoedingsmedium is, maar dit is belangrik om daarop te let dat dit nie slegs van toepassing is op gesonde en normale kinders nie, maar ook op die met een of ander fisiese of geestelike gebrek. "... de waarden van de sport voor de recoualescentie van zieken, de revalidatie van gebrekkigen en de resocialisatie van onevenwichtige en asociale kinderen en volwassenen."⁵¹

Om fisiese of geestelike aspekte in hierdie verband afsonderlik te benader sou dwaas wees, aangesien die twee onteenseglik met mekaar vervleg is. Dit is so dat 'n fisiese gebrek, in 'n afwykende gedragshouding, noodwendig 'n invloed sal hê op die gees van die mens en ook andersom. In 'n sekere sin is die behoeftes en dryfkragte van die gebrekkige of belemmerde, dieselfde as die van normale mense, maar die omstandigheid, of atmosfeer, waarin eersgenoemde funksioneer is totaal verskillend en juis daarom sal die graad van emosionele stabiliteit en die intensiteit van hul psigologiese reaksies ook verskil.⁵²

Dit is veral dan die sportafrigter wat dikwels hiermee te doen kry. Hierin wissel dit vanaf persone wat natuurlik fisies of geestelik gebrekkig is, persone wat deur omstandighede belemmer is, tot selfs persone wat herstel van beserings of emosionele instortings. Omdat hierdie persone ook dan die behoefte toon om aan sport deel te neem, lê dit op die sportafrigter se weg om sport as 'n remediëringsmiddel te gebruik.

Die afrigter se benadering ten opsigte van die "gebrek= kige" moet uiters versigtig wees en alvorens hy optree, moet daar deeglik bereken word wat die aard van die ge= brek is en in watter lig beskou die persoon self sy gebrek. So kan 'n afrigter se onbedagsame optrede byvoorbeeld karakterdefekte vererger of die persoon se selfvertroue knak. Aan die ander kant egter, kan hy sport as 'n uitstekende middel gebruik om aan die fisies gebreklige persoon selfvertroue en lewensgeluk te ver= skaf, asook om aan die neurotiese of swaksinnige, sosiale aanvaarbaarheid te bied deur middel van sport se kalme= rende en sosialiserende inwerking.⁵³ Met bogenoemde in gedagte, moet die afrigter dié uitdagende taak met groot verantwoordelikheid aanpak en gedurig op soek wees na faktore wat motiveer en struikelblokke wat hinder. "Appropriate adjustive mechanisms of the right intensity can contribute to sound emotional health. With sound counseling, good referral practices, and understanding leadership much can be done to enable potential neurotics to lead normal and productive lives."⁵⁴

Die aangeleentheid van jeugmisdaad het ook al kommerwek= kende afmetinge in ons huidige samelewing aangeneem en daarom is dit nodig om die invloed van sport ook op daardie gebied te bespreek.

Daar is 'n erkende verwantskap tussen fisiese en geeste= like gesondheid en juis om hierdie rede is sport op skool 'n onweerlegbare deel van die opvoedingsprogram.⁵⁵ Die individu pas homself van jongs af aan ten opsigte van sekere groepe, en tesame met ongunstige omgewings= invloede, vriendekringe, onsimpatieke ouerhuise en so meer, veroorsaak dit dat die individu dikwels 'n instru= ment van jeugmisdaad word met allerlei wanpraktyke op die voorgrond.

Die voordeel van sport op hierdie gebied, is dat dit die inherente behoefte van die mens aan lidmaatskap van die groep bevredig en hom ook noodwendig daarmee laat identifiseer. Daarby prikkel dit die opwinding en belangstelling van die mens en dit opsigself is alreeds 'n gunstige teelaarde vir gedragsveranderinge.⁵⁶ Die kern van die saak hier is dat sodra die potensiele jeugmisdadiger sover gebring kan word om die sportsfeer binne te tree, dan sal hy sy gesindheid begin aanpas by die standarde van sy mede-deelnemers. Die belangrikste dus, is om die betrokke leerling by sportdeelname te betrek en vanaf daardie basis kan die sportafrigter hom beywer om 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te kweek by die leerlinge. Bloot net die feit dat hy sy vryetyd nuttig verwyd, is al klaar 'n beklemtoning van die belangrike invloed wat sport op jeugmisdadigheid uitoefen. "A sports program is a tool, and it has become a tool of recognized value. It is not in itself an answer to juvenile delinquency, but, like water or sunlight or air to a plant, it is certainly one of the elements that helps a child grow toward a full maturity."⁵⁷

4. CHRISTELIKE IMPLIKASIES TEN OPSIGTE VAN SPORT

Godsdiens en sport is 'n aangeleentheid waarvoor ernstig besin moet word. Die noue verwantskap tussen hierdie twee onderwerpe vind betekenis daarin dat die Christelike geloof sy volle steun toesê aan sport en dit veral op skoolgebied. Juis daarom moet sport en sy deelnemers op hul beurt weer die Christelike geloof steun en dit impliseer 'n aanbod van wedersydse aanvaarding en samewerking.⁵⁸

Eerstens is dit nodig om die doelstellings van sport vanuit die Christelike oogpunt te beskou. Soos reeds genoem is sport nie 'n doel opsigself nie, maar wel 'n middel en in hierdie verband 'n middel om die taak van 'n Christelike lewe tot 'n besef te bring.⁵⁹

"Above all it is meant to be an educational and a psychical physical and hygienic help."⁶⁰ Om hierdie rede mag sport en selfdissipline nie sover gedryf word dat dit aan selfkastyding grens nie, want dit min=ag die waarde wat God op die liggaam geplaas het. So vra die Christelike geloof om 'n balans en ewewig in sport, wat die mens in staat sal stel om sy sport=beoefening tot eer van en in diens van God uit te lewe.

Daar moet egter altyd onthou word dat die verlossings=leer dominant is in die Christelike geloof en omdat God die mens ook as liggaamlikheid geskape het, moet die sportbeoefenaar die Skepper dank en eer tydens sy aktiwiteite.

5. PERSPEKTIEF

Dit is baie belangrik vir die skoolkind van vandag om hom op akademiese gebied te verryk, maar die moontlikheid en potensiaal van sport as opvoedingsmedium mag nie agterweë gelaat word nie. Die rol wat die rugbyleier in rugbyafrigting kan speel, moet nie onderskat word nie.

Tesame met al die ander opvoedingsmiddele en mediums, voed sport op tot die ervaring van bewegingsvreugde en die nuttige vryetydsbesteding, die sosialiserende uitwerking van saam-deelneem, die gevoel van fiksheid en lewenskragtigheid, die ontdekking van ligaamsvermoë

en moontlikhede in sport, asook die selfuiting en die persoonlikheidsontplooiing.⁶¹

Die noodsaaklikheid van opvoeding vloei voort vanuit natuurlike, sedelike en religieuse redes. Om aan elke leerling die beste geleentheid te bied om sy potensiaal te laat ontsluit, verg 'n besondere didaktiese optrede. Vervolgens sal die afrigtingsfilosofie van die Jeugleier (rugby-afrigter) bespreek word en aan didaktiese beginsels getoets word.

6. VERWYSINGS HOOFSTUK III

1. Frost, R.B., Psychological concepts applied to Physical Education and Coaching, p. 5.
2. Marais, W., Dinamiese leierskap in Bybelse perspektief, Toesprake, 9 April 1979.
3. Schoeman, S.J., Jeugleiding, in Handhaaf, November 1965, p. 13.
4. Ibid.
5. Richards, W.J., Onderwysleierskap vir die jeug, in Theron, P.F. red., Onderwysleierskap vir die jeug, p. 3.
6. Schoeman, S.J., op.cit., p. 24.
7. Ibid.
8. Van Raalte, C., Sport en Opvoeding, p. 119.
9. Ibid., p. 120.
10. Cf. Ibid.
11. Ibid., p. 121.
12. Strydom, A.H., Die taak van die skool as samelevingsverband met betrekking tot die voorbereiding en toerusting van die jeugleier vir sy taak in 'n gedifferensieerde samelewing. D. Ed., -proefskrif, U.O.V.S., Bloemfontein, p. 54.

13. Cratty, B.J., Children and youth in Competitive Sports, p. 95.
14. Miller, D.M. and Russell, K.R.E., Sport: A Contemporary View, p. 91.
15. Schafer, W.E., Sport, Socialization and the School, Third International Symposium on the Sociology of Sport, Waterloo, Ontario, August 22-28, 1971, p. 6.
16. Kniker, C.R., The Values of Athletics in Schools: A continuing debate, Phi Delta Kappan, October 1974, p. 116.
17. Avenant, P.J., Riglyne vir suksesvolle Onderwys, p. 346.
18. Ibid.
19. Cf. Ibid., p. 349.
20. Hemming, J., The Morality of Sport, in New Society, 14 December 1972, p. 630.
21. Avenant, P.J., op.cit., p. 351.
22. Ibid., p. 349.
23. Byrd, O.E., et al., Needed: New Research dimensions for the Values of Lifetime Sports, in Johper, vol. 37, no. 3, March 1966, p. 36.
24. Frost, R.B., op.cit., p. 168.
25. Miller, D.M. and Russell, K.R.E., op.cit., p. 176.

26. L'Heureux, W.J., Sport in Modern Canadian Culture, Johper, vol. 35, no. 3, March 1964, p. 28.
27. Frost, R.B., op.cit., p. 5.
28. L'Heureux, W.J., op.cit., p. 28.
29. Van Raalte, C., Sport en Opvoeding, soos aangehaal deur Botha, J.L., Liggaamlike Opvoeding en Prestasiesport, Referaat: S.A. Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie, BLoemfontein, September 1974, p. 12.
30. Ibid., p. 13.
31. Ogilvie, B.C. and Tutko, T.A., Sport: If you want to build character, try something else, in Psychology Today, October 1971, p. 61.
32. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 351.
33. Cratty, B.J., op.cit., p. 95.
34. Ibid., p. 96.
35. Botha, J.L., Jeugweerbaarheid geneem teen die agtergrond van die stand van Sport- en Rekreasie van Blanke Suid-Afrikaners, Referaat: S.A.V.L.O.R. Kongres, 2 tot 6 Oktober 1978, Bloemfontein, p. 2.
36. Van Loggerenberg, N.T., Die Weerbare Onderwyser, in Die Skoolblad, deel 62, nr. 9, September 1974, p. 1.

37. Strydom, A.H., Die program van Jeugweerbaarheid as opvoedkundige (didaktiese) probleem, Diktaat - Didaktiek, U.O.V.S. (s.a.) p. 152.
38. Botha, J.L., Jeugweerbaarheid geneem teen die agtergrond van die stand van Sport- en Rekreasie van Blanke Suid-Afrikaners, Referaat S.A.V.L.O.R. Kongres, 2 tot 6 Oktober 1978, p. 2.
39. Kennedy, J.F., "The Soft American", in Vigor, Junie 1961, soos aangehaal deur Botha, J.L., Jeugweerbaarheid as doelstelling van die Liggaamlike Opvoeding, in Onderwysblad, Julie 1974, p. 8.
40. Schafer, W.E., op.cit., p. 9.
41. Woody, T., School Athletics and Social Good, in The Journal of Educational Sociology, vol. 28, no. 6, February 1955, p. 245.
42. Schafer, W.E., op.cit., p. 6.
43. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 334.
44. Krawczyk, Z., Sport as a factor of Acculturation, International Review of Sport Sociology, vol. 8, 1973, p. 64.
45. Van Raalte, C., op.cit., p. 72.
46. Miller, D.M. and Russell, K.R.E., op.cit., p. 6.
47. Avenant, P.J., op.cit., p. 335.
48. Cf. Cratty, B.J., op.cit., p. 89.

49. Cf. Avenant, P.J., op.cit., pp. 332-335.
50. Botha, J.L., Sport as Opvoedingsmedium, Referaat gelewer by kongres: Natalse Onderwysunie, 3 Junie 1977, Durban, p. 5.
51. Van Raalte, C., op.cit., p. 218.
52. Frost, R.B., op.cit., p. 191.
53. Van Raalte, C., op.cit., p. 220.
54. Frost, R.B., op.cit., p. 209.
55. Nolan, J.B., Athletics and Juvenile Delinquency in The Journal of Educational Sociology, vol. 28, no.6, February 1955, p. 264.
56. Botha, J.L., Jeugweerbaarheid as doelstelling van die Liggaamlike Opvoeding, in Onderwysblad, Julie 1974, p. 11.
57. Nolan, J.B., op.cit., p. 265.
58. Meyer, H., Puritanism and physical training: Ideological and Political Accents in the Christian Interpretation of sport, International Review of Sport Sociology, VI, vol. 8, 1973, p. 37.
59. Cf. Vide supra., hoofstuk 3, par. 2.2.2.2, p. 54.
60. Meyer, H., op.cit., p. 41.
61. Coetzee, N.A.J., Skoolsport as Opvoedingsmoontlikheid, Sport Bulletin, Januarie 1981, p. 52.

HOOFSTUK IV

DIE OPVOEDKUNDIGE ROL VAN DIE RUGBYAFRIGTER

1. 'N KORREKTE AFRIGTINGSFILOSOFIE

Om 'n duidelike beeld van die rugbysituasie op skool te verkry, asook die opvoedkundige aspekte daarvan, is dit allereers nodig om 'n ontleding van die afrigter in sy betrokke milieu te maak. Dit is so dat die afrigter se sukses grootliks afhang van sy persoonlikheid, sy begeertes, behoeftes, filosofie en sy houding ten opsigte van die mense waarmee hy werk. "The coach must develop a philosophy for coaching and working with athletes."¹

Hierdie persoonlike filosofie van die afrigter sal ook dan feitlik alles wat hy doen, dikteer en dit groei later tot 'n samestelling van dit wat hy geleer het deur ervaring en waarneming, asook idees by klinieke, kursusse, ens.² "A person's philosophy of coaching is closely related to his philosophy of life."³ Dit sal dan duidelik wees in die manier waarop hy elke taak en situasie benader. Die werklike waarde van sodanige afrigtingsfilosofie setel daarin dat die afrigter nie alleen sukses sal behaal in die prestasie van sy deelnemers nie, maar dat hy ook in staat sal wees om 'n langtermyn, blywende effek te hê op die waardepatroon en gedrag van die individu.

Hier kom twee verskillende begrippe ter sprake naamlik sportonderrig en sportafrigting. Sportonderrig hou verband met 'n opvoedkundige benadering waarin

lewenswaardes, gesindhede en gedrag setel, sowel as die ontwikkeling van sportvaardighede. Die implikasie hiervan is dat dit te doen het met die ten volle geïntegreerde individu.⁴ Afrigting as sodanig is meer gemoeid met prestasie. Dit kan dus ook sportopvoeding en sportleierskap genoem word.

Dit is wel so dat die huidige standaard waaraan 'n afrigter se sukses gemeet word, die prestasie en oorwinning van sy span of deelnemers is, maar Smith werp lig op hierdie stelling en plaas dit in perspektief: "Let us be continuously aware that success is more than just the winning of a contest, more than a career in which games won outnumber games lost."⁵ Die kern van die saak is dus dat die rugbyafrigter nooit sy taak moet sien as bloot 'n prestasiemasjien nie, maar eerder dat hy, tydens sy afrigtingsproses, ook onderrig en opvoed.

1.1 HOOFMOMENTE VIR 'N KORREKTE AFRIGTINGSFILOSOFIE

Daar is geen waarborge of formules wat sukses in rugby kan verseker nie, maar deur diepgaande selfondersoek kan 'n afrigter homself vergewis in hoeverre sy filosofie voldoen aan opvoedkundige standaarde en hoedanig dit prysenswaardige prestasie nastreef. Eerlike introspeksie kan dus die afrigter besiel om homself toe te rus met daardie kwaliteite wat hom, en die mense waarmee hy werk, op alle lewensterreine versterk.⁶

1.1.1 Eie persoonlikheid

'n Afrigter rig af en onderrig ooreenkomstig sy eie

persoonlikheid.⁷ 'n Evaluasie van ander afrigters, met hul onderskeie filosofieë en tegnieke, is wel noodsaaklik, maar daar moet gewaak word teen 'n algehele navolging van sodanige afrigtingstyle. "Persoonlikheid is die kwaliteit wat 'n individu van ander individue onderskei deur kwalitatiewe en kwantitatiewe verskille."⁸ Hiermee word dan bedoel dat die afrigter sy eie styl en filosofie vir sy taak sal ontwerp wat uniek aan sy persoon is.

Dit is ook juis hier waar die unieke persoonlikheid van die afrigter ter sprake kom en wel in die sin dat hy homself sal afvra in watter kategorie hy val en of dit pedagogies gegrond is. Daar is vyf algemene kategorieë waarin afrigters geklassifiseer kan word nl. die "hard-nosed" afrigter, "nice guy", "intensive or driven", "easy going" en die "businesslike" afrigter.⁹ Hierin het elkeen hul onderskeie kenmerke, voordele en nadele.

'n Afrigter sonder 'n goeie persoonlikheid of karakter is ondenkbaar, want dit sluit eienskappe soos eerlikheid, integriteit, betroubaarheid, nederigheid, opregtheid en standvastigheid in.¹⁰ Lojaliteit is een van die mooiste bates in 'n mens se persoonlikheid en geen geld kan dit koop nie. 'n Verdere eienskap in 'n persoonlikheid wat baie van waarde is, is humorsin. Hiermee kan 'n afrigter gedurig 'n aangename atmosfeer vir homself en sy deelnemers skep.

1.1.2 EMOSIONELE VOLWASSENHEID

Die afrigter moet oor 'n gebalanseerde persoonlikheid beskik. Hierin moet hy emosionele stabiliteit en 'n

goeie ewewig kan openbaar. Sy temperament moet ook van so 'n aard wees dat hy deurentyd selfbeheersing kan toepas, asook onmiddellike leiding kan neem in besluitneming onder spanning of druk. "The coach's essential responsibility is to make decisions."¹¹

'n Afrigter bevind homself gedurig in kritieke situasies en hy kan hierdie toetse alleenlik slaag wanneer hy kennis en selfbeheersing ten toon stel. Dit is faktore wat vertrouwe inboesem en dit het 'n kalmerende invloed op sy deelnemers.

1.1.3 Leierskap

Leierskap is een van die belangrikste fasette in 'n afrigtingsfilosofie. 'n Leier is 'n begaafde, volwaardige individu wat sy pligte en verantwoordelikhede ken en dit op 'n vaardige wyse nakom, 'n leier is 'n man van waarde.¹²

Die afrigter is 'n leier in sy posisie en daarom moet hy te alle tye korrek kan lei en inisieer. Hierby is sy taak ook dat hy die moontlikhede in andere sal raaksien en dit op 'n positiewe wyse sal vrystel. Die kern van 'n afrigter se leierskap is sonder twyfel 'n gesonde lewensuitkyk, want hy moet altyd 'n voorbeeld stel en indien daardie beeld wat hy uitstraal verwronge is, is alle ander eienskappe van min waarde.

Intelligensie is ook 'n noodsaaklike onderdeel vir suksesvolle leierskap. "Intelligence; possessing insight

to make a good decision."¹³ Juiste oordeel en gesonde verstand is inherente eienskappe, maar die afrigter moet hierdie bates gedurig aanvul deur studie en veral deur ervaring. Sodoende sal hy oor die nodige selfvertroue beskik om sy oordeelsvermoë aan te wend tot voordeel van sy deelnemers.

1.1.4 KENNIS

Die afrigter moet bevoeg wees. Sy verantwoordelike taak vereis deeglike kennis van rugby in al sy fasette, asook deeglike kennis van die situasie waarin hy werk en van die persone met wie hy werk. Hiervoor is goeie opleiding in die teorie en praktyk nodig, asook voortdurende navorsing en voorbereiding.

Kennis is mag, maar kennis is nie almag nie.¹⁴ Juis daarom mag die afrigter homself nooit as verhewe ag met sy kennis nie. Eerder moet hy sy kennis beskou as 'n kaart na waarheen hy mik en as die deelnemer oortuig is dat sy afrigter oor die nodige kennis beskik, sal die doel soveel makliker bereik word.

1.1.5 GESAG

Die afrigter is voorts 'n gesaghebbende figuur en sy beroep vereis gedurig 'n groot mate van gesagsuitoefening. Ten einde hierdie groot taak doeltreffend uit te voer, moet die afrigter homself eers vergewis van die sintese van vryheid, gesag en dissipline.

Vryheid moet altyd in verhouding tot gesag gesien word, want dit is juis daardie gesag wat die mens se vryheid beskerm.¹⁵ Die opvoedkundige waarde van gesagsuitoefening deur die afrigter kom ook hier op die oefenveld ter sprake, waar die deelnemer sal beseef dat ware vryheid geleë is in selfdissipline, lojaliteit, toewyding en gehoorsaamheid.

'n Baie belangrike feit, egter, is dat die afrigter altyd sy gesag op 'n konstruktiewe wyse sal uitoefen. Hy moet beslis en konsekwent wees en sy handhawing van dissipline is in werklikheid 'n proses van positiewe hulpverlening, leiding en beïnvloeding.¹⁶

Die doel van die afrigter en sy gesag is dus meerledig van aard en die ideaal is om sy deelnemers te bring tot "vrywillige aanvaarding van die hoogste en enigste absolute gesag, naamlik die gesag van God aan wie alle ander gesag ontleen is, want deur aanvaarding van en gehoorsaamheid aan Sy Liefdeswet word die ware vryheid verwerf en die mens in staat gestel om te kom tot die goeie lewe tot eer van God."¹⁷

1.1.6 'n GELOOFSAAK

Wat egter, bo alles, van werklike betekenis is, is wanneer die afrigter van homself gee: "When our human interest inspires each boy and he realizes that our interest in him as a man, a student and an athlete is not just seasonal with the sport; then at game time we can expect and more likely to witness a skill performance, plus more."¹⁸

'n Goeie afrigter is soos 'n goeie vader. Hy is sterk, taai, viriel, verdien en ver wag respek, is streng, maar hy is nie onbeweeglik nie. Al het ferme dissipline byna uit ons gesinslewe verdwyn, bestaan dit nog as 'n uiters belangrike faset in sport, dus ver wag en ontvang die afrigter gehoorsaamheid. Hy is die deskundige en onderwyser.¹⁹

1.2 SODANIGE AFRIGTINGSFILOSOFIE GETOETS AAN DIDAKTIESE BEGINSELS

Die primêre taak van die onderwyser is opvoeding met die oog op die ontwikkeling van alle potensialiteite van elke kind. Hiermee word bedoel die kind as ten volle geïntegreerde wese. Juis daarom kan geen moderne onderwysstelsel die belangrikheid van sport misken nie.²⁰

Sport op skool, as onbetwiste deel van die onderwysstruktuur, moet dan noodwendig in so 'n mate beplan en aangebied word dat dit deurentyd harmonieus inskakel by ander onderwysgebeure. Dit is noodsaaklik dat die rugby-afrigter op skool dit as sy mikpunt sal stel om sekere didaktiese aspekte in sy afrigtingsfilosofie te vervat. Sodanige didaktiese aspekte is "beginsels waaronder alle moontlike onderwysgebeure tuisgebring kan word..."²¹

1.2.1 DIE BEGINSSEL VAN DOELGERIGTHEID

Suksesvolle afrigting is in die eerste plek doelgerigte afrigting. "Coaches' and trainers' task-orientation

has been shown to have a definite association with team performance."²²

Wat hier dus nodig is, is 'n saak, 'n doel, want 'n mens verrig dinge met lus en ywer as dit 'n saak is wat jy in jou hart aanvoel. Dan doen jy dit goed en dit is die moeite werd.²³ Die doel dien om rigting aan te dui en dit bepaal watter metode gevolg gaan word. Die afrigter moet baie goed besin oor wat sy doel gaan wees. Dit is ook noodsaaklik dat hy genoegsame kennis sal dra van die doel en die weg wat gevolg gaan word, want geen mens kan vir andere iets aanbied wat hyself nie besit nie. Daarom moet die doel aan die deelnemers duidelik gestel word en die afrigter as leier moet heldere riglyne verskaf vir die weg om die doel te bereik.

Wat behels die doel dan alles vir die afrigter en deelnemer? Is die doel dan nie om te wen nie? Nee, dit mag beide se strewe wees, maar die doel is egter veel meer as net wen. Dit is in die eerste plek dat die afrigter sy deelnemers en hul behoeftes en strewes ken. Verder is die doel daarin geleë om die riglyne van die strewe tot voltooiing te bring deur middel van oefening, samewerking en motivering.

Die afrigter se onmiddellike doelwitte behoort te wees om sy deelnemers sekere vaardighede, bedrewehede en ook belangstelling in die sport te leer. "Youth sport leaders have focused on 'how to play the game', stressing specific sport techniques and strategies."²⁴ Die einddoel is die strewe na optimale prestasie en sukses, maar in aansluiting met die doelstelling van

die onderwys, is dit ook die optimale ontwikkeling van alle potensialiteite van elke kind.²⁵

Die helderheid en rigting van 'n afrigter se doelgerigtheid hang grootliks af van sy lewens- en wêreldbeskouing. Hierin moet hy poog om die verantwoordelikheid wat God aan hom opgelê het, te aanvaar en ook tot Sy eer te volvoer. "Our efforts can be of value only when we are sufficiently influential in our own right to become men of honour and unquestionable integrity."²⁶

1.2.2 DIE BEGINSEL VAN PLANMATIGHEID

Waar 'n doel is, daar word planmatigheid noodwendig veronderstel.²⁷ Sodanige beplanning impliseer verkenning en dit veronderstel weer 'n visie vir 'n bepaalde saak. Dit behels vir die afrigter kreatiewe oordenking van die doelwit en middele tot sy beskikking, asook 'n waardebeplanning tussen die doelwit en middele.²⁸

Eerstens moet die afrigter die sentrale gedagte in die oog hou. Dit beteken dat hy sy eie kennis aangaande rugby sal hersien om homself deeglik te kan voorberei. Vandaar sal hy sy benadering van beplanning kies en dit sistematies rangskik. Breë beplanning moet buigbaar en aanpasbaar wees, want verskillende situasies vereis soms klemverskuiwings.²⁹

Ten einde sy onmiddellike doelwitte te bereik, moet die afrigter 'n deeglike oefenprogram opstel en besin oor die tegnieke en metodes wat hy gaan gebruik. Die

tydsfaktor tot sy beskikking moet ook in berekening gebring word en die deelnemers met wie hy gaan werk, sal 'n invloed hê op sy beplanning.

Wat die einddoel betref, moet die afrigter beplan in hoe 'n mate hy die deelnemers se behoeftes gaan bevredig en hoe hy die weg gaan uitstippel om die strewe na optimale sukses en prestasie te volbring. Vervolgens moet hy beplan hoedanig sy onmiddellike doelwitte gaan aansluit by die einddoel om sodoende positiewe lewenswaardes by die deelnemer tuis te bring.

Die kern van die saak is dus dat die afrigter sy hele strategie ten opsigte van dit wat hy wil doen sal beplan terwyl hy voortdurend die doel van sy taak in gedagte hou.

1.2.3 DIE BEGINSSEL VAN MOTIVERING

By die beginsel van motivering is die doelgerigtheid weer eens duidelik op die voorgrond, want motivering is die krag wat agter die bereiking van 'n doel lê. "Motives involves the scrutiny of reasons why people select certain things to do, why they perform with intensity in certain tasks, and why they persist in working on performing for sustained periods of time."³⁰

Daar is egter 'n aantal faktore van motivering waarmee 'n afrigter rekening moet hou. Die begrip aandag is onderling aan motivering en dit impliseer dat wanneer die mens in iets belangstel, hy noodwendig aandag daaraan sal skenk. Hieraan is ook 'n mate van

intensiteit verbonde wat die graad van aandag sal bepaal.³¹ Die taak van die afrigter in hierdie verband is om die deelnemer se belangstelling sodanig te prikkel dat laasgenoemde spontane aandag aan rugby sal skenk. Die voorwaardes hiervoor is dat die afrigter bekend sal wees met die objektiewe en subjektiewe kenmerke van aandag, wat geleë is in die intensiteit van belangstelling en die dranglewe van die mens onderskeidelik.

Dit is bo alle twyfel dat 'n afrigter se sukses in 'n groot mate afhang van sy vermoë om sy deelnemers doeltreffend te motiveer. "Through the medium of motivation, by modeling it under the influence of objective and subjective factors, coaches train and educate sportsmen, forming and consolidating levels of aspirations and ideals..."³²

Intrinsieke motivering is uiters belangrik en hiermee moet die afrigter poog om sy deelnemers sodanig te beweeg dat hulle hulself spontaan en sonder wilsinspanning in hul taak sal verdiep.³³ Sy deelname aan rugby moet hy as belangrik vir homself beskou, asook die doel wat hy nastreef. Hierby moet hy besef dat dit wat hy leer en beoefen vir hom betekenisvol sal wees en die resultate moet vir hom 'n groot mate van bevrediging inhou. Die voorwaarde hiervoor is die afrigter se entoesiasme. Entoesiasme is aansteeklik en indien die afrigter dit kan bewerkstellig, sal die deelnemer die doelnastrewing intens meeleeft en dit sal hom ook aanspoor om enige taak aan te pak wat sy weg na doelbereiking versper. Dus moet die afrigter elke taak vir homself en sy deelnemers as 'n uitdaging

daarstel en hy moet entoesiasties en met besieling vooruitloop.

Dit is egter belangrik dat die afrigter ook die behoeftes van sy deelnemers sal ken en dit gebruik as motiveringsmiddele. 'n Breë kategorie vir sodanige behoeftes bestaan uit 'n gevoel van eie waarde, liefde en agting van die medemens, sekuriteit, nuwe ervaring, asook die drang om te presteer en behoefte aan onafhanklikheid.³⁴ Die afrigter moet ook goed beseft dat die proses van motivering inherent aanwesig is by die kind en dat hy slegs die sluimerende energie moet prikkel en in die regte rigting stuur.

Die afrigter moet ook ekstrinsieke motivering kan aanwend en dit impliseer oor die algemeen straf, beloning en kompetisie. Dit is egter 'n vraag waarvoor baie afrigters te staan kom, omdat straf as sodanig 'n ongewenste motiveringsmiddel kan wees, en om byvoorbeeld 'n speler uit 'n span te laat, kan 'n negatiewe reaksie ontlok.

'n Oplossing vir hierdie probleem kan wees om 'n kombinasie van straf en beloning te bewerkstellig. "If a coach uses positive reinforcement as his main motivation, when he does not compliment an athlete, it's a mild form of punishment."³⁵

Die aanwesigheid van kompetisie is 'n baie sterk motiveringsmiddel, maar dit is belangrik dat die afrigter sal toesien dat dit op 'n gesonde basis geskied.

1.2.4 DIE BEGINSEL VAN GEHEELSIENING

Dit is belangrik dat die afrigter ook die deel-geheelverband tydens sy deelnemers se voorbereiding sal toepas. Hierin moet hy sistematies te werk gaan en aansluiting vind by sy vorige afrigtingsessies.

Die proses tydens oefening of voorbereiding voor 'n bepaalde kompetisie sal 'n aanvang neem by die dele en stelselmatig vorder tot by die geheelsiening. Die dele behels opwarmingsoefeninge en dan spesifieke vaardighede en tegnieke wat afsonderlik in bepaalde posisies of aspekte behandel word. Sekere situasies en strategieë tydens spel of deelname kom ook hier ter sprake en die afrigter sal volhou hiermee totdat hy oortuig is dat elkeen dit bemeester het. Vandaar sal oorgegaan word tot die geheel, waar al die dele saamgevoeg word om 'n totale beeld te verkry van wat gedoen moet word en hoedanig dit gedoen gaan word.³⁶ Dit behels die praktiese inoefening van al die gegewe aspekte soos wat dit in spelverband voorkom.

Die voordeel van sodanige deel-geheelverband is dat die deelnemer geleentheid kry om die fynere aspekte in die besonderheid te bemeester en dan sy vaardighede by te voeg by sy spanmaats om 'n gebalanseerde geheelsiening te verkry. Die deelnemer moet in hierdie verband ook kan insien hoe sy rugbybeoefeninge inskakel by sy opvoeding in totaalverband. Die beginsel is ook van toepassing op individuele sportsoorte soos gimnastiek, atletiek en swem.

1.2.5 DIE BEGINSEL VAN BELEWING.

Die beginsel van belewing impliseer in die eerste plek dat die afrigter moet sorg dat hy rugby so interessant en aanloklik as moontlik vir die deelnemers sal aanbied. Daar is verskeie maniere om belewing in 'n sportsoort te bewerkstellig en die vindingrykheid van die afrigter speel hier 'n deurslaggewende rol.

Die algemeenste vorm van belewing in rugby is kompetisie. Dit dien die doel om aangeleerde en natuurlike vaardighede op die proef te stel en die afrigter moet dus toesien dat daar genoegsame kompetisie is vir sy deelnemers om hulself prakties in spanverband uit te lewe. Kompetisie is selfbelewing vir die deelnemer en hyself bepaal hoedanig daar "lewe" is in sy deelname. Dit is egter ook van die grootste belang dat al die leerlinge die geleentheid sal kry om deel te neem. Dit gebeur al te maklik in die praktyk dat leerlinge vir die grootste gedeelte van 'n oefensessie langs die veld of baan moet sit en kyk hoe die bestes oefen en afrigting kry.

Vervolgens kan die afrigter ook belewing bewerkstellig deurdat hy sy deelnemers neem na vertonings van topsportmanne. In aansluiting hierby kom ook film- en televisieopnames ter sprake waarin die deelnemer homself kan uitleef en ook aanskou hoe ingewikkelde tegnieke uitgevoer word. Praktiese kursusse deur professionele afrigters of selfs deur 'n bekende rugbyfiguur kan ook baie bydra om rugby vir die deelnemers aanskoulik te maak.

Die afrigter self is 'n baie belangrike aanskouingsmiddel.³⁷ Sy karaktereienskappe en optrede kan 'n baie positiewe voorstellingsbeeld by die deelnemer wakkermaak en daarom moet die afrigter toesien dat hy oor deeglike kennis, entoesiasme en besieling beskik.

'n Verdere belangrike aspek van beleving in rugby is spangees. So baie afrigters verwaarloos hierdie aspek en besef nie hoe 'n waardevolle instrument dit kan wees nie. Die afrigter wat oor die vermoë beskik om spangees te bevorder, is verseker van kragtige "lewe" in sy sportsoort. Deur 'n gelukkige samesyn, van die afrigter en deelnemers ten tye van voorspoed en krisis, sal belangstelling nooit kwyn nie. Die feit bly egter staan dat die spelsituasie vir die deelnemer die beste beleving bied.

1.2.6 DIE BEGINSEL VAN LEERLINGSELFWERKSAAMHEID

Selfwerkzaamheid is uiters noodsaaklik tydens die rugby beoefeningsproses en daaronder word verstaan al die aktiwiteite wat deur eie krag gesoek, nagevors, geskep, ontdek, gedink, verower en beheers is, dit wil sê aktiwiteite wat spruit uit egte belangstelling.³⁸

Die toepassing van hierdie beginsel behels dat die afrigter sy deelnemers sal aanspoor om saam te gesels en te kritiseer tydens oefensessies en voorbereiding, asook om self te soek en te eksperimenteer. Hierdeur word die deelnemer beweeg om sy persoonlike bydrae te lewer en ook om self te sorg dat hy fiks is. Die taak van die afrigter hier is om motiverende leiding te

verskaf om sodoende hierdie aktiwiteite na die bepaalde doel te rig en aan te vul.

Hierdie beginsel impliseer dus dat die afrigter eerstens die doel aan sy deelnemers duidelik sal stel. Daarna moet hulle, deur middel van die doelnastrewing, self oefen en fiks word. Voorts word spesifieke vaardig= hede en tegnieke aan hulle gedemonstreer, wat hulle weer eens op hul eie moet inoefen en bemeester. Eie inisia= tief by die deelnemer is van groot belang aangesien hy baie meer bevrediging put uit iets wat hyself ontdek het en dit opsigself dien as 'n waardevolle motiverings= middel.

Die waarde van selfwerkzaamheid is daarin geleë dat die deelnemer sal beseft dat hy as 'n individu 'n taak en verantwoordelikheid het ten opsigte van sy spanmaats. Reeds hier kan die basis vir goeie lewenswaardes gelê word en selfdissipline van stapel gestuur word.

1.2.7 DIE BEGINSEL VAN BEMEESTERING

Rugby in die kontemporêre tydvak is baie kompleks van aard en juis daarom verg dit veel van 'n deelnemer.³⁹ Hy moet in staat wees om oor sekere kennis te beskik, om basiese vaardighede te kan toepas en om 'n hoë graad van liggaamlike fiksheid te handhaaf.

Eerstens moet die afrigter sy deelnemers aanspoor om goeie en gereelde oefenmetodes aan te leer. Dit sal hulle in staat stel om liggaamlik voorbereid te wees en

dit kan 'n blywende waarde op die deelnemer hê omdat dit ook in werklikheid 'n oefenskool vir die lewe word. Vervolgens is die afrigter se bydrae, betreffende basiese vaardighede, van groot belang, aangesien dit 'n aspek is van sport wat moet bemeester word. Vaardigheid is 'n voorloper vir sukses. "... success is in fact a function of skill."⁴⁰

Nadat die basiese vaardighede en tegnieke van rugby aan die deelnemers verduidelik en gedemonstreer is, word geleentheid gebied om sodanige vaardighede in te oefen. Die deelnemer moet ook die opdrag ontvang om dit tuis te gaan oefen. Deur middel van toepassingsoefeninge en ook tydens spel kan die afrigter hom vergewis hoedanig sy deelnemers hierdie vaardighede en tegnieke bemeester het.

Sodra die deelnemer ten volle bekend is met die basiese beginsels van die rugby kan die afrigter oorgaan om aan die deelnemers fynere kunsies te leer. Sodoende kan hy verseker dat die deelnemers die fundamentele beginsels bemeester en vanuit daardie basis sy natuurlike talent tot die optimum ten toon stel. Dit alles moet op die oefenveld geskied en afrigters moet nooit gedurende wedstryde of toernooie gedurigdeur bevele aan deelnemers skreeu nie.

1.2.8 DIE BEGINSEL VAN INDIVIDUALISERING

Individue verskil in verskeie opsigte van mekaar en wel in die sin van vermoëns, aanlegte, gevoelslewe, drange en behoeftes, asook verskille in liggaamsbou.⁴¹ Die faktore wat hiertoe bydra is menigvuldig en dit is seker dat die afrigter wel met individue van uiteenlopende geaardhede te doen sal kry.

Die kern van die saak is dat die afrigter in die eerste plek elke deelnemer as individu sal erken. Hierby moet hy 'n aanvoeling hê vir die onderlinge verskille, asook kennis dra van die faktore wat hiertoe bydra, naamlik erflikheid, gesondheid, huislike omstandighede en omgewingsinvloede.⁴² Die ideaal van die afrigter se bemoeienis met die deelnemers, is om baie opmerkzaam te wees en elke deelnemer volgens eie vermoë en aanleg te laat ontwikkel. "A coach is likely to adjust his offense and defence or realign his relays to adjust to the talent of the year. However, coaches are reluctant to adjust to different personality types in athletes, which may also necessitate establishing different approaches in their coaching."⁴³

Alhoewel die klem gewoonlik val op persoonlikheidsverskille van individue tydens die opvoedingsproses, word die verskille in vaardighede op die sportveld dikwels agterweë gelaat. As gevolg van tydsbeperking of soms bloot net as gevolg van nalatigheid tree afrigters in 'n algemene benadering op teenoor alle deelnemers. Hulle motiveringsmiddele en afrigtingsmetodes is eenders van toepassing op almal en die tegnieke word aangewend as dit wat die maklikste is volgens hul mening. 'n Ander tendens is die feit dat die wenmotief veroorsaak dat die bestes so vinnig as moontlik uitgesoek word en die res is dan aan hul eie lot oorgelaat, of moet met die minimum aandag tevrede wees.

Die taak van die afrigter in hierdie verband is om voorsiening te maak vir die hantering van die individuele verskille van sy deelnemers, asook om aan elkeen die geleentheid te bied om sy potensialiteite volgens eie vermoë en aanlegte te benut. "A coach, however, does not treat all athletes equally."⁴⁴ In die praktyk egter, pas afrigters dié beginsel dikwels nie toe nie.

1.2.9 DIE BEGINSEL VAN SOSIALISERING

Die mens is 'n individu, maar terselfdertyd het hy ook 'n sosiale aspek. Hy is en moet 'n lid wees van 'n gesin, 'n groep, 'n gemeenskap en 'n volk.⁴⁵

Vanweë die sosiale aard van die deelnemer, is dit dus ook die taak van die afrigter om sosiale leiding en opvoeding te verskaf. In hierdie verband vervul die afrigter 'n wye reeks van roloriëntasies. In die eerste plek is hy 'n aktiewe deelnemer en 'n bron van leiding, maar terselfdertyd is hy ook die raadsman, die gesaghebber, die bemiddelaar en die waarnemer. Die afrigter moet dus, benewens sy afrigtingstaak, ook aan sy deelnemers geleentheid daarstel en bied om hul behoeftes te bevredig, asook om hul individuele potensialiteite te laat ontwikkel. Sodoende kan hy bydra om die aangebore leierskapstalent van deelnemers positief te rig en 'n basis skep om hul eie identiteit te vorm.⁴⁶

Om deelnemers voor te berei vir hul taak in die volwasse gemeenskapslewe, is dit noodsaaklik dat die afrigter vir homself sodanige doelstelling daar sal stel. "A richer and more abundant life for all, the fullest development of every individual, closer knit families, more neighbourly communities, a more spiritual life and a stronger nation - these are the goals we must strive for."⁴⁷

Ten einde hierdie doelstellings te bereik, is dit eers tens nodig dat die afrigter homself sal toerus met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskoung. Daarby moet hy 'n liefde en 'n begrip hê vir die mens waarmee hy

werk en sy taak sien as 'n Godgegewe voorreg wat hy met verantwoordelikheid moet uitvoer. 'n Afrigter se boodskap aan sy deelnemers lui so: "Julle sal dan oor die geeskrag beskik nie net om te handhaaf nie - maar om dit verder uit te bou op die fundamente wat deur vorige geslagte gelê is."⁴⁸

1.2.10 DIE BEGINSEL VAN EVALUERING

Evaluering is meer as net bloot 'n kennistoetsing. Dit is eerder 'n voortdurende proses waar deur die vordering van die kind in sy totaliteit op pad na volwassenheid bepaal en na waarde geskat word.⁴⁹

In die afrigtingsituasie hou hierdie beginsel verband met die ontwikkeling van rugbyaanlegte sowel as persoonlikheidsonwikkeling en daarom moet evaluering aangewend word sodat die afrigter kan vasstel in hoe 'n mate hy daarin geslaag het om sy doelstellings te bereik.

Daar is verskeie ander redes waarom evaluering in rugbyafrigting moet geskied. Eerstens omdat die afrigter kan bepaal, deur middel van onmiddellike evaluering, hoedanig die huidige vordering is en hoedanig die toekomstige vordering gaan wees. Met hierdie inligting kan die afrigter insig bekom om sy tegnieke en benadering aan te pas. Voorts dien evaluering om swak plekke aan te dui en die afrigter weet waar om besondere aandag te skenk. Hierdie beginsel dien ook as motivering vir die deelnemers omdat hulle hul eie resultate kan aanskou en poog om selfs nog beter te vaar. 'n Baie belangrike

aspek is die feit dat die afrigter ook sodoende sy eie leemtes kan opmerk en 'n ondersoek kan loods om sy eie metodes en tegnieke te verbeter.⁵⁰

Daar is egter 'n aantal faktore wat die afrigter tydens die evalueringsproses in gedagte moet hou. Die deelnemer se natuurlike aanleg en potensialiteit moet bekend wees aan die afrigter, sodat daar 'n aanduiding kan wees van wat om van die betrokke deelnemer te verwag. Die deelnemer se persoonlikheidseienskappe, soos byvoorbeeld pligsgetrouheid, en betroubaarheid moet ook in berekening gebring word, asook in hoe 'n mate hy sosiaal aanpasbaar is.

Die beginsel van evaluering hou die voordeel in dat die afrigter en sy deelnemers heeltyd bewus is van die standaard wat hulle handhaaf en hoedanig hulle daarin slaag om die daargestelde doelstellings suksesvol te bereik. Die deelnemer word dus nie alleen as speler evalueer nie, maar ook as mens.

1.2.11 WAARDERING

In die afrigtingsituasie neem die afrigter die sentrale plek in en dit is sy voorreg om intensief betrokke te wees by sy deelnemers. Vanuit sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed en rig hy die lewens van sy sportmanne en juis daarom beteken betrokkenheid nie dat die afrigter se belangstelling in sy deelnemers sluimerend sal wees nadat die seisoen afgesluit het nie. Dit beteken ook nie dat dit moet ontwaak sodra die volgende seisoen begin nie, maar eerder dat die verwantskap

tussen die afrigter en deelnemers 'n intense band sal wees. Dit moet ontluik reeds wanneer hulle vir die eerste keer ontmoet as vriende en vennote en vandaar moet dit jaar in en jaar uit bloei. "The worth of our success as coaches, and the level of success achieved, are determined by the meaning and value of our relationship with players."⁵¹

Die afrigter op skool kan tereg trots wees op die feit dat, in sy geledere, daar van die toegewydste en mees veelsydige persone is wat gehoor gee aan die oproep om die volk van mōre te rig, te lei en te vorm. Die afrigter se invloed op die jongmense is sterk en bindend.⁵² Sy werk, sy daade en sy ideale dien as aanmoediging en inspirasie en hulle is deel van daardie geslag van manne wat 'n bydrae lewer om ruwe ongeslypte persoonlikhede te omskep in trotse, volwasse burgers, wat hul weg met sukses baan deur die hoogs mededingende gemeenskap. Dit is om hierdie rede dat die resultate van hul inspanning so belonend en betekenisvol is.

2. ALGEMENE BEELD EN PROBLEME VAN AFRIGTING

Die afrigter op skool bevind hom te midde van 'n dinamiese verandering in die kontemporêre maatskappy, wat as sodanig, buitengewone eise aan hom stel. Die gemeenskaps- en sosiale struktuur is hierbenewens ook besig om ingrypend te verander en dit is hoofsaaklik te wyte aan die snel ontwikkelende tegnologie, verwarrende ideologieë, oorloë en rampe. "Groot eise word aan sy geestelike, emosionele en fisieke vermoëns gestel omdat hy deur hierdie omstandighede tot 'n fragmentariese leefwyse gedwing word."⁵³

Vanuit en as gevolg van hierdie verloop van sake, het daar 'n nuwe geslag van jongmense ontstaan wat alreeds neweprodunkte is van die moderne, vormlose massakultuur. Dit impliseer dan dat die afrigter baie te doen sal kry met probleme wat direkte uitvloeisels is van bogenoemde omstandighede.

2.1 GESAG⁵⁴

Gesag, soos genoem in 'n vorige paragraaf, is 'n onmisbare element in 'n afrigter se strydmondering, maar in hierdie verband is gesag egter ook 'n belangrike knelpunt. Gesag is niks anders as 'n skeppingsdaad van God nie, maar omdat die sonde ook hierdie terrein aangeval het, het dit God behaag om op Sinai die opdrag tot gesagserkenning aan die mens op te lê, ter wille van die ordelike bestaan en voortbestaan van Sy skepsele op aarde.⁵⁵

Gesien in hierdie lig is die afrigter, as leier van sy deelnemers, toegerus met die amp van gesag en hierin poog hy om aan hulle rugbyvaardighede, sowel as opvoedkundige lewenswaardes te leer. Dit is egter juis hier waar probleme ten opsigte van gesagsuitoefening en gesagsaanvaarding opduik.

Tesame met die fenomenale veranderings van die moderne samelewing het daar 'n tendens van liberalisme in Suid-Afrika tot stand gekom. Veral die jeug is besonder vatbaar vir hierdie neigings van liberalisme deurdat dit allerlei aanloklikhede aan hulle voorhou. Die grootste gevaar wat sodanige liberalisme vir die jeug

inhou, is dat hulle gesag misken en 'n oordrewe klem plaas op menseregte.⁵⁶

In die afrigtingsituasie gebeur dit dan nou dikwels dat deelnemers die afrigter se gesag bevraagteken en hulle reageer nie meer so maklik op dit wat hy aan hulle voorhou nie. Sommige navorsers is van mening dat hierdie verandering in die deelnemer se gedrag ontstaan het as gevolg van die ontdekking van die woord "hoekom" in sy woordeskat.⁵⁷

Die afrigter met 'n strenge, onbuigsame afrigtingsperspektief sal noodwendig moeilikheid ondervind met sy deelnemers, want hulle is knap en bedag. Hulle sal hom voortdurend toets en tot die uiterste beproef.

Die noodsaaklikheid van opvoedkundige beginsels kom hier dus duidelik na vore en die afrigter moet probeer om rugby as 'n geordende spel of aktiwiteit te laat voortbestaan. In die eerste plek moet hy, deur sy eie voorbeeld, sy deelnemers beweeg na vrywillige gesagsaanvaarding. Dit is onvermydelik dat die afrigter probleme ten opsigte van sy gesagsuitoefening sal ondervind en daarom sal hyself deeglike kennis en ervaring moet openbaar in hierdie verband.

Die werklike doel van die afrigter, ten tye van gesagsuitoefening, is om deur skepping van 'n ordelike leer- en opvoedingsituasie, die deelnemers tot volwasseheid te bring sodat hulle hulself sal ken en beheer. Die kern hiervan is om in 'n opvoedingsproses 'n versoening te bring tussen ordelikheid, dissipline en selfdissipline.⁵⁸

2.2 INDIVIDUALITEIT⁵⁹

Alhoewel kompetisie sterk onderleg is aan rugby het daar tog 'n verandering plaasgevind in die houding van die jeug, veral daardie persone wat baie aktief deelneem.

Die algemene neiging is dat deelnemers nie meer as 'n groep aandag wil ontvang nie, maar eerder as individue. Daarby vereis hulle ook meer seggenskap betreffende wat gedoen moet word en hoe dit gedoen moet word. Navor=singstudies het ook getoon dat deelnemers graag as volwasse, intelligente individue behandel wil word.⁶⁰

In 'n sekere sin is individualiteit, asook die toenemende bewuswording daarvan deur die deelnemers sowel as die ouers, 'n probleem, maar tog sluit dit gunstig aan by opvoedkundige beginsels en wel in dié sin dat individualiteit een van die deelnemer se inherente behoeftes is en daarom moet die afrigter voorsiening maak om hieraan te voldoen. Daar moet egter gewaak word dat hierdie beginsel nie uit verband geruk word en in 'n eensydige visie ontwikkel nie.

Die probleem wat nou ontstaan is dat sommige afrigters nie hierdie individualiteitsbeginsel in die afrigting=situasie wil erken of dat hulle hierdie behoefte nie by die deelnemer opmerk en dit in 'n positiewe wyse rig nie. Veral die afrigter wat nog glo aan die tradisionele manier van afrigting sal baie probleme ondervind en die deelnemers sal geneig wees om te rebelleer. "In many cases, this is far from the traditional coaching

technique of very strict discipline, rough, tough, hard-nosed coaching where the weak athletes are weeded out and the tough athletes browbeaten to make them tougher men."⁶¹

Ten einde hierdie probleme te omseil, moet die afrigter 'n sensitiewe aanvoeling hê om individuele verskille waar te neem en die uniekheid van elke persoon te erken. Wat egter baie belangrik is, is dat hy te alle tye 'n ferm houding sal inneem teenoor enige uitbuiting van die voorreg van individualiteit.

2.3 ALGEMENE PROBLEME

'n Verdere probleem rondom die afrigtingsituasie is die gebrek aan kommunikasie tussen die afrigter en deelnemers. Hieruit kan veelvuldige komplikasies ontstaan en wel in die sin van misverstande, vervreemding en vyandigheid. Die doel van kommunikasie tydens die afrigtingsproses is om idees, inligting en gevoelens, vanaf die afrigter, na die deelnemer en ook vanaf die deelnemer na die afrigter oor te dra.

Dus moet die afrigter gedurigdeur 'n aangename atmosfeer vir gesonde kommunikasie probeer skep en dit ook sover as moontlik aanmoedig. Sy eie houding en gesindheid teenoor die deelnemers sal grootliks bepaal in hoe 'n mate wederkerige kommunikasie sal plaasvind.

Die politieke inslag op die huidige vorm van sport skep ook heelwat probleme vir die afrigter, want sport as

'n politieke mag hou groot gevare in. "The injection of too much sport into politics, might reduce the most serious of human activities to puerilism, while the seriousness of politics, if carried into sport in too great measure, could destroy its playfulness and so change its very nature."⁶² Vergelyk in hierdie verband die nuwe beleidsverklaring van die Transvaalse Onderwysdepartement, waar slegs die betrokke rugbyspelers en hul ouers in die toekoms sal besluit oor deelname aan die Craven-rugbyweek.⁶³ Dit is alreeds die eerste stap na bepaalde voorskrifte wat in skole sal geld vir gemengde deelname, want die verskil tussen skolesport, onder gesag en op terreine van die betrokke Onderwysdepartement, en "junior sport", wat gedefinieer kan word as individuele of spanbyeenkomste soos die Cravenweek, word duidelik in die nuwe omsendbrief beskryf.

Die implikasie van bogenoemde is dat die afrigter te doen mag kry met spanning en druk wat op hom uitgeoefen word van owerheidskant, sowel as van sy deelnemers en hul ouers. Dit sal noodwendig meebring dat hy in die eerste plek van sy beginsels sal moet prysgee, asook 'n heeltemal nuwe benadering moet handhaaf om propagandistiese inslae by sy deelnemers te voorkom. Dit alles beteken dat die afrigter, as leier van sy deelnemers ten volle weerbaar sal wees, want die hantering van probleme soos politiek en rasse-aangeleenthede hang in 'n groot mate af van die diskressie van die afrigter. "This is the area where the friction, frustration and confusion has been the greatest."⁶⁴

Hierdie probleme bring mee dat die afrigter sy opvoedingsverantwoordelikheid in heraanskouing moet neem,

want die meriete van die toekomssport sal aan elkeen se bydrae tot diensbaarheid gemeet word.⁶⁵

3. DIE AFRIGTER TEN OPSIGTE VAN AKADEMIESE ASPEKTE

Rugby het in die huidige tydvak ontstaan as 'n lewenskrachtige middel in die opvoedkundige lewe van die kind. Die leerling vind oor die algemeen dat kompetisie in die buitemuurse sportprogram, 'n bron van heilsame ontspanning is waarin hy ook sy basiese vaardighede kan toets en ten toon stel.

Die vraag wat nou na vore kom, is of 'n leerling se deelname aan kompetisie-sport 'n positiewe of negatiewe invloed op sy akademiese loopbaan uitoefen. Dat daar 'n positiewe korrelasie bestaan tussen fisieke status en geestelike prestasies blyk uit die wyse waarop die intelligensie funksioneer.⁶⁶ Die blote liggaamlike groei of vordering sal nie noodwendig die inherente intellektuele vermoë verbeter nie, maar die bepaalde wyse waarop intelligensie funksioneer, afhangende van konsentrasie, oplettheid en selfvertroue, staan sonder twyfel in verband met fisieke welsyn. Die liggaamlike vordering wat tydens sportbeoefening tot stand kom, oefen 'n invloed uit op die leerling se psigologiese toestand waarmee die vermoë saamhang om effektief van die intellektuele en waarnemingsvermoë gebruik te maak.⁶⁷

Verskeie navorsers het ook na aanleiding van hul studies tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n baie positiewe verband bestaan tussen sportdeelname en akademiese

prestasies. "Given these two sets of findings relating athletic participation to educational expectations via academic performance and membership in college-orientated leading crowds, we suggest that the proportion of athletes expressing expectations to enroll in a four-year college is greater than the proportion of non-athletes expressing such expectation.⁶⁸

Daar bestaan egter 'n aantal van allerlei wanopvattinge betreffende sportdeelname se invloed op die intellektuele vermoë van die individu. In die eerste plek word die leerling wat homself toewy aan akademie, gewoonlik verskoon van enige sportaktiwiteit omdat sy ouers, sy onderwysers en soms die geneesheer glo dat hy nie fisies sterk genoeg is nie en hy eerder sy tyd aan sy skoolwerk moet wy. Dikwels word daar ook gehoor dat 'n betrokke leerling sy sportbeoefening los omdat hy dan meer tyd vir studies kan hê. Voorts word daar ook geglo dat sportmanne oor die algemeen swak leerlinge is en dat sport maar net kompensasie is vir sy gebrek aan intellektuele vermoë.

In antwoord op hierdie kritiek is 'n ondersoek geloods en gevind dat sportdeelname die leerling op verskeie gebiede bevoordeel. Die sportman toon baie beter gesonde liggaamsontwikkeling, asook 'n bo-gemiddelde intellektuele vermoë.⁶⁹ Hier word nie bedoel dat die sportman se aktiwiteite sy intellek verbeter nie, maar wat hier beklemtoon word is die feit dat hy oor meer energie beskik vir verstandelike werk en dit maak hom ook flinker wat betref sy geheue en konsentrasievermoë. Die stelling dat 'n onfikse persoon nie in staat is tot sy optimale verstandelike vermoë nie, is dus geregverdig en gegron.⁷⁰

Die rol van die afrigter ten opsigte van die akademiese is dus van uiterste belang en wel in die sin dat hy moet toesien dat sy deelnemers nie net moet presteer op die sportveld nie, maar ook op akademiese gebied. Dit beteken dan dat hy die waarde van akademiese prestasie sal beklemtoon en dat hy sal help om die weg te baan waar sy deelnemers goeie konsentrasie, uithouvermoë en waarnemingsvermoë benodig vir hul skoolwerk. Die afrigter moet ook beseft dat hy gedurig teenkanting sal ontvang vanuit 'n akademies-georiënteerde gemeenskap en dat sy eie verstandelike vermoëns soms in twyfel getrek sal word.⁷¹ Hier sal sy leierskap die deurslaggewende rol speel. "The sport leader is usually referred to as 'brilliant', taking for granted that it is superior mental ability which accounts for his citizenship achievement rather than great physical vitality, abundant health, some unmeasured quality of character, or some established attitude of service or self-sacrifice."⁷²

Die afrigter se taak is hier om beide verstandelike vermoëns en geestelike prestasies in verband te bring met sportdeelname.

4. DIE AFRIGTER OP SKOOL SE PROFESSIONELE IDENTITEIT

Dit is kenmerkend van meeste ander erkende professies dat daar hoogs-gespesialiseerde kennis benodig word ten einde enige taak suksesvol uit te rig. Hoogs gespesialiseerde beroepsvaardigheid vereis dus gespesialiseerde kennis aangesien professionele arbeid nie op grond van leke-kennis suksesvol kan geskied nie.⁷³

Sport, as deel van die onderwysstruktuur, is in die huidige tydvak 'n professionele aangeleentheid en derhalwe moet die afrigter, as professionele beroepsman, oor gespesialiseerde kennis beskik. Beide sport-kennis en akademiese kennis kom hier ter sprake, omdat die afrigter, in sy professionele hoedanigheid, 'n waardevolle instrument is om by te dra tot die skool se doelstellinge en verwagtings. Voorts is die rol van die afrigter omskrywend in die sin dat hy in die middel staan vir die leerlinge ten opsigte van sport-en-geestelike prestasies sowel as die blootlegging van norme en lewenswaardes.⁷⁴

Die kern van die saak is dat die afrigter se omstandigheid gespesialiseerde kennis van die verskeie terreine vereis en dat hy deurgaans 'n bepalende rol speel in die lewe van die leerlinge. Daarby beskik hy oor 'n ideologiese kode wat sy verantwoordelikheid en professionaliteit omskryf en hom onvervangbaar maak.

5. PERSPEKTIEF

Die rugbyafrigter bevind hom te midde van 'n komplekse en veeleisende konteks en as gevolg daarvan moet hy homself sodanig toerus dat hy die sportopvoeding van die kind na die beste van sy vermoë kan doen. Die afrigtingsfilosofie staan in noue verband met die lewensfilosofie. Daarom sal dit ook soos 'n goue draad deur die lewens van die mense loop met wie die afrigter werk en omdat hy so sentraal staan in die opvoedingsgebeure, moet die afrigter se afrigtingsfilosofie van so 'n aard wees dat dit 'n positiewe invloed uitoefen in verskeie rigtings van die opvoedingsproses.

Aansluitend by die formulering van 'n afrigtingsfilosofie, is die siening van die deelnemers ten opsigte van hul afrigter. In die volgende hoofstuk word 'n steekproef getrek waaruit gegewens kan kom wat in berekening gebring moet word deur die afrigter om so doende die verwagtinge en behoeftes van deelnemers te ken.

6. VERWYSINGS - HOOFSTUK IV

1. Hansen, J., Coaching in an Era of Increasing Individual Awareness, Unpublished memorandum, State University of New York at Buffalo, (s.a.) p. 107.
2. Edwards, H., The Coach, in Sociology of Sport, Homewood, Illinois, The Dersey Press, 1973, p. 11.
3. Hansen, J., op.cit., p. 107.
4. McEwan, H.E.K., Sportonderrig in skole, p. 3.
5. Smith, W.S., One man's Philosophy of coaching, in Johper, October 1971, p.41.
6. Ibid., p. 40.
7. McEwan, H.E.K., op.cit., p. 9.
8. Smit, W.A., Mens en sy persoonlikheid, p. 93.
9. Hansen, J., op.cit., p. 106.
10. Cf. Goosen, C.P., Die Sportman as leier en ambasadeur, Toesprake, Bloemfontein 1976. p. 7.
11. Edwards, H., op.cit., p.132.
12. Cf. Goosen, C.P., op.cit., p. 4.
13. Edkins, S.E., Training for Leadership, in Educa=
tion, September 1971, p. 259.

14. Viljoen, D.J., Penwortels van leierskap-Wysheid, in Handhaaf, Julie 1971, p. 14.
15. Schoeman, P.G., Grondslae en implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie, p.48.
16. Cf. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., Verantwoordelike Opvoeding, p. 520.
17. Cf. Ibid., p. 519.
18. Smith, W.S., op.cit., p. 41.
19. Edwards, H., op.cit., p. 142.
20. MacMillan, R.G., The Educational Aspects of Sport, in Vigor, March 1960, vol. 13, no. 2, p. 52.
21. Cawood, J. et al., Doeltreffende Onderwys, p. 154.
22. Hendry, L.B., Coaches-personality and Social Orientation, Unpublished memorandum, University of Aberdeen, 1972, p. 442.
23. Goosen, C.P., op.cit., p. 4.
24. Gould, D. and Martens, R., Attitudes of Volunteer coaches toward significant Youth Sport Issues, in Research Quarterly, 1979, vol. 50, no. 2, p. 379.
25. MacMillan, R.G., op.cit., p. 52.
26. Smith, W.S., op.cit., p. 41.
27. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op.cit., p. 81.

28. Cf. Reynders, H.J.J., Die taak van die bedryfsleier, p. 88.
29. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op.cit., p. 81.
30. Cratty, B.J., Psychology in Physical Activity, p. 125.
31. Pretorius, J.L., Opvoedkundige Sielkunde, p. 47.
32. Epuran, M. and Horghidan, V., Report: Motivation factors in Sport, Proceedings of the Second International Congress of Sport Psychology, Published: Athletic Institute, Chicago 1970, p. 147.
33. Cf. Pretorius, J.L., op.cit., p. 57.
34. Ibid., p. 58.
35. Hansen, J., op.cit., p. 108.
36. Cf. Frost, R.B., Psychological concepts applied to Physical Education and Coaching, p. 113.
37. Cf. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op.cit., p. 171.
38. Cf. Ibid., p. 164.
39. Botha, J.L. en De Villiers, C., Atletiekpret vir die jongspan, p. 10.
40. Albinson, J.G., Professionalized attitudes of Volunteer coaches toward playing a game, International Review of Sport Sociology, 1973, p. 84.

41. Van Loggerenberg, N.T. en Joose, A.J.C., op.cit., p. 159.
42. Cf. Ibid.
43. Hansen, J., op.cit., p. 107.
44. Ibid.
45. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op.cit., p. 174.
46. Hough, M.A., The Sociological aspects of Sport, in Vigor, vol. 13, no. 2, March 1960, p. 58.
47. Ibid., p. 56.
48. Goosen, C.P., op.cit., p. 10.
49. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op.cit., p. 179.
50. Cf. Ibid.
51. Smith, W.S., op.cit., p. 41.
52. Ibid.
53. Botha, J.L., Spel en Sport aan Universiteite, Openbare Fakulteitslesing, 20 Augustus 1980, Universiteit van Pretoria.
54. Cf. Vide supra, hoofstuk 4, par. 1.1.5, p. 76-77.

55. Marais, W., Dinamiese leierskap in Bybelse perspektief, Toespraak, 9 April 1979.
56. Botha, J.L., Sport en liberalisme, Toesprake, Universiteit van Pretoria, 20 Augustus 1980, p. 1.
57. Hansen, J., op.cit., p. 99.
58. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., op.cit., p. 522.
59. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.8, p. 88-89.
60. Hansen, J., op.cit., p. 100.
61. Ibid.
62. McIntosh, P.C., Sport in society, soos aangehaal deur Botha, J.L., Sport en liberalisme, Toesprake, Universiteit van Pretoria, 20 Augustus 1980, p. 5.
63. Cf. Redaksioneel., Cravenweek: seun, ouers besluit self, in Die Volksblad, Maandag 2 November 1981, Bloemfontein, p. 1.
64. Hansen, J., op.cit., p. 100.
65. Botha, J.L., Spel en sport aan die Universiteit, Openbare fakulteitslesing, 20 Augustus 1980, Universiteit van Pretoria.
66. Botha, J.L., Jeugweerbaarheid as doelstelling van Liggaamlike Opvoeding, in Onderwysblad, Julie 1974, p. 10.
67. Ibid.

68. Rehberg, R.A. and Schafer, W.E., Participation in Interscholastic Athletics and College Expectations, in American Journal of Sociology, (78), 1968, p. 734.
69. Ray, H.C., Inter-relationships of Physical and Mental Abilities and Achievements of High School Boys, in Research Quarterly, 11, vol. 1, March 1940, p. 140.
70. Cf. Botha, J.L., Jeugweerbaarheid as doelstelling van Liggaamlike Opvoeding, in Onderwysblad, Julie 1974, p. 10.
71. Massengale, J.D., Coaching as an Occupational Subculture, in Phi Delta Kappan, October 1974, p. 145.
72. Ray, H.C., op.cit., p. 129.
73. Cawood, J. et al., op.cit., p. 3.
74. Hendry, L.B., Survival in a marginal role: the professional identity of the Physical Education Teacher, in The British Journal of Sociology, vol. XXVI, no. 4, December 1975, p. 474.

HOOFSTUK V

DIE SIENING VAN RUGBYSPELERS OP SKOOL OOR DIE
ROL VAN DIE AFRIGTER (RUGBYLEIER)

1. ALGEMENE OORSIG EN DOEL

Met hierdie ondersoek word beoog om bepaalde leemtes, wat daar in die rugbyleier se afrigtingsbenadering ten opsigte van spelers mag bestaan, te ondersoek. Die probleem lê daarin dat spelers soms besonder fyngvoelig is aangaande die wyse waarop hulle aandag ontvang en wil ontvang. As gevolg van onbewustheid, onkunde, nalatigheid of selfs te hoë persoonlike strewes, kan die rugbyleier nie aan die spelers se behoeftes voldoen nie en gebeur dit dikwels dat 'n speler belangstelling verloor of 'n teruggetrokke houding teenoor die rugbyleier openbaar.

Dit is wel haas onmoontlik om alle spelers in alle opsigte tevrede te stel, maar dit is egter nodig om 'n belangrike klemverskuiwing te maak, vanaf oormatige prestasie-voortreflikhede na meer belangstelling in en aandag aan spelers se motiewe, aspirasies of strewes, gevoelens en optredes van individue sowel as groepe.¹ Die doel is dan ook om te bepaal watter waarde die afrigter vir die opvoedingsproses kan inhou. Die vraag ontstaan byvoorbeeld of die spelers hulle met die afrigter wil identifiseer.

2. METODE VAN ONDERSOEK

2.1 OPSTEL VAN VRAELYSTE

Die vraelyste wat in hierdie verband gebruik is, is met behulp van projek 479, Departement Sosiologie, Universiteit van Pretoria, saamgestel en aan geselekteerde skole gestuur om sodoende die siening van rugbyspelers aangaande die afrigter te toets.

Die vrae is sodanig gerangskik dat spelers eerstens hul siening ten opsigte van hul huidige afrigter en sy benadering weergee. Vandaar verander die aard van vrae in die sin dat spelers noem wat hulle in die besonder van 'n afrigter verwag, terwyl hul siening aangaande die opvoedkundige implikasies van rugbydeelname ook getoets word.

Die vrae is voorts ook so opgestel dat die speler slegs deur middel van 'n kruisie (x) sy antwoord of siening kan weerspieël en meeste vrae het 'n moontlike antwoord van 'n besliste positief, 'n neutrale standpunt en 'n besliste negatief. Spelers wat die vraelyste invul bly anoniem.

2.2 TREK VAN STEEKPROEF

Hoofsaaklik as gevolg van kostes is besluit om die steekproef te beperk tot skole slegs in die Oranje-Vrystaat. In hierdie verband is 'n volledige lys van skole en leerlingtalle vanaf die Vrystaatse Onderwysdepartement verkry. Vir navorsingsdoeleindes is

gekonsentreer op suiwer sekondêre skole en gekombineerde sekondêre skole. Vir elk van hierdie skole is 'n waardebeplanning gemaak in verhouding met leerlingtalle. Dit wil sê, elke skool, ongeag sy leerlingtal, besit 'n gelyke moontlikheid om geselekteer te word. Daar is vervolgens besluit om twintig skole te kies en aan elk is 'n aantal vraelyste gestuur wat deur spelers in eerste-, tweede- en derde- of onder vyftienspanne ingevul moes word. Van hierdie skole wat gekies is, is nege in stedelike gebiede, Bloemfontein, Sasolburg, Welkom en Kroonstad, terwyl die ander elf skole almal verspreid in die platteland geleë is. Hierdie skole is dan ook op 'n volkome ewekansige wyse geselekteer.²

2.3 VERWERKING VAN DATA

Vyfhonderd-en-veertien vraelyste is terugontvang en die gegewens is verwerk deur die Rekensentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die resultate is dan soos volg:

2.3.1 Vraag 1 : 277 spelers is 16-17 jaar oud, 119 spelers is 14-15 jaar oud en 117 spelers is 18-19 jaar oud.

2.3.2 Vraag 2 : 151 (29,4%) spelers is in st. 10, 143 (27,9%) spelers is in st. 9, 115 (22,4%) spelers is in st. 8 en 102 (19,9%) spelers is in st. 7.

2.3.3 Vraag 3 : 107 (20,9%) spelers het op die ouderdom van 8 jaar begin rugby speel, 105 (20,5%) spelers op die ouderdom van 9 jaar, 80 (17,3%) spelers op die ouderdom van 10 jaar en 70 (13,6%) spelers op die ouderdom van 7 jaar, terwyl die frekwensie skerp daal ten

opsigte van ander ouderdomme tussen 5 - 18 jaar. Die oorgrote meerderheid, ongeveer 78%, spelers begin alreeds rugby speel op 'n vroeë lewenstadium.

2.3.4 Vraag 4 : 263 (51,3%) spelers noem dat hul vader die meeste invloed op hulle uitgeoefen het om aan rugby te begin deelneem, 130 (24,4%) noem in hierdie verband maats wat hulle beïnvloed het, 84 (16,4%) noem hul laerskool-afrigter en 47 (9,2%) noem dat andere se prestasie hulle beïnvloed het.

2.3.5 Vraag 5 : 175 (34,1%) spelers wat getoets is speel in hul skool se eerstespan, 166 (32,4%) spelers in die tweede span, 101 (19,7%) in die derde- of onder vyftienspan, 59 (11,5%) in 'n provinsiale span en 8 (1,6%) in die Suid-Afrikaanse skolespan.

2.3.6 Vraag 6 : 272 (53,0%) spelers motiveer hulle tans self die meeste om vol te hou met rugby, 129 (25,1%) noem in hierdie verband hul vader, 104 (20,3%) noem hul spanmaats of vriende en 18 (3,5%) noem hul afrigter.

2.3.7 Vraag 7 : 417 (81,3%) spelers noem dat hul afrigter vir hulle baie belangrik is, 93 (18,1%) noem dat hul afrigter in 'n mindere mate belangrik is en 3 (0,6%) dui aan dat hul afrigter glad nie belangrik is nie.

2.3.8 Vraag 8 : 365 (71,2%) spelers noem dat dit vir hulle self baie belangrik is dat hul span moet wen, 132 (25,7%) noem dat dit vir hulle in 'n mindere mate belangrik is en 16 (3,1%) dui aan dat dit glad nie vir hulle belangrik is nie.

2.3.9 Vraag 9 : 379 (73,9%) spelers dui aan dat oorwinning baie belangrik is vir hul afrigter, 127 (24,8%) noem dat dit minder belangrik is en 6 (1,2%) noem dat dit glad nie vir hul afrigter belangrik is dat hul span wen nie.

2.3.10. Vraag 10 : 229 (44,6%) spelers is oortuig dat hul afrigter tot 'n mate bygedra het tot hul ontwikkeling as mens, 196 (38,2%) spelers glo dat hul afrigter baie bygedra het in hierdie verband, 70 (13,6%) spelers staan neutraal en 17 (3,3%) glo dat hul afrigter geensins daartoe bygedra het nie.

2.3.11 Vraag 11 : 396 (77,2%) spelers noem dat hulle nie hul persoonlike sake met hul huidige afrigter sal bespreek nie en 115 (22,4%) dui aan dat hulle dit wel sal doen.

2.3.12 Vraag 12 : 477 (93,0%) spelers voel dat dit baie belangrik is dat 'n afrigter in hulle sal belangstel as mens en leerling en nie net as rugbyspeler nie, 36 (7,0%) staan negatief hierteenoor.

2.3.13 Vraag 13 : 451 (87,9%) spelers is oortuig dat dit baie belangrik is dat 'n afrigter te alle tye 'n goeie voorbeeld sal stel, 62 (12,1%) glo dat dit nie juis nodig is nie.

2.3.14 Vraag 14 : 282 (55,0%) spelers voel dat 'n afrigter definitief hul standpunt ook in aanmerking moet neem tydens oefeninge en taktiekbespreking, 213 (41,5%) voel dat dit in sekere gevalle wel nodig is en 18 (3,5%) noem dat dit geensins nodig is nie.

2.3.15 Vraag 15 : 216 (42,2%) spelers is van mening dat, indien 'n afrigter baie druk op hulle uitoefen, hulle nie noodwendig belangstelling in rugby sal verloor nie, 192 (37,4%) glo egter dat dit dikwels kan veroorsaak dat hulle belangstelling sal verloor en 105 (20,5%) noem dat baie druk hulle belangstelling beslis sal laat afneem.

2.3.16 Vraag 16 : 254 (49,5%) spelers is onseker ten opsigte van die vraag of hulle graag soos hul huidige afrigter wil wees, 148 (28,8%) noem dat hulle graag soos hul afrigter wil wees en 109 (21,2%) staan negatief in hierdie verband.

2.3.17 Vraag 17 : 380 (74,1%) spelers is van mening dat deelname aan rugby 'n mens beter voorberei vir jou rol in die samelewing, 89 (17,3%) twyfel hieroor en 43 (8,4%) noem dat dit geensins so is nie.

2.3.18 Vraag 18 : 432 (84,2%) spelers dui aan dat deelname aan rugby daartoe lei dat 'n mens sekere dinge leer wat normaalweg nie sou gebeur het nie, 43 (8,4%) twyfel hieroor en 34 (6,6%) noem dat dit nie so is nie.

2.3.19 Vraag 19 : 279 (54,4%) spelers is van mening dat 'n afrigter alle spelers op dieselfde manier moet hanteer en behandel, 132 (25,7%) twyfel hieroor en 102 (19,9%) noem dat 'n afrigter geensins alle spelers dieselfde moet hanteer en behandel nie.

2.3.20 Vraag 20 : Die gemiddelde aantal spelers wat positief daarteenoor is dat dit belangrik is dat 'n afrigter oor sekere sake sal gesels, is 452 (88,1%) en gemiddeld 52 (10,1%) staan negatief.³

2.3.21 Vraag 21 : Die gemiddelde aantal spelers wat van mening is dat sport sekere eienskappe bevorder, is 455 (88,8%) en gemiddeld 67 (9,2%) spelers glo dat dit nie die geval is nie.⁴

2.3.22 Vraag 22 : 457 (89,1%) spelers dui aan dat dit vir hulle die belangrikste is om vertroue in 'n afrigter te hê, terwyl 30 (5,8%) noem dat dit weer vir hulle belangriker is om van 'n afrigter te hou.

2.3.23 Vraag 23 : 243 (47,4%) spelers voel dat 'n afrigter ook in 'n mens belangstelling moet toon ten opsigte van akademiese loopbane en toekomsplanne, 121 (23,6%) staan neutraal en 121 (23,6%) noem dat dit geensins nodig is nie.

3. GEVOLGTREKKING

Uit bogenoemde resultate, blyk dit duidelik dat die meerderheid rugbyspelers reeds op 'n vroeë ouderdom, dit wil sê in die laerskool, begin rugby speel.⁵ Dit veroorsaak dat die rugbyleier op hoërskool dikwels te doen sal kry met spelers wat alreeds oor rugbykennis beskik, maar sodanige kennis be= loof om wyd uiteenlopend te wees. Die rede hiervoor is omdat spelers van verskillende laerskole na die hoërskool kom en elke betrokke afrigter het volgens sy eie metodes en benaderings opgetree.

'n Verdere feit in hierdie verband is dat die meerderheid spelers aantoon dat hul vaders die grootste invloed op hulle uitgeoefen het ten opsigte van hul aanvanklike rugbydeelname.⁶ Dit bring mee dat die vaders ook bes moontlik rugbyleiding, volgens hul eie kennis en erva= ring, aan hulle seuns verskaf en dit, tesame met die

rugbyleiers op laerskool se bemoeienis, vergemaklik aan die een kant die taak van die rugbyleiers in die hoërskool, want die meeste spelers beskik dan alreeds oor 'n basiese spelkennis en -vaardigheidsgraad. Aan die ander kant egter, kan dit die taak van die rugbyleier in die hoërskool ook uiters moeilik maak en wel in die sin dat hy baie sinvol sal moet differensieer ten opsigte van sy benadering teenoor verskillende spelers.

Daar is 'n groot aantal spelers wat die wenmotief as belangrik beskou en dit dui op die inherente behoefte van die mens om te presteer.⁷ In aansluiting hierby kom ook die aanwesigheid van die wenmotief by die afrigter ter sprake, asook die feit dat die meeste spelers daarin slaag om hulself te motiveer aangaande hul rugbydeelname.⁸ Dit is dus duidelik dat die prestasiedrang baie sterk by die rugbyspelers aanwesig is.

Daar is 'n baie hoë persentasie spelers wat aandui dat hul afrigter vir hul baie belangrik is en tesame hiermee noem die meerderheid ook dat hul afrigter wel bygedra het tot hulle ontwikkeling as mens.⁹ Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat 'n afrigter 'n geweldige invloed op jong rugbyspelers kan uitoefen omdat die spelers so afhanklik van hom is en hulself met hom identifiseer. Ten opsigte van identifisering as sulks, blyk daar 'n effense leemte te wees, want meeste spelers in hierdie verband is baie onseker.¹⁰

'n Teenstelling kom na vore in die geval waar 77,2% van die spelers noem dat hulle nie hul

persoonlike sake met hul huidige afrigter sal bespreek nie, terwyl 'n oorweldigende 93% graag wil hê dat 'n afrigter op verskillende terreine in hulle sal belangstel.¹¹ Hiermee hang saam die ewe hoë persentasie spelers wat aandui dat dit vir hulle die belangrikste is om vertroue in 'n afrigter te hê, asook die opsigtelike meerderheid wat voel 'n afrigter moet belangstelling toon in sy spelers se akademiese loopbane en toekomsplanne.¹² Hieruit blyk dit dat die meerderheid spelers se afrigters tans nie genoegsame vertroue inboesem en belangstelling buite spelverband toon nie en dit terwyl alles daarop dui dat spelers daarna smag om hulself spontaan te openbaar en 'n absolute vertrouelingsvriend in hul afrigter te hê. Dit kom voor asof die huidige afrigters hul taak as leier en raadsman nie nakom nie.

'n Verdere gevolgtrekking is dat rugby 'n uitstekende terrein vir leerlingaktiwiteit is. Die meerderheid spelers in hierdie verband is van mening dat 'n afrigter sy spelers se sieninge en standpunte ten opsigte van die spel in aanmerking moet neem.¹³

In die geval waar 'n afrigter baie of te veel druk op 'n speler uitoefen, het die onverwagte resultaat na vore gekom, in dié sin dat die meerderheid spelers oortuig is dat 'n mens nie belangstelling sal verloor in rugby deurdat te veel druk deur die afrigter uitgeoefen word nie.¹⁴ Sodanige resultaat kan aansluit by die menslike dryfkrag om te presteer, maar so 'n geweldige, intense prestasiebegeerte kan ook spruit uit die feit dat soveel waarde en aandag aan prestasie geheg word dat 'n speler homself tot die uiterste toe sal dryf om net ook in die prestasiegroep aanvaar te

word. 'n Verdere afleiding is egter dat die benadering in die primêre skool alreeds van so 'n aard is dat spelers gewoon geraak het aan die dryfgedagte.

'n Kleiner persentasie spelers het in hierdie verband egter aangetoon dat dit maklik kan gebeur dat 'n mens belangstelling sal verloor indien die afrigter te veel druk uitoefen.

'n Verdere gevolgtrekking ten opsigte van differensiasie, is dat spelers baie gevoelig is vir onregverdigte behandeling en die witbroodjie of voortrek-idee. Dit is as gevolg daarvan dat meeste spelers van besliste mening is dat 'n afrigter alle spelers dieselfde moet behandel en hanteer.¹⁵ Die rede vir sodanige gevolgtrekking is omdat daar onderaan die betrokke vraag ruimte gelaat is waarin elke speler sy antwoord moes motiveer en 'n groot meerderheid toon aan dat voortrekkery onbillik is en die afrigter moet almal dieselfde behandel, want hulle is 'n eenheid.

Baie hoë persentasies kom voor in die gevalle waar spelers aandui dat rugby-deelname 'n mens voorberei vir jou rol in die samelewing en dat rugbydeelname daartoe lei dat 'n mens dinge leer wat jy normaalweg nooit sou geleer het nie.¹⁶ Die resultate dui daarop dat spelers self van mening is dat rugby vele opvoedingsmoontlikhede bied en dat sport sekere lewenswaardes en eienskappe bevorder.¹⁷ Rugby is 'n uiters kosbare terrein waarop goeie gesindhede aangekweek kan word. In die geval waar gevra is of sport godsdiens bevorder is daar egter 'n merkwaardige afname te bespeur. Dit kan wees na aanleiding van die feit dat afrigters dikwels te 'n manlike of strenge beeld op die oefenveld handhaaf, te krasse taal gebruik en dan seker die belangrikste is die beeld van sommige rugbyfigure wat hul heeltemal wangedra. In

hierdie verband heg 87,9% van die spelers ook baie waarde aan die goeie voorbeeld wat 'n afrigter op en vanaf die veld moet stel.¹⁸

In verdere aansluiting met die bevordering van sekere eienskappe kom ook ter sprake die belangrikheid dat 'n afrigter sal poog om, deur middel van sy bemoeienis met die spelers, doelbewus goeie sportgesindhede aan sy spelers te leer. Die oorgrote meerderheid het dan ook aangetoon dat hulle ten gunste daarvan is dat 'n afrigter met hulle oor sekere sportgesindhede sal gesels.¹⁹

Die kern van die saak is dat rugby en die rol van die rugbyleier uiters belangrik is in die lewe van die kind en daarom hou dit geweldige opvoedkundige moontlikhede en voordele in. Die afrigter moet egter fyn mensekennis hê om sy benadering te laat aansluit by die behoeftes en strewes van die kind, want uit bogenoemde blyk dit dat daar ernstige leemtes bestaan in die speler-afrigter verhouding. In die volgende hoofstuk word aanbevelings gemaak waar die praktiese leierskap van die rugbyafrigter bespreek word.

4. VERWYSINGS - HOOFSTUK V

1. Hendry, L.B., "Extracurricular activities and leisure: A clash of values?", in Quest, 13-63-73, 1970, p. 64.
2. Cf. Huysamen, G.K., Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp, p. 306.
3. Cf. Vide infra., Vraelys (Bylae A), vraag nr. 20, p. 175.
4. Cf. Vide infra., Vraelys (Bylae A), vraag nr. 21, p. 175.
5. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.3, p. 112-113.
6. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.4, p. 113.
7. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.8, p. 113.
8. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.6, p. 113.
9. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.7; 2.3.10, p. 113-114.
10. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.16, p.115.
11. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.11; 2.3.12, p. 114.
12. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.22; 2.3.23, p. 116.
13. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.14, p. 114.

14. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.15, p. 115.
15. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.19, p. 115.
16. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.17, p. 115.
17. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.21, p. 116.
18. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.13, p.114.
19. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 2.3.20, p. 115.

HOOFSTUK VI

DIE TOEPASSING VAN DIDAKTIESE BEGINSELS IN RUGBY
DEUR DIE JEUGLEIER

1. INLEIDING

Die probleem wat ontstaan tydens die rol van die rugbyafriigter of leier in die praktyk, lê in die aard van afrigtingsmetodiek. Sodanige afrigtingsmetodiek maak noodwendig deel uit van sportpedagogiek, met die doel om die metodes van afrigtingsmikpunte uit te lig. Dit behels dan vrae soos hoe om rugby aan leerlinge voor te stel, hoe word rugby aangebied en selfs hoe word vaardighede ontwikkel?

Die grondslag van metodiek in rugby impliseer die oordra van spelkennis, -vaardighede en -gesindhede, maar in die besonder beteken dit ook die bybring van sekere beginsels in verskillende fasette van die spel, onder meer spelreëls, speltegnieke en ook lewenswaardes wat voortvloei uit spelsituasies.

Rugby-afrigting in die praktyk moet verband hou met afrigtingsteorie. Derhalwe sal doelformulering die uitgangspunt wees, vanwaar die rugbyleier sy metodes vir die praktyk sistematies beplan en uiteindelik ten uitvoering bring. Die mate waartoe afrigtingsmetodiek in rugby suksesvol sal wees, hang grootliks af van hoeverre die rugbyleier daarin slaag om die teorie by die praktyk te bring en toe te pas. Waar die algemene

didaktiese beginsels vervolgens bespreek word, is dit duidelik dat hier nie gepoog word om verfynde (besondere) tegnieke en metodes aan te dui nie. Dit gaan hier om algemene beginsels wat op die opvoedingsituasie ingestel is.

2. DOELGERIGTHEID¹

Vanuit sy Christelike lewensooruiging stel die rugbyleier homself ten doel om sy deelnemers op te voed tot liefde vir God en hul naaste. Sodanige doelstelling is oorkoepelend en langdurig. Vanuit hierdie kern brei hy sy saak verder uit en beplan sy jaarlikse doelstellings en doelwitte.

2.1 DOELSTELLINGS VIR DIE SEISOEN

As gevolg van die fisiese aard van rugby sal die rugbyleier die liggaamlike as basis gebruik en sy eerste oogmerk sal wees om 'n omstandigheid of atmosfeer te skep waarin die deelnemer optimale gesondheid en ontwikkeling kan geniet.² Hiernaas strewe hy om hulle fisies weerbaar te maak in terme van genoegsame krag, uithouvermoë en spoed.

'n Verdere doelstelling is om algemene koördinasie en beweeglikheidsvaardigheid (motoriese) te ontwikkel wat benodig word tydens spel en ook daaglikse leefwyse.³ Tesame hiermee kom die verbetering van deelnemers se persepsie-of waarnemingsvermoë, deur middel van natuurlike en toenemende ontwikkeling, ten doel.

Die rugbyleier se volgende doelstelling sal wees om die behoeftes van sy deelnemers te bevredig.⁴ Hierin poog

hy om aan elke deelnemer die geleentheid te bied om lid van 'n span of oefengroep te wees, asook om geleentheid te bied vir selfuitlewing, selfrespek en aanvaarding.

Die volgende doelstelling is om rugby te gebruik as 'n middel vir sosiale interaksie of wisselwerking.⁵

Daardeur moet die deelnemers leer om met verskillende mense oor die weg te kom en op 'n heilsame wyse saam te speel en saam te leef.

Sekerlik een van die mees belangrike doelstellings van die rugbyleier is om geleentheid tot leierskapsontwikkeling te bied.⁶ Dit behels leiding en volgelingskap, samewerking en kompetisie, asook die deel van verantwoordelikhede, oorwinnings en nederlae, want dit is die gronde waarop karakterontwikkeling plaasvind en goeie vriendskappe gesluit word.⁷

Evaluasie speel ook 'n belangrike rol tydens die rugbyleier se doelformulering en dit beteken dat die energieke en veeleisende aard van rugby goeie gronde bied waarin die deelnemer fisies, emosioneel en moreel getoets kan word. Kwaliteite soos moed, deursettingsvermoë en selfvertroue kom tot openbaring en die graad daarvan kan dan geëvalueer en verbeter word, waar nodig.⁸

Om geleentheid te bied vir nuttige vryetydsbesteding is 'n onmisbare doelstelling van die rugbyleier en hierin voorsien hy in die inherente behoefte vir plesier, ontspanning en satisfaksie van talentvervulling.⁹

Die rugbyleier streef daarna om 'nwaardige selfkennis binne die bereik van elke deelnemer te plaas. Sodoende ontwikkel die individu ook waardige Godskennis en kom binne trefafstand van die uiteindelijke hoofdoel.

Korrekte doelformulering deur die afrigter impliseer dat hy dit te alle tye realisties sal benader, terwyl hy 'n noukeurige evaluasie van homself, sy deelnemers en beide se persoonlikhede en vermoëns maak. Verder moet sodanige doelstellings voortdurend duidelik aan die deelnemers voorgehou word, sodat hulle dit verstaan, aanvaar en as 'n uitdaging sien.¹⁰

2.2 DOELWITTE

Nadat die afrigter sy breë doelformulering gedoen het, sal hy hom daarop toespits om onmiddellike doelwitte saam te stel in die sin van kennis van die selffasette, die aanwesigheid van gesindhede en beweeglikheidsontwikkeling.¹¹

2.2.1 KENNIS VAN DIE SPELFASETTE (KOGNITIEF)

In hierdie verband is die rugbyleier se doelwit om die basiese grondslae van die spel by die deelnemers tuis te bring. Hy leer derhalwe aan hulle die afsonderlike fasette van rugby, byvoorbeeld spelreëls, skrumme, lynstane en agterlyne. Vandaar verduidelik hy die posisionele spel van hakkers, flankers, losskakels of heelagters. Hy verbreed ook die kennis van die deelnemers aangaande die spesifieke take of vereistes van elke posisie en toon aan hulle hoe speltegnieke toegepas word.

Die rugbyleier stel ook verdere doelwitte, voortvloeiend uit bogenoemde. Hy wil die logiese verloop van die spel aan die spelers verduidelik, maar in die proses van speltoepassing wil hy hulle ook leer om die afsonderlike spelbeginsels te verstaan om sodoende hulle in staat te stel om alles harmonieus saam te voeg.¹²

'n Verdere doelwit is om die spelers sover te bring om spelafleidings en waardebepalings te maak, asook aan hulle selfstandigheid te leer betreffende inoefeningsmetodes. Die gedagte hier is dus kennis, begrip, toepassing, analise, sintese en evaluering.¹³

2.2.2 DIE AANWESIGHEID VAN GESINDHEDE (AFFEKTIEF)

Benewens die feit dat die rugbyleier daarna streef om die spelers se spelkennis te verbreed, brei hy verder ook sy doelwitte uit in die sin dat hy hulle sover wil bring om 'n liefde en belangstelling vir rugby aan te kweek.¹⁴

Om hierin te slaag, moet die rugbyleier hom ten doel stel om self altyd toegewydheid te openbaar, tesame met entoesiasme. Verder moet hy ook poog om deurentyd 'n gees van hartlikheid te handhaaf tussen hom en die spelers. Ander doelwitte om die belangstelling van spelers te prikkel, is om hulle na groot rugbywedstryde te vergesel en selfs rugbypersoonlikhede uit te nooi om besprekings en demonstrasies uit te voer.¹⁵

Belangstelling in rugby en vertroue in die rugbyleier sal noodwendig lei tot die aanwesigheid van goeie sportgesindhede en daarom is dit 'n belangrike doelwit om die spelers bekend te maak met gesindhede en waardes wat by rugbyspelers pas en tuishoort.¹⁶

2.2.2.1 DIE CHRISTELIKE GESINDHEID

Eerstens sal die rugbyleier hom dan beywer om die spelers sodanig te lei dat hulle sal besef dat rugby gespeel word tot die eer en verheerliking van God en prestasie dien nie om die mens te verhef nie. Hierin moet hy dan die noodsaaklike vertroue inboesem en sy optrede moet te alle tye van beheersdheid, oortuiging en gehoorsaamheid van Christelike norme getuig.¹⁷

Daardeur kan die rugbyleier 'n konkrete bewys aan sy spelers lewer dat 'n Christen sy sport op 'n spesiale manier beoefen.

2.2.2.2 DIE SEDELIKE GESINDHEID

Om hierdie gesindheid te bereik, moet die rugbyleier hom ten doel stel om 'n gees van ware sportmanskap te skep. Hierin poog hy om, deur middel van samewerking en onderlinge hulpverlening, 'n sedelikheidsbesef by die spelers tuis te bring en dit in 'n positiewe rigting te laat uitbrei.¹⁸ So sal hy in sy optrede en hantering van spelers, die eienskappe van liefde teenoor God en sy naaste duidelik laat deurskemer.

2.2.2.3 DIE REGVERDIGHEIDSGESINDHEID

Omdat rugby hom absoluut daartoe leen, stel die rugby-leier 'n doelwit daar om aan die spelers die gesag-situasie en geregtigheidsbeginsel te leer. In die eerste plek moet die afrigter sy eie gesag met verantwoordelikheid toepas en ook 'n regverdige delegasie van gesag na ondertoe laat uitkring. Dit sal hy doen deur te let dat spelreëls noukeurig nagekom word en dat hy sy eie rol as skeidsregter korrek en onpartydig sal uitvoer. Die keuse van kaptein moet ook op 'n regverdige basis geskied en hierin moet die rugbyleier sorg dra dat die kaptein 'n eerlikheidsin openbaar, asook dat sy oordeel en besluitneming juis en gegrond is.¹⁹

2.2.2.4 DIE ESTETIESE GESINDHEID

Selfs in die somtyds ruwe spel van rugby, is die skoonheid tog aanwesig en dit sal die taak wees van die rugbyleier om die spelers te wys op die mooiheid van 'n ontwikkelde liggaam, asook die perfekte ritme en koördinasie van 'n agterlyn. 'n Verdere metode om hierdie gesindheid te laat inslag vind, is om die belangrikheid van netjiese kleredrag, skoon stewels en 'n algemene voorkoms te beklemtoon.²⁰

2.2.2.5 DIE EKONOMIESE GESINDHEID

Die rugbydimensie leen hom ook tot balans en ewewigtheid en daarom streef die rugbyleier in hierdie verband daarna om die spelers bekend te maak met 'n sin van

spaarsamigheid.²¹ Hier kom energiebesparing en taktiekafwisseling ter sprake en wel in die sin dat die goeie losbal of lynstaanbal, wat met moeite verkry is, nie vermors mag word nie. Dit is egter belangrik dat die rugbyleier ook vir die spelers 'n ewewigtige verband sal voorhou aangaande rugby en ander terreine soos kultuur, akademie en selfs ander sportsoorte.

2.2.2.6 DIE SOSIALE GESINDHEID

Rugby verg samespel en daaruit vloei noodwendig die beginsel van saam oefen en saamleef.²² Die rugbyleier se volgende doelwit sal dus wees om die spelers op geestelike gebied te verdiep en ook te laat kontak maak sodat hulle as beskaafde spanlede, skoolleerlinge en Suid-Afrikaanse burgers kan saamleef. Deur sy eie voorbeeld moet die rugbyleier, in sy omgang met spelers, met fatsoenlikheid, beleefdheid, eerbied en minzaamheid optree.²³

2.2.2.7 DIE MOEDERTAAL GESINDHEID

Die verhouding tussen die rugbyleier en spelers op die rugbyveld is baie informeel van aard en juis daarom moet hy waak daarteen dat sy eie voorbeeld nie 'n af-takeling is van bogenoemde gesindheid nie. Veel eerder moet hy 'n liefde vir sy moedertaal openbaar, waarin hy korrekte taal en terme besig. Die rugbyleier moet sy idees op 'n kragtige en presiese wyse oordra, asook in staat wees om hom in suiwere taal duidelik uit te druk.²⁴

2.2.2.8 DIE KULTURELE GESINDHEID

Rugby vandag is 'n bestaande en erkende kultuur in die Suid-Afrikaner se lewe.²⁵ Dus sal die rugbyleier hierdie gebied gebruik om vandaar verdere kultuurbewustheid by spelers aan te wakker. Dit sal hy doen deur spantrots te beklemtoon, eerbied vir die skool se wapen en rugbytrui te toon, asook te sorg dat die span en skool se tradisies en erekodes getrou nagekom word.

2.2.2.9 DIE LOGIKA GESINDHEID

Die implikasie van hierdie gesindheid bring mee dat die rugbyleier hom ook ten doel sal stel om aan spelers die logiese verloop van die spel in al sy fasette te leer.²⁶ Hierin kan hy slaag indien hy genoegsame geleentheid bied waar spelers hul eie inisiatief en oorspronklikheid kan gebruik en om situasies te skep waarin spelers vaardighede en tegnieke tot voordeel van hulself kan vertolk. 'n Verdere idee is om bekende en beproefde metodes in veranderde omstandighede toe te pas, waar spelers dan stelselmatig hulself en hul denke kan rig in 'n logiese rigting.²⁷

2.2.2.10 DIE PSIGIESE GESINDHEID

In hierdie verband speel gevoel, emosies, hartstogte en humeur 'n belangrike rol in die opvoedingsproses van die rugbyspeler en daarom is dit uiters noodsaaklik dat die rugbyleier moet sorgdra dat sy spelers 'n goeie balans ten opsigte van hul gevoelslewe handhaaf.²⁸ Dit kan 'n rugbyleier doen deur waarneming en in die geval van emosionele uitbarstings, moet hy ernstig met die betrokke speler gesels en selfs stappe neem waar dit

nodig is. Deur sekere rugbyfigure se optredes, in films of televisie-opnames, kan die rugbyleier voorts ook die korrekte en verkeerde neigings uitwys.

2.3.3 PSIGO-MOTORISE ONTWIKKELING

'n Belangrike doelstelling waarop die rugbyleier moet let, is die psigo-motoriese ontwikkeling van spelers. In rugby speel kognitiewe, psigo-motoriese en affektiewe leer, in 'n onderlinge verhouding tot mekaar, 'n belangrike rol.²⁹ Dit is egter nodig dat die spelers eerstens deeglik bekend sal wees met die begrip en kennis van die spel, met reëls, take en beperkinge op die voorgrond. Vandaar is dit die taak van die rugbyleier om spelers in situasies te plaas wat nou aansluit met die werklikheid en waarin hulle die doel of opdrag probeer bereik deurdat hulle die gegewe leerstof assimileer. 'n Verdere uitbreiding van die psigo-motoriese ontwikkeling, is dat die rugbyleier ook aan die spelers geleentheid moet bied om hulle handelinge en optredes op ander gebiede uit te voer en dan self tot die gevolgtrekking te kom van die algemene beginsels wat sy gedrag inisieer.³⁰

In noue aansluiting met bogenoemde, kom ook suiwere beweeglikheidsontwikkeling ter sprake en dit beteken dat die rugbyleier hom moet beywer om die vloeiendheid, ritme, spoed en koördinasie van spelers te verbeter.³¹ Dit impliseer ook verder dat die spelers se natuurlike vaardighede tot die maksimum ontwikkel moet word.

2.3 PERSPEKTIEF

Tydens die doelformulering van die afrigter moet hy die volgende in gedagte hou. Eerstens is die doel 'n motivering en daarom moet dit die belangstelling van spelers prikkel en 'n uitdaging wees. Daarby moet dit realisties wees en binne die vermoë van die speler, maar dit moet ook volgehoue inspanning en konsentrasie verg. Die doel moet ook gedurigdeur duidelik aan spelers voorgehou word sodat hulle dit baie goed verstaan en begryp. Die spelers moet ook hul eie resultate kan sien in die proses van doelnastrewing en die belangrikste van alles, die doelstellings moet deeglik beplan word.³²

3. PLANMATIGHEID³³

Beide beplanning en uitvoering is belangrik in rugby, want die beste programbeplanning is nutteloos indien dit nie geïmplimenteer word nie. Aan die ander kant is korrekte toepassing onmoontlik sonder noukeurige beplanning.

3.1 LANGTERMYNBEPLANNING

Om te verseker dat die rugbyleier teen 'n optimale tempo werk en dit deeglik by die spelers vaslê, moet hy aan die begin van die seisoen vir homself helderheid kry ten opsigte van wat hy wil doen. Hierin neem hy 'n paar noodsaaklike faktore in ag.

Hy vergewis homself eerstens met die hoeveelheid werk wat hy moet afhandel in vergelyking met die hoeveelheid

tyd tot sy beskikking. Daarby bereken hy die moei-
 likheidsgraad van die afsonderlike speltegnieke en
 beplan die geleidelikheidsverloop van sy afrigting na
 aanleiding daarvan, asook hoeveel tyd hy ekstra kan
 inruim vir herhaling.³⁴

Wat betref die beplanning van uitstappies, in terme
 van die bywoning van internasionale of provinsiale
 wedstryde, asook die onderneem van 'n rugbytoer, sal
 die rugbyleier die nodige kennisgewings en inligting
 in verband met die vertrektye, aankomstye en aankoms=
 plekke opstel, met die byberekening van kostes, klere=
 drag, ensovoorts. Hy sal verder, in oorlegpleging met
 verantwoordelike owerhede, reëlings tref aangaande
 busbesprekings, vertrektye, kostes en ook akkommodasie
 tydens die toer. Dit sal dan ook beteken dat hy sal
 ooreenkom met die betrokke instansies vir plekbespre=
 king en reëlings in verband met toerwedstryde.³⁵

Daarby moet die rugbyleier ook beplan ten opsigte van
 leerlingselfwerkzaamheid ten tye van uitstappies en
 toere soos pligoplegging en opstel van reëls en regula=
 sies. Ten laaste mag hy nie sy beplanning vir opvolg=
 maatreëls agterweë laat nie, in die vorm van toetsing
 na afloop van wedstrydbywoning en die skryf van bedank=
 ingsbriewe. Hierin sal hy byvoorbeeld aan spelers
 vra wat hulle geleer het en hoe hulle dit gaan toepas.

In die geval waar toerspanne hul skool besoek, moet
 die rugbyleier ook reëlings tref vir ontvangs, akkommo=
 dasie en die beskikbaarheid van fasiliteite. Die be=
 planning van uitstappies, toere en ook die ontvang
 van toerspanne sal egter eers geskied nadat die rugby=
 leier insae gekry het in die plaaslike skolewedstrydbe=
 palings en samesprekings met die hoof en personeel

gevoer het.

Beplanning ten opsigte van films behels kennis aan= gaande die beskikbare films, datums wanneer films verkry kan word en wanneer dit vertoon gaan word. So= danige beplanning moet egter verband hou met die doel wat bereik wil word.³⁶

3.2 KORTTERMYNBEPLANNING

By die beplanning van afsonderlike afrigtingsessies is dit noodsaaklik dat die rugbyleier gedurigdeur die belangstelling van deelnemers prikkel en daarom sal hy, as inleiding, 'n kort bespreking beplan. Hierin moet hy die deelnemers motiveer deur sy eie optimisme en aktiwiteit en terwyl hy die doel van die oefensessie aan hulle verduidelik, moet hy sorg dat hy hulle in die regte gemoedstoestand bring. Vandaar behels sy be= planning hoe hy nuwe, fynere puntjies by die spelteg= nieke vir die deelnemers gaan aanleer. Hy beplan verder watter verduideliking hy gaan gebruik en hoe hy dit sal demonstreer.

Vanuit bogenoemde beplan hy nou op watter aktiwiteit sy verduideliking en demonstrasie die klem sal laat val en watter rugbyfiguur se spelpatroon hy as voorbeeld sal aanhaal. Daarna moet hy ook beplan hoe hy sy deelnemers gaan opstel om die betrokke tegniek of tak= tiek in te oefen en te bemeester. Verder behels dit ook hoe hy die deelnemers gaan motiveer om die nuwe leerstof by die huis te gaan inoefen.

Ten opsigte van films, moet die rugbyleier voorts beplan wanneer hy dit gaan vertoon en watter films verband hou met die betrokke aktiwiteit of tegniek wat hy by hulle wil aanleer. Sodanige beplanning kan hy ook aanwend as inleiding, demonstrasie of herhaling.

Wat betref gesindhede wat die rugbyleier wil tuisbring, moet hy deeglik besin watter aspekte hy aan hulle gaan leer en hoe hy dit gaan doen. Dit impliseer dan hoe hy stiptelikheid en netheid gaan beklemtoon, asook hoe hy 'n deelnemer gaan motiveer om harder te probeer en meer te konsentreer as hy iets nie regkry nie en ook hoe hy sy gesag gaan uitoefen.

4. MOTIVERING³⁷

Dit is noodsaaklik dat die rugbyleier oor 'n wye reeks verskillende motiveringsmiddele en -metodes beskik. Dit sal hom in staat stel om deelnemers met verskillende agtergronde, leergewoontes, behoeftes en begeertes te bereik.³⁸ Effektiewe motivering behels hoedanig die rugbyleier die regte motiveringsmetodes sal aanpas by bogenoemde.

4.1. INHERENTE MOTIVERINGSEIENSKAPPE BY DIE RUGBYLEIER

Die rugbyleier moet beseft dat die belangrikste motiveringsmiddel in belangstelling berus en omdat 'n deelnemer in rugby belangstel, sal hy noodwendig hom daaraan toewy.

Die rugbyleier kan die belangstelling van sy deelnemers prikkel as hy 'n wye en deeglike spelkennis openbaar.³⁹ Dit sal hom in staat stel om met oortuiging en gesag te handel, asook om die inhoud van die spel interessant voor te hou. Hierdeur skep hy 'n beeld van absolute vertrouwe by die deelnemers en kan hy hulle motiveer om saam met hom hard te werk.

'n Verdere eienskap wat inherent by die rugbyleier as motivering kan dien, is sy mensekennis.⁴⁰ Hy ken sy deelnemers en hulle behoeftes en begeertes. Dus beweeg hy op dieselfde vlak as hulle en kan hy op sekere punte druk om hul belangstelling te prikkel en na sy kant oor te haal.

Entoesiasme is aansteeklik en daarom sal die rugbyleier se eie voorbeeld 'n groot rol by motivering speel.⁴¹ Hy raak opgewonde oor sekere vaardighede of oor spel-taktiek wat mooi uitgevoer word en hy stel gedurig nuwe en interessante voorbeelde op die proef. 'n Goeie sin vir humor sal die oefensessies ook in 'n gunstige atmosfeer omskep waarin met lus en ywer gewerk word.

Deurdadig dat die rugbyleier ook saam met sy deelnemers lewe en hulle afhanklikheid bevredig, sal hulle noodwendig vir hom respek en agting hê.⁴² Daaruit vloei ook sy sin vir regverdigheid wat veroorsaak dat die deelnemers by hom seker en geborge voel. Sy eie evaluering sal hom ook in staat stel om in noue kontak met sy manne te leef.

4.2 INTRINSIEKE MOTIVERING

Die rugbyleier moet altyd sy motiveringsmiddele of metodes laat aansluit by die behoeftes en drange van sy deelnemers, want sodanige behoeftes en drange is by die deelnemer al klaar sluimerende selfmotivering en moet net geprikkel word.⁴³

Die deelnemer sal dadelik die rugbyleier se graad van entoesiasme, toegewytheid of belangstelling aanvoel en daarom impliseer dit dat hy self aktief en betrokke by die oefensessies sal wees. Om op een plek te staan en bevele te gee, sal geensins die deelnemers aanspoor tot uiterste samewerking en selfs nog meer nie. Veel eerder moet hy entoesiasties saamwerk tydens fiksheids-oefeninge en die deelnemers aanspoor om hom uit te stof. Hierby sal hy self die systap demonstreer en saam in die skrum druk. Vir afwisseling kan aanraakrugby gespeel word as 'n fiksheidsoefening en weer sal die rugbyleier se deelname 'n motivering wees in die sin dat daar later 'n soort van band ontstaan tussen die rugbyleier en deelnemer- as't ware spanmaats wat streef na 'n gemeenskaplike doel. Sodanig skep dit ook uiters goeie gronde waarop leerlinge gesindhede half onbewustelik aanleer en aanvaar.

Die rugbyleier moet die deelnemers se behoefte aan sekuriteit as 'n baie belangrike motiveringsfaktor sien.⁴⁴ Daarom moet hy elke deelnemer persoonlik intrek by die groep en aan hom geleentheid bied om iets te bereik en uit te voer. In die sin van die deelnemer se bydrae tot spanwerk, behulpsaamheid en goeie sportmanskap, voel hy hom waardig en deel van sy span

en sal slegs sy beste lewer.

Daar is 'n noue verband tussen motivering en doelstelling en daarom moet die rugbyleier beseft dat hy nie sy deelnemers met sukses kan motiveer as daar nie 'n doel is om te bereik nie.⁴⁵ Hierdie doelstellings moet egter waardig wees, want die deelnemer moet sy deelname aan sport of die inoefening van byvoorbeeld lynstaanwerk as belangrik vir homself beskou en dit sien as betekenisvol vir sy sportloopbaan vorentoe. Dit sal ook beteken dat hy homself later sal motiveer om die doelstelling te bereik. Hierdie doelstellings moet egter ook binne die vermoë van die deelnemers wees. Dit kan 'n baie negatiewe invloed op 'n gemiddelde deelnemer uitoefen as die rugbyleier byvoorbeeld aan hom die doel sal stel om die S.A. skolespan te bereik. Eerder moet die verwagting aan hom gestel word om 'n volwaardige bydrae vir sy span te lewer en om altyd 'n goeie beeld daarvan uit te dra. Aan die ander kant weer moet die doelstellings hoog genoeg wees sodat dit toegewyde inspanning en oefening verg.⁴⁶ So sal die doel aan elkeen gestel word om sekere vaardighede te bemeester sodat hulle saam as 'n span wedstryde kan wen. In die geval van 'n begaafde speler sal die doel weer in 'n hoër kategorie val naamlik om 'n provinsiale span te haal.

Sekerlik die belangrikste van alles is dat die daarstelling van 'n doel as motivering, 'n gevolg sal hê dat die deelnemer sy potensiaaliteite tot die maksimum sal ontwikkel en dat dit sal uitloop tot die ontstaan van 'n agtingswaardige mens.⁴⁷

In samehang met doelstelling kom die behoefte aan sukses, as motiveringsmiddel, ter sprake.⁴⁸ Daarom sal die insluiting van 'n deelnemer in die span, na weke of maande se harde werk, hom aanspoor om nog meer te konsentreer en selfs meer belang te stel. 'n Verslagkaart wat die prestasies van die span aandui, is ook 'n uitstekende motiveringsmiddel, want die deelnemers sal alles in die stryd werp om daarop te verbeter. Ten opsigte van sukses en mislukking is dit noodsaaklik dat die rugbyleier die oorwinnings en nederlae realisties sal insien en 'n gesindheid van goeie sportmanskap in beide gevalle sal beklemtoon.⁴⁹ Hier sal sy eie emosionele toestand en manmoedigheid tydens nederlae, asook sy beskeidenheid tydens oorwinnings, die deurslaggewende motiveringsrol speel.

'n Verdere motiveringsmiddel by die deelnemer is die behoefte aan 'n gunstige selfkonsep.⁵⁰ In hierdie verband sal die rugbyleier 'n beroep doen op die deelnemers se selftrots en namate hulle vorder, die resultate aan hulle uitwys. Dit beteken dat hy die deelnemer daarop sal wys dat hy die potensiaal besit om 'n kragtige liggaam te bou, 'n vernuftige voorryman te wees of om 'n minsame sportgeaardheid te ontwikkel. Dit wakker selftrots by die deelnemer aan en hy raak entoesiasties oor die faktore wat daarvoor verantwoordelik is. Veral in die geval van 'n minderbegaafde deelnemer sal die rugbyleier hom daarop wys dat sy geaardheid en gedrag van hom 'n baie beter sportman maak as vele uitblinkers.

Die behoefte van aanvaarding kan die rugbyleier baie nuttig gebruik as motiveringsmiddel, want omdat sy vriende rugby speel, wil die betrokke leerling ook speel

en omdat hulle goeie gesindhede openbaar, wil hy dit ook doen.⁵¹ Daarom kan die rugbyleier sy spelers en span gebruik om ander leerlinge in rugby te laat belangstel en selfs potensiële jeugmisdadigers sover kry om ander lewenswaardes en normas aan te leer.

Die aspek van selfontdekking of self-ervaring is ook 'n goeie motiveringsmiddel en die rugbyleier moet aan elke deelnemer geleentheid bied om dinge self te ontdek en te ervaar. Dit beteken dat die rugbyleier die deelnemer subtiel sal lei totdat hy self ontdek hoe hy deur 'n gaping glip of hoe hy 'n lynstaanbal bemeester. Dit vloei verder tot die beginsel van eie inisiatief en dit opsigsself spoor 'n deelnemer geweldig aan om sy aanleg tot die maksimum te ontwikkel en sodoende verkry hy selfvertroue in die spel.

4.3 EKSTRINSIEKE MOTIVERING

Die rugbyleier gebruik motiveringsmetodes en -middels om 'n bepaalde doel te bereik. Daarom is dit baie belangrik dat ekstrinsieke motivering, waaronder beloning, straf en kompetisie ressorteer, altyd verband sal hou met die vooropgestelde doel of doelwit.⁵²

In die geval van beloning as motiveringsmiddel, moet die rugbyleier deeglik besin voordat hy dit toepas, maar dit is wel nodig om 'n deelnemer te prys wanneer hy dit verdien, want dit is 'n aanduiding dat hy geslaag het en sukses behaal het.⁵³ Hierdie motiveringsmiddel moet die rugbyleier dus konsekwent toepas en die pragtige skepskop of heldhaftige optrede prys en nie die

deelnemer soseer nie. Ten opsigte van bemoediging sal die rugbyleier ook vertrouwe in die deelnemer laat blyk en dit sal hom aanspoor om nie daardie vertrouwe te skok nie. In aansluiting hiermee kom ook ter sprake dat die rugbyleier aan 'n deelnemer raad sal verskaf indien daar probleme is wat spanning veroorsaak. Selfs 'n skouerklomp of 'n blik van goedkeuring kan die deelnemer tot geweldige inspanning motiveer. Dit is egter baie belangrik om daarop te let dat nie net die begaafde deelnemer geprys word nie, maar dat die haker in die tweede span ook erkenning sal kry vir die vaskop wat hy gehaak het.

Straf as motiveringsmiddel moet baie versigtig hanteer word, want die bedoeling is eers om seer te maak of om uitgeworpe te laat voel en dan om te motiveer, om reg te maak wat verbrou is of om harder te werk. In sommige gevalle is dit egter nodig, want as die deelnemer 'n tweede of derde keer wegbly van 'n oefensessie, sal hy berispe word of selfs uit die span gelaat word. Ook ten opsigte van herhaaldelike vuilspel en oneerlikheid moet die rugbyleier sodanig optree dat die betrokke deelnemer sal besef hy was verkeerd en weer van vooraf probeer om 'n ware sportman te wees.⁵⁴

Die vorm van kompetisie is 'n baie sterk motiveringsmiddel in die guns van die rugbyleier en wel in die sin dat dit prestasie voorstel, wat die deelnemer noodwendig sal aanspoor tot uiterste inspanning, konsentrasie en oefening. Sodanige kompetisie mag egter nie 'n tendens van wen-ten-alle-koste skep nie, want dit sal veroorsaak dat sekere strategieë en taktiek beplan sal word wat die deelnemer se eie inisiatief sal demp.⁵⁵

Verder mag kompetisie ook nie daartoe lei dat sosiale verhoudinge en ^{die}atmosfeer vertroebel nie, want dit gebeur dikwels dat 'n deelnemer per ongeluk die bal, met 'n oop doellyn voor hom, laat val en die skaal in die ander span se guns laat swaai, wat die gevolg het dat sy mede-spelers sō emosioneel ontroerd raak oor die nederlaag, dat hulle hom vir alles beskuldig en sleg maak.

'n Goeie idee van kompetisie as motiveringsmiddel is om die speler teen homself te laat kompeteer.⁵⁶ Dit behels dat die rugbyleier vir die flank daarop wys dat hy die losballe goed beheer, maar hy moet probeer om meer spoed aan die dag te lê en vinniger af gaan grond toe na waar die bal is.

Wat betref spanpraatjies voor 'n wedstryd as motivering, is dit wel nodig dat die rugbyleier die wenidee sal beklemtoon, want dit is waarom die wedstryd gespeel word. Om egter die span so op te sweep dat hulle met verstarde oë en moordgedagtes op die veld draf is nie alleen absurd nie maar ook absoluut onheiligh. Veel eerder moet hulle gemotiveer word om die spel te geniet, te konsentreer en om hul uiterste bes te lewer. "Wen hierdie een vir die span, vir die skool en... miskien vir my."

5. GEHEELSIENING⁵⁷

Die doel van hierdie beginsel is dat die spelers, na afloop van elke oefensessie of voorbereidingsproses,

die spelpatroon en vaardigheidstegnieke as 'n logiese geheel moet kan sien. Sodanige geheelsiening moet dan van so 'n aard wees dat die spelers die afsonderlike dele kan verstaan, kan bemeester en self die verband van integrering kan sien ten opsigte van 'n gebalanseerde geheel.

5.1 STRUKTURERING VAN DIE OEFENPROGRAM

Die rugbyleier se taak in hierdie verband is om die leerstof in sy oefenprogram sistematies te beplan en toe te pas. Hierin moet hy sorg dra dat hy hierdie leerstof stap vir stap aan die spelers duidelik maak en dus sal hy, tydens die implimentering van 'n nuwe tegniek, begin by die bekende.⁵⁸ Alvorens hy dan oorgaan na die nuwe leerstof, die onbekende, moet hy eers toesien dat elke speler die vorige stap deeglik ken en bemeester. Dit sal die rugbyleier in staat stel om te verhoed dat daar begripsleemtes ontstaan wanneer die betrokke tegniek toegepas word.

5.2 GLOBALISERING

Globalisering impliseer dat die rugbyleier, tydens die oefeninge van byvoorbeeld skrumtegniek, by die bekende, naamlik die posisionele sak van 'n skrum, begin. Hy vergewis homself eerstens dat elke speler presies weet waar hy moet druk en daarna verduidelik hy die nuwe, fynere tegniek van die hupstootjie. Die totaliteitsbeginsel word egter steeds voor oë gehou en wel in die sin dat die rugbyleier illustreer hoe die pak voorspelers in skrumverband, 'n ekstra paar sentimeter vorentoe kan gaan om sodoende die bal

makliker in die skrum te bemeester.

5.3 VAN DIE GEHEEL NA DIE DELE

Nadat die rugbyleier seker gemaak het dat die spelers die doel van die hupstootjie begryp en die verband duidelik kan sien tussen 'n gewone skrum en die nuwe tegniek, gaan hy oor na die volgende stap. Hy behandel die taak van elke speler nou afsonderlik en hy toon aan hoe hulle moet druk ten opsigte van die hupstootjie, hoe laag hulle met reguit rûe moet sak en hoe hulle hul bene moet plaas. Vandaar verduidelik hy verder hoedat elkeen, op 'n gegewe teken, moet reageer en hul bene reguit maak, boude laat sak en met die bolyf vorentoe en boontoe moet druk.

Hierdie stap stel die rugbyleier ook in staat om elke speler deeglik te evalueer en deur middel van herhaling en aanpassings kan hy seker maak dat elkeen sy taak begryp en dit bemeester.

5.4 VAN DIE DELE TERUG NA DIE GEHEEL

Hierdie stap impliseer dat die rugbyleier die afsonderlike dele sinvol sal integreer tot 'n logiese geheel, waarin al die spelers die betrokke tegniek in skrumverband toepas.⁵⁹ 'n Skrum-masjien kan hier nuttig gebruik word of selfs ander spelers wat in 'n skrumposisie opgestel word.

Die kern van die saak is dat die spelers die hupstootjie, as 'n skrumtegniek, nou as 'n geheel toepas en inoefen.

Sodoende begryp hulle dat die betrokke tegniek die gevolg het dat hulle makliker en vinniger oor die bal kan kom wanneer dit in die skrum geplaas word.

6. BELEWING⁶⁰

Ten einde te verseker dat spelers belangstelling in rugby toon en behou, is dit noodsaaklik dat die rugby-leier hom by uitstek ten doel sal stel om die beginsel van belewing op allerlei interessante wyses toe te pas. Juis as gevolg van die konkrete aard van die spel, sal veraanskouliking baie daartoe bydra dat spelers sekere spel-idees en begrippe makliker snap, asook om 'n logiese verband in te sien tussen sodanige begrippe en die werklike uitvoering daarvan. Laasgenoemde hou dan ook die besondere voordeel in dat dit 'n speler se eie inisiatief sal verryk.

6.1 OPTREDES VAN DIE RUGBYLEIER

Die mate waartoe die rugbyleier sukses sal ondervind ten opsigte van hierdie beginsel, hang grootliks af van sy kennis, ervaring en vindingrykheid, maar 'n voorvereiste is ook optimisme en entoesiasme, want daardeur kan 'n speler gelei word om 'n situasie of tegniek intens te beleef en uiteindelik emosioneel betrokke te raak by die ganse spel.⁶¹

Die rugbyleier self is dus 'n belangrike veraanskoulikingsmiddel. Om bloot net van die kantlyn af te verduidelik hoe die vleuel sy opponent kan klop deur middel van 'n swenk of kurktrekkerlopie, is nie voldoende om die nodige praktiese begrip en verbandsiening

by die spelers tuis te bring nie. In die geval waar die rugbyleier egter demonstreer of illustreer, sal die betrokke vaardigheid sodanig opgehelder word dat die speler stap vir stap kan sien van watter been af hy moet wegtrap en wanneer hy moet versnel. Dit sal ook die gevolg hê dat 'n speler in 'n toestand van "gereedheid" kom, waarin die aanleer- en bemeesteringsproses vinniger geskied.

Die handhawing van 'n gunstige spangees is 'n verdere aspek van beleving en wel in die sin dat die rugbyleier in hierdie verband sekere gesindhede, soos hartlikheid, lojaliteit en regverdigheid, sal uitlewe of prakties ten toon stel. Aktualisering kom ook hier ter sprake en die spelers sal gebonde tot mekaar en tot die span voel, asook beseft dat hierdie dinge vir hulle waardevol en nuttig is.

6.2 UITSTAPPIES

Die bywoning van rugbytoetse of provinsiale wedstryde is vir enige rugbyspeler op skool 'n bron van belangstelling en daarom moet die rugbyleier goed gebruik maak van hierdie voordeel waar dit moontlik is. Hy sal egter die spelers vooraf deeglik inlig aangaande die doel van die uitstappie en hulle daarop wys om op te let na die manier hoe sekere tegnieke en vaardighede uitgevoer word. Selfs ook die aanwesigheid van sekere gesindhede kan hier uitgelig word indien dit gebeur dat sommige spelers in een of ander situasie betrokke raak. Die kern van die saak is dat hierdie aspek van beleving die spel in sy geheel konkreet aan die spelers voorhou.

6.3 VIDEO-BANDE EN FILMS

Bogenoemde is 'n verdere baie belangrike veraanskoulikingsmiddel en dit hou geweldig voordele in, maar dit is nodig dat die rugbyleier vooraf sekere dinge in gedagte sal hou. Eerstens moet hy bekend wees met die inhoud en verloop van die betrokke band of film.

Verder moet hy dan die materiaal sodanig kies dat dit aansluiting vind by dit wat hy aan die spelers geleer het of wil leer.⁶²

By die gebruik van hierdie middels kan die rugbyleier dan baie relevante speldele beklemtoon in die sin dat die vertoning onderbreek word, 'n opmerking gemaak word of selfs hervertoon word. Op hierdie gebied is daar ook genoegsame geleentheid vir evaluasie, maar by uitstek is daar geleentheid vir doeltreffender leer omdat die spelers sien hoe teoretiese beginsels in die praktyk toegepas word.

6.4 KOMPETISIE

Wanneer die rugbyleier kompetisie, in die vorm van wedstryde, voorstel, sal dit noodwendig bydra tot 'n verhoging van emosionele en fisiese betrokkenheid. Voor 'n wedstryd is die spelers opgewonde en gedetermineerd om sukses te behaal, daarom kan die rugbyleier hierdie veraanskoulikingsmiddel aanwend tot voordeel van die speler se leerproses. Laasgenoemde wil graag sy vaardighede op die proef stel en sal derhalwe homself verdiep in sy taak op die oefenveld. Hierdie middel bied ook gulde geleentheid vir evaluasie deur beide die rugbyleier en die speler self, want elkeen sal gou kan

opmerk in hoe 'n mate hy daarin slaag om 'n sekere tegniek of vaardigheid uit te voer.

7. LEERLINGSELFWERKSAAMHEID⁶³

Rugby bied veelvuldige geleenthede vir leerlingsself-werksaamheid en die rugbyleier moet hom beywer om deur-gaans sy spelers te motiveer tot groter inspanning, kreatiwiteit en selfontdekking. Hierin moet hy sekere doelstellings en uitdagings aan hulle stel wat aanlei-ding sal gee tot egte belangstelling.

Aan die begin van die seisoen sal die rugbyleier dan aan al die spelers verduidelik dat 'n mens baie fiks moet wees om rugby te kan speel en dit te geniet. Dit sal egter in die spelers self se hande lê om toe te sien dat hulle oor 'n genoegsame fiksheidsgraad beskik, want die tyd tot die rugbyleier se beskikking is hope-loos te kort om nog fiksheidsoefeninge by sy program in te werk. Om leerlingaktiwiteit in hierdie verband te bewerkstellig kan die rugbyleier 'n uitdaging aan elkeen rig om te sorg dat hulle teen 'n sekere datum, een en almal top-fiks is. Hy kan selfs die spelers aanmoedig om oefengroepe in te stel wat in hul vrye tyd gaan draf, spoedoefeninge doen en rondtebaansessies oefen.

Ten tye waar die rugbyleier nuwe tegnieke aan die spelers wil leer, moet hy gedurig ook geleentheid tot selfaktiwiteit en wisselwerking bied. Dit kan hy doen deur sinvolle vrae of selfs, deur die spelers aan te

moedig om hul eie mening of kritiek uit te spreek.⁶⁴

Die rugbyleier moet voorts poog om die spelers sover te bring sodat hulle in hul gedagtes sekere vaardigheid en tegnieke kontrasteer. Dit sal hulle dan in staat stel om self hul foute agter te kom en te analiseer, asook om tot die besef te kom wat die oorsake is vir beide hulle mislukkings en suksesse.

Verkenning en ontdekking is 'n baie belangrike faktor tydens die speler se leerproses in rugby en daarom sal die rugbyleier, veral in die vroeë aanleerstadium van 'n tegniek, geleentheid bied vir 'n speler om spontaan tot 'n selfontdekking te kom.⁶⁵ Die doel is hier dat byvoorbeeld die senter sy eie inisiatief aan die dag sal lê om sy natuurlike, instinktiewe aanleg aan te wend tydens die inoefening van die sistap.

Wanneer die rugbyleier leerlingaktiwiteite wil bewerkstellig ten opsigte van kreatiewe ontwikkeling, moet hy aan die spelers 'n groot mate van vryheid toesê. Spontaneïteit sal noodwendig tot uiting kom wanneer tegnieke bemeester is en die speler se verbeelding kan 'n groot rol speel in hoeverre hulle hul eie metode ontwerp om 'n gegewe doel te bereik. In hierdie sin kom dit daarop neer dat die rugbyleier die spelers sal aanmoedig om op hul eie na te vors, hetsy deur lees, televisie of om wedstryde van provinsiale standaard by te woon.

Die rugbyleier moet voorts ook die spelers sover bring dat elkeen sy eie moontlikhede en vermoëns sal besef.

Hier kan hy selfwerkzaamheid bevorder deur aan elkeen 'n ooreenstemmende doel te stel wat in eie tyd en na eie goeddunke bereik moet word. In aansluiting hiermee kom ter sprake dat die rugbyleier ook sy spelers sal lei om hulself voor te berei vir 'n wedstryd. Hier moet elke individu self tot die ontdekking kom hoe hy homself die beste sal motiveer en voorberei. Die rugbyleier se aanvanklike leiding sal egter 'n kardinale rol speel in die sin dat hy byvoorbeeld spelers wat uitermatig gespanne is, kalmeer en hulle rustig eenkant sal laat sit en ontspan alhoewel hulle steeds daarop sal konsentreer om hul beste te lewer.

'n verdere aspek om leerlingsselfwerkzaamheid te bevorder, is om tydens uitstappies aan die spelers geleentheid te bied om hul eie reëls, regulasies en 'n tugkomitee saam te stel, asook om self te organiseer ten opsigte van pligsverdeling. Die rugbyleier sal ook in hierdie verband, na afloop van die uitstappie, vrae stel aan die deelnemers aangaande dit wat hulle geleer het en die gevolgtrekkings wat hulle gemaak het.

8. BEMEESTERING⁶⁶

Die rugbyleier moet poog om die speler, as totale mens, betrokke te maak tydens die aanleer van tegnieke en vaardighede, want sodoende sal die speler sy volle aandag, in terme van spiere, verstand en motoriese vaardigheid, daaraan toespits. Die bemeesteringsproses sal dan soveel vinniger geskied en die graad van bemeestering is soveel hoër en meer langdurig.

Dus is die doel om die basiese vaardighede en goeie gesindhede so te laat inslag vind dat die speler byna

werktuiglik daarop sal reageer. Wanneer 'n speler hierdie toestand bereik het, is die moontlikheid vir vinnige en korrekte besluitneming in feitlik enige situasie baie groter.⁶⁷

'n Uiteers effektiewe metode wat in hierdie verband aangewend kan word, is herhaling of drillwerk. Om hierin te slaag moet die rugbyleier dan, wanneer hy byvoorbeeld die tegniek van ondersteunende spel aan die spelers wil leer, hulle eerstens wys op die waarde daarvan en wat alles daardeur vermag kan word, soos aansluiting en spelkontinuïteit. Vandaar sal hy die betrokke tegniek 'n paar keer demonstreer en dan die spelers in 'n sekere spelverband opstel. Die bal word dan deur die spelers gehanteer, soos in 'n agterlynbeweging, en op 'n skielike bevel sal die speler wat op daardie oomblik die bal het, botstil gaan staan, asof hy hom teen die verdediging vasgeloop het. Die naaste speler moet nou onmiddellik na die bal toe speel en dit as't ware uit sy maat se hande neem en weer vorentoe gaan terwyl die ander spelers in 'n "tweede" agterlyn opvolg. Om bemeesting in hierdie opsig te bewerkstellig, sal die rugbyleier dié betrokke tegniek herhaal en in drill, hetsy deur afsonderlike oefensessies, oefenwedstryde en selfs tydens wedstryde. Sodanige herhaling sal geskied totdat die rugbyleier homself vergewis het en tevrede is dat die spelers die tegniek bemeester het.

'n Verdere aspek ten opsigte van bemeesting, is dat die rugbyleier die spelers sal aanmoedig om sekere tegnieke en vaardighede tuis of in hul vrye tyd te gaan inoefen. So sal die losskakel dan sy skopwerk pale toe oefen totdat hy sy aanloopshoek, vastrap en die

deurswaai van die skopvoet telkens foutloos uitvoer.

9. INDIVIDUALISERING⁶⁸

Wanneer die rugbyleier sy spelers afrig, moet hy altyd in gedagte hou dat individue nie alleen ten opsigte van natuurlike vaardigheid, liggaamlike bou en persoonlikheid verskil nie, maar ook ten opsigte van die wyse waarop elkeen se leervermoë fungeer. Sommige reageer op konkrete demonstrasies, ander wil hul aanlegte self ontdek en sommige leer slegs wanneer die rugbyleier elke ledemaat in posisie plaas en aandui waar die volgende plasing sal wees.

Dit behels dan dat die rugbyleier gedifferensieerde afrigting sal toepas, waarin hy bes moontlik sy afrigtingsmetodes sal aanpas by sy spelers se individuele verskille.⁶⁹

9.1 DIFFERENSIASIE NA BUIITE

Hierdie aspek van individualisering impliseer dat die rugbyleier die spelers sal groepeer ten opsigte van natuurlike aanlegte en vaardighede, asook ten opsigte van liggaamlike en geestelike rypheid. Vanuit hierdie uitgangspunt moet die rugbyleier dan die spelers insluit in ooreenstemmende spanne, dit wil sê spelers wat begraaf is in aanleg en vaardigheid, spelers wat 'n hoë bemeesteringsgraad handhaaf en ook spelers wat oor redelike emosionele stabiliteit beskik sal in die eerste span ingesluit word. Verder sal spelers dan, in verhouding met bogenoemde faktore, in tweede-, derde- en selfs onder vyftienspanne gedeel word.

Op hierdie wyse bied die rugbyleier aan elke speler die geleentheid om, binne sy eie vermoë, sy potensiaal tot die maksimum te benut. Die kronologiese ouderdom van 'n speler moet ook in aanmerking geneem word, maar dit gebeur soms dat 'n onder vyftienspeler sodanig, op fisiese en vaardigheidsgebied, ryp is dat hy eintlik by die eerstespan tuis hoort. Die rugbyleier moet in so 'n geval egter baie deeglik besin, want dit sou dwaas wees om so 'n speler bloot op fisiek en vaardigheid te beoordeel, terwyl hy emosioneel of geestelik nog heeltemal onervare is.

Differensiasie na buite, in terme van spangroeperinge, bied juis aan die rugbyleier geleentheid om in elke speler se individuele verskille en behoeftes te voorsien.⁷⁰ Verder dien hierdie beginsel ook as 'n uitstekende evalueringsmaatstaf waaraan die rugbyleier sy motiverings- en afrigtingsmetodes kan aanpas en wel in die sin dat hy by eerstespan-spelers meer sal konsentreer op fynere kunsies, afrondingswerk en die werktuiglike uitlewing van goeie gesindhede. By die tweedespan sal hy hom toespits op die vaslegging van tegnieke en gesindhede, asook op aanpassings en korreksies. In die geval van die derdespan sal die rugbyleier hom weer beywer om die spelers bekend te maak met die spel in al sy fasette.

9.2 DIFFERENSIASIE NA BINNE

Die rugbyleier moet te alle tye opmerkzaam wees vir individuele verskille by sy spelers en vasstel wat die aard daarvan is. Dit beteken dan dat die rugbyleier ook binne spanverband sal differensieer.

Binne een span sal die rugbyleier ook te doen kry met spelers waar die vaardigheidsgraad verskil en sal hy sy afrigtingsbenadering aanpas om aan elke speler, binne een span, geleentheid te bied om sy onderskeie talente ten volle te ontgin. In hierdie geval sal die rugbyleier byvoorbeeld sy agterlynstrategie sodanig beplan dat die begaafde senter aangemoedig sal word om die verdedigingslyn te sny en die vleuels moet dan by wees om die bal verder met spoed te dra. Op hierdie wyse kan eersgenoemde sy vlugvoetigheid en systap-vermoë tot die maksimum ontwikkel, maar terselfdertyd kry die vleuels kans om hul eie unieke vaardigheid, byvoorbeeld krag en spoed, ten toon te stel. Ten opsigte van die situasies waarin spelers hulle bevind, sal ook gedifferensieer word en wel in dié sin dat die rugbyleier aan die betrokke senter die waarde van onselfsugtigheid sal uitwys, terwyl die vleuels daarop sal let dat hulle altyd hul maats moet ondersteun en moet help in die geval waar 'n spanmaat 'n fout maak.

Die rugbyleier moet ook sy spelers se leerverskille erken en nie slegs aan die bestes aandag gee, of selfs dieselfde benadering toepas teenoor almal nie. Hier sal hy verder differensieer ten opsigte van die manier waarop hy die leerstof aan die begaafde of minder begaafde speler sal aanbied. In die eerste geval sal hy 'n gevorderde tegniek demonstreer of verduidelik en meer aan die speler se vindingrykheid oorlaat, terwyl hy in die geval van die minder begaafde speler, geduldig elke stap sal toelig met die nodige begrip, liefde en simpatie.

In noue aansluiting met leerverskille, kom ter sprake die wyse waarop die rugbyleier elke speler op en vanaf

die veld behandel. Hy sal die speler wat selfbewus, teruggetrokke en gespanne is, met subtiele simpatie behandel en geleenthede probeer skep waarin die betrokke speler sy selfvertroue kan herwin en met gemak met alle spelers kan omgaan. So 'n geleentheid kan opduik in die geval waar die rugbyleier die speler se sterk punte, selfs buite rugbyverband, kan uitlig en ander spelers, wat byvoorbeeld sukkel met Wiskunde, aanmoedig om met hul probleme na eersgenoemde te gaan vir hulp en verduideliking.

Aan die ander kant moet die rugbyleier egter die speler met verwaande hoogmoed ook met liefde en begrip behandel, maar soms is strengere tereg wysing tog nodig. In hierdie verband sal die rugbyleier byvoorbeeld die betrokke speler in situasies laat kom waarin ander spelers sy meerdere is en deur 'n blote gesigsuitdrukking aan hom te kenne gee dat hy nie werklik so goed is as wat hy dink nie en dat daar altyd mense sal wees wat beter is as hyself.

10. SOSIALISERING⁷¹

Benewens die aanleer en ontwikkeling van spelkennis en -vaardighede, moet die rugbyleier hom ook beywer om die sosiale aspek van spelers te bevorder.

Rugby as sodanig is 'n spanspel waarin sosialiseringse faktore werktuiglik voorkom en dit is die rugbyleier se taak om hierdie gebeure positief te rig. In die eerste plek streef almal na 'n gemeenskaplike doel en dit is belangrik dat daar erkenning gegee word vir elkeen se bydrae, hoe gering ookal, want daardeur voel elke speler dat hy lid en deel is van die span.

Op die oefenveld is daar gedurige kontak en wisselwerking tussen spelers onderling en tussen spelers en die afrigter. Sosialisering impliseer in hierdie geval dat die rugbyleier die doel, naamlik om sportmense in die hoogste sin te wees, duidelik sal uitstippel en weë sal aandui waarlangs dit bereik kan word. Die rugbyleier se eie voorbeeld en mondelingse oordraging sal hoofsaaklik op die voorgrond wees, maar soms sal 'n speler of rugbyfiguur se voorbeeld ook uitgelig word om 'n feit te illustreer.

Die insidente of situasies wat gedurende wedstryde voorkom, bied verdere geleentheid om die sosialiseringsebeginsels tuis te bring en wel in die sin dat die rugbyleier noukeurig sal waarneem hoe die spelers optree. Na sodanige evaluering sal hy voorts swak plekke uitwys en die gevolge daarvan met die spelers bespreek, asook die nodige erkenning gee waar dit nodig is.

Die beginsel van groepsdinamika kom ook hier ter sprake. By die verkiesing van 'n spankaptein, sal die rugbyleier byvoorbeeld 'n bespreking hou waar almal saam sal besin oor die pligte van leierskap en wat dit alles behels, asook die waarde van getroue volgelingskap.⁷² Daarna lei hy die spelers om, op 'n demokratiese wyse, 'n spankaptein te benoem en te kies.

Wanneer 'n span 'n toer of uitstappie onderneem, moet die rugbyleier gesteld wees op die gedrag van spelers en aan hulle uitwys dat een persoon wat hom wangedra 'n swak beeld van die totale span skep. Dit sal wel dra tot gevolg hê dat 'n betrokke speler, wat 'n negatiewe gesindheid openbaar, deur sy spanmaats tereggewys

sal word. 'n Uitstappie kan selfs die vorm van 'n kampeer-naweek aanneem waar spelers in 'n ontspanne gees met mekaar omgaan. Hier kan die rugbyleier ook leierskap bevorder in die sin dat hy die spelers in groepe verdeel waarin elk 'n sekere plig of taak het om na om te sien. Dit werk verantwoordelikeitsin in die hand en almal dra by om van die uitstappie 'n sukses te maak, want hulle werk saam, speel saam, sing saam en kan ook dinge saam bespreek.

11. EVALUERING⁷³

Hierdie beginsel impliseer dat die rugbyleier eerstens deeglike vooraf-evaluering sal toepas. In hierdie geval sal hy vasstel wat die betrokke speler alreeds weet, wat sy vermoëns en behoeftes is, asook wat sy huislike en omgewingsomstandighede is.

Vanuit hierdie basis stel die rugbyleier dan sy afrigtingsprogram op en na afloop van elke oefensessie evalueer hy hoedanig hy daarin geslaag het om sy doel te bereik. Hy sal ook vasstel of sy afrigtingsmetodes doeltreffend was en of al die spelers die betrokke leerstof begryp.

Evaluering op die oefenveld geskied deurdat die rugbyleier, nadat hy 'n speltegniek gedemonstreer en verduidelik het, die spelers vra om dit in spelverband toe te pas. Op hierdie wyse kan hy dadelik vasstel of die spelers die verduideliking begryp het. Die spel van oefenwedstryde hou ook gunstige evalueringsvoordele in, want die rugbyleier kan die spel van buite af dop hou en onderbreek waar foute of swak gedrag opgemerk word.

Rugbywedstryde is sekerlik die belangrikste evaluerings middel, want daardeur kan die rugbyleier, deur fyn waarneming, bepaal waar swak plekke en foute opduik. Dit is ook wys om 'n notaboekie byderhand te hou waarin sekere dinge aangestip word om by 'n volgende oefening te herhaal. Dit is egter noodsaaklik dat die rugbyleier nie alleen vir die speler daarop sal wys dat hy 'n fout begaan het nie, maar ook die regte tegniek of gesindheid in die plek daarvan sal aanwys.

Die rugbyleier moet ook differensieer in sy evaluering want aan elke speler word 'n sekere maatstaf gevoeg waaraan hy getoets word. In hierdie verband moet die rugbyleier voorts objektief optree en die strewe is dat elke speler homself sodanig kan evalueer dat dit dien as motivering tot groter hoogtes.

Alhoewel evaluering ook dien om te bepaal watter speler in watter span behoort, is die doel nie slegs om prestasie of swak vordering aan te dui nie, maar om 'n speler te help dat hy volwaardig sal wees in elke moontlike faset van sy menswees. Daarom is dit dan ook so belangrik dat die rugbyleier evaluering ten opsigte van al die didaktiese beginsels sal toepas.

12. PERSPEKTIEF

Om slegs basiese spelkennis en -vaardighede aan spelers te leer is beslis nie die enigste verpligting van die rugbyleier nie. Inteendeel, sy taak is om die speler op te voed as totale mens en daarom is dit noodsaaklik dat die rugbyleier sal besef dat elke speler 'n besondere

fisieke, psigiese en geestelike samestelling het, as= ook sy eie besondere omstandighede, behoeftes en verwagtings.⁷⁴

Bogenoemde impliseer dan ook dat die rugbyleier nooit neutraal mag staan ten opsigte van sy spelers nie. Veel eerder moet hy, vanuit sy eie Christelike lewensoor= tuiging, elke speler bring tot die volkome ontsluiting van die aktstruktuur. Veral die veranderde en steeds veranderende samelewingstendense bring mee dat die rugbyleier gespesialiseerde afrigting, in ooreenstemming met bestaande leerprosesse en didaktiese beginsels, aan die spelers moet verskaf. Daardeur kan ons Godvresende, lojale en toegewyde jeugdige Suid-Afrikaners kweek.

Ten slotte moet hierdie studie in perspektief geplaas word en die vernaamste knelpunte en aanbevelings uitgelig word.

13. VERWYSINGS - HOOFSTUK VI

1. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.1, pp. 78-80.
2. Cf. Vide supra., hoofstuk 3, par. 2.2.4, p. 57.
3. Frost, R.B., Psychological concepts applied to Physical Education and Coaching, p. 5.
4. Cf. Vide supra., hoofstuk 3, par. 2.2.1, p. 49.
5. Frost, R.B., op.cit., p. 6.
6. Cf. Vide supra., hoofstuk 1, par. 3.5, pp. 18-19.
7. Frost, R.B., op.cit., p. 6.
8. Ibid.
9. Cf. Van Raalte, C., Sport en Opvoeding, p. 28.
10. Cf. Avenant, P.J., Riglyne vir suksesvolle onderwys, p. 68.
11. Cf. Ibid., pp. 64-67.
12. Cf. Vide infra., hoofstuk 6, par. 2.2.2.9, p.131.
13. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 65.
14. Cf. Ibid.
15. Cf. Vide infra., hoofstuk 6, par. 6.2, p. 147.
16. Cf. Vide-supra, hoofstuk 5, par. 3, p. 119.

17. Cf. Strydom, A.H., Die program van jeugweerbaarheid as opvoedkundige (didaktiese) probleem, p. 21.
18. Rossouw, P.R., Jeugweerbaarheid in die primêre skool, D.Ed.-proefskrif, p. 150.
19. Cf. Cawood, J. en Swartz, J.F.A., As jy gekies word; 'n Handleiding vir jong leiers, p. 148.
20. Cf. Vide supra., hoofstuk 3, par. 2.2.4, p. 58.
21. Cf. Strydom, A.H., op.cit., p. 23.
22. Cf. Vide infra, hoofstuk 6, par. 10, p. 156.
23. Cf. Strydom, A.H., op.cit., p. 23.
24. Cf. Ibid., p. 24.
25. Cf. Vide supra., hoofstuk 1, par. 2, p.7.
26. Cf. Vide supra., hoofstuk 6, par. 2.2.1, p.127.
27. Cf. Strydom, A.H., op.cit., p. 25.
28. Cf. Cawood, J. en Swartz, J.F.A., op.cit., p. 143.
29. Cf. Vide supra., hoofstuk 2, par. 2, p.32.
30. Sheehan, T.J. and Alsop, W.L., Educational Sport, in Johper, May 1972, p. 43.
31. Cf. Frost, R.B., op.cit., p. 216.
32. Cf. Avenant, P.J., op.cit., pp. 67-68.

33. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.2, pp. 80-81.
34. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 76.
35. Cf. Ibid., p. 81.
36. Cf. Ibid.
37. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.3, pp. 81-83.
38. Frost, R.B., op.cit., p. 220.
39. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 192.
40. Cf. Ibid.
41. Cf. Ibid.
42. Cf. Ibid., p. 193.
43. Cf. Ibid., p. 179.
44. Frost, R.B., op.cit., p. 68.
45. Ibid., p. 69.
46. Ibid.
47. Ibid., p. 70.
48. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 180.
49. Cf. Vide supra., hoofstuk 3, par. 2.2.2, p. 50.
50. Frost, R.B., op.cit., p. 69.

51. Cf. Avenant, P.J., op.cit., pp. 183-184.
52. Cf. Ibid., p. 189.
53. Cf. Cratty, B.J., Children and youth in competitive sports, p. 96.
54. Cf. Vide supra., hoofstuk 6, par. 2.2.2.2, p. 128.
55. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 189.
56. Cf. Ibid., p. 190.
57. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.4, p. 84.
58. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 92.
59. Cf. Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C., Verantwoordelijke Opvoeding, p. 173.
60. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.5, pp. 85-86.
61. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 124.
62. Cf. Ibid., p. 127.
63. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.6, pp. 86-87.
64. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 3, p. 118.
65. Frost, R.B., op.cit., p. 217.
66. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.7, pp. 87-88.
67. Frost, R.B., op.cit., p. 220.

68. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.8, pp. 88-89.
69. Cf. Vide supra., hoofstuk 5, par. 3, p. 117.
70. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 140.
71. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.9, pp. 90-91.
72. Cf. Cawood, J. en Swartz, J.F.A., op.cit., pp. 144-145.
73. Cf. Vide supra., hoofstuk 4, par. 1.2.10, pp. 91-92.
74. Cf. Avenant, P.J., op.cit., p. 323.

HOOFSTUK VII

GEHEELPERSPEKTIEF EN AANBEVELINGS

In hierdie ondersoek val die klem hoofsaaklik op korrekte rugbyafrigting en rugbyleiding op skool, veral dan ook op die opvoedkundige aspekte daarvan. Dit is ook uiters belangrik dat rugbyafrigting altyd opvoedende-afrigting sal wees, met die benadering vanuit suiwer Christelike beginsels. Die praktiese toepassing hiervan noodsaak 'n didaktiese situasie waar daar 'n wisselwerking moet ontstaan tussen opvoeder, opvoedeling en leerstof.¹

Vanuit nadere ondersoek blyk dit dan dat sport, in sy huidige vorm, 'n massa fenomeen is, waarby die jeug positief betrek kan word. Die meeste leerlinge op skool het 'n behoefte om aan sport deel te neem en die hele sportmilieu is deurspek met opvoedingsmoontlikhede. Dit is dan veral na aanleiding van vyandige aanslae op sportgebied dat ons hierdie moontlikhede moet raaksien en besef dat sport 'n ideale middel is om leierskapswaardes aan te kweek. Rugby, as sodanig, bied veelvuldige geleenthede tot leierskap, want die speler is gedurigdeur in 'n posisie om sy leierskap uit te leef, te evalueer en te verbeter.

Dit is egter die rugbyleier wat in hierdie verband die deurslaggewende rol speel, want hy vervul 'n baie spesiale funksie in die lewe van die kind. Laasgenoemde betree die leefwêreld in diepe afhanklikheid en dit lê op die weg van die rugbyleier om hierdie kind langs die ware pad van Suid-Afrikanerskap te lei. Dit is geen maklike taak nie, want in die eerste plek moet hy 'n heldere visie hê. Hy moet energiek wees, met krag en uithouvermoë op die voorgrond. Daarby is hy doelgerig, moedig en volhardend. As suksesvolle leier moet hy ook kan kommunikeer en 'n aanvoeling hê vir die gedagtes en behoeftes

van spelers. Hy moet daadwerklik kan optree, maar steeds vertrouwe inboesem. Die ware rugbyleier is 'n goeie onderwyser.²

As Jeugleier, het die rugbyafrigter dan ook die besondere taak om sy spelers totaal weerbaar te maak. Hierin moet hy die behoeftes van die kind, naamlik om te presteer en om erkenning te ontvang, ken en aan die hand van sy eie beeld en optrede, moet hy 'n gebalanseerde sportperspektief aan hulle voorhou. Die negatiewe eienskappe moet hy opmerk en uitwys, terwyl hy doelgerig daarop ingestel sal wees om elke speler se karakter te ontwikkel.³

Rugby sluit baie gunstig aan by die opvoedingsproses en wel in dié sin dat die didaktiese gebeure, aan die hand van 'n praktiese illustrasie, duidelik uitgelig word. Dit impliseer dat die rugbyafrigter nooit sy bemoeienis met spelers, as losstaande van die opvoedingsgebeure mag sien nie. Naas sy gespesialiseerde spelkennis en afrigtingsvaardigheid, moet hy ook deeglik kennis dra van opvoedingsmiddele en metodes.

Om 'n volledige beeld van die afrigtingsituasie te verkry, is dit egter nodig om die mening van spelers in hierdie verband te verhaal. Vanuit 'n steekproefopname is verskeie hoofmomente aangaande rugbyspelers op skool se verwagtinge en sieninge uitgelig. Daaruit blyk dit duidelik dat die toepassing van die didaktiese beginsels 'n aanvullende rol in die afrigtingsproses speel, hoewel daar egter bepaalde leemtes ontstaan ten opsigte van die afrigter se betrokkenheid buite die rugbyverband.

Dit is dan na aanleiding van bogenoemde dat die volgende aanbevelings gemaak word.

Elke onderwyser wat in diens van sportafrigting op skool staan, moet benewens kennisopleiding, ook spesifieke leierskapsopleiding ontvang. Dit gebeur so maklik dat 'n

onderwyser bloot net met sportafrigting gemoeid is omdat dit van hom verwag word. Dit is by hom geen erns om spelers ook op te voed tot die lewensbeskoulike nie.

Skoolhoofde moet sover moontlik poog om onderwysers wat ook oor gespesialiseerde sportkennis beskik, aan te stel. Daarby moet hulle die taak van die sportafrigter met die nodige agting bejeën en volle steun daaraan toesê. 'n Miskenning van die opvoedingswaarde wat op die sportveld lê, kan verreikende gevolge inhou.

Sport op skool moet ook gesien word as integrale deel van en hulp aan die Jeugweerbaarheidsprogram en die doelstelling van onderwysopleiding moet ook wees om totaal weerbare sportafrigters te kweek. Voortgesette of indiensopleiding moet ook ernstig oorweeg word.

Daar moet noue skakeling wees tussen rugbyafrigters van onderskeie spanne en dit sal voordelig wees om by elke skool 'n persoon aan te stel wat skakeling bewerkstellig tussen afrigters onderling, asook skakeling met spelers en die skoolhoof. Hieronder kan rugby as 'n gesamentlike taak aangepak word en ook die doelstellings en organisatoriese aspekte kan met groter vrug bespreek en uitgevoer word.

'n Basiese handleiding ten opsigte van spelreëls, vaardighede en tegnieke, asook opvoedkundige afrigtingsmetodes of riglyne, in terme van algemene didaktiese beginsels, moet aan rugbyafrigters op skool verskaf word. Hierin kan laasgenoemde hulself vergewis van die doelstellings en opvoedingsmoontlikhede.

Dit is baie belangrik dat rugbyafrigters, sowel as skoolhoofde, sal toesien dat rugby in 'n gebalanseerde verhouding beskou word. Dit is alreeds so dat sommige skole se status aan sy rugby- of ander sportprestasies gemeet word. Dit bring mee dat sport sy opvoedingsdoel mis, want daar word net op vaardighede en tegnieke gekonsentreer, die beste sportmanne word so gou as moontlik uitgesoek en ander

buitemuurse aktiwiteite word as minderwaardig beskou.

Die afrigter se eie prestasiedrang en wenmotief moet ge=
balanseerd wees sodat hy oorwinning en nederlaag, nie slegs
in woord nie, maar ook in daad vir die jong rugbyspelers in
perspektief kan plaas.

Afrigters moet te alle tye daarvan bewus wees dat hulle vir
die rugbyspelers baie belangrike persone is. Daar is egter
te veel spelers wat twyfel of hulle graag soos hul afrigters
wil wees. Dit behoort nie so te wees nie, want as identifi=
kasiefiguur het elke afrigter-opvoeder 'n belangrike funksie
om te vervul in die opvoedingsituasie.

Die rugbyspelers verwag dat 'n afrigter ook in hulle as mense
en leerlinge sal belangstel. Indien die verhouding tussen
speler en afrigter dan meer persoonlik van aard is, behoort
spelers makliker hul probleme met afrigters te bespreek.

Die jong rugbyspeler wil ook graag die geleentheid hê om sy
standpunte en mening te lug oor sekere aangeleenthede. Af=
rigters moet dus geleentheid inruim vir leerling bydraes.

Afrigters moet alles moontlik in werking stel om al die rug=
byspelers, in verhouding tot hul eie persoonlikhede, gelyk
te behandel en veral te sorg dat almal gelyke geleenthede kry.

Afrigters moet gereeld oor sportgesindhede praat, want die rug=
byveld is 'n baie goeie oefenskool vir die lewe. Algemene le=
wensbeginsels moet ook op die rugbyveld geld.

Van die rugbyspeler en sy afrigter kan gesê word: "Sportman=
skap in sy edelste tradisie, daardie verfynde vertoning van
manmoedigheid en ingebore adel, is wesenlik leierskap op sy
beste en 'n leerskool vir die lewe ... Hier word dikwels
die kaptein van die lewe gebore."⁴

VERWYSINGS - HOOFSTUK VII

1. Cf. Rossouw, P.R., Jeugweerbaarheid in die Primêre skool, D. Ed-proefskrif, p. 294.
2. Cf. Frost, R.B., Psychological concepts applied to Physical Education and Coaching, pp. 173-174.
3. Cf. Viljoen, D.J., Geestelike Weerbaarheid, in Die Skoolblad, September 1975, p. 18.
4. Viljoen, D.J., Die personeellid as Jeugleier, in Theron, P.F. red., Onderwysleierskap vir die jeug, p. 31.

BYLAE A

DIE SIENING VAN RUGBYSPELERS OP SKOOL OOR DIE ROL VAN
DIE AFRIGTER

MERK SLEGS MET 'N KRUISIE TEENOR EEN VAN DIE GEGEWE
ANTWOORDE WAT JOU SIENING WEERSPIEËL

1. Hoe oud is jy?

14 - 15 Jaar	16 - 17 Jaar	18 - 19 Jaar
1.	2.	3.

2. In watter standerd is jy?

ST. 7	St. 8	St. 9	St. 10
1.	2.	3.	4

3. Hoe oud was jy toe jy aan rugby begin deelneem het?

EK WAS JAAR

4. Wie sou jy sê het die grootste invloed op jou uit-
geefen om aan rugby te begin deelneem?

VADER	1.	
MOEDER	2.	
ONDERWYSER	LAERSKOOL	3.
	HOËRSKOOL	4.
AFRIGTER	LAERSKOOL	5.
	HOËRSKOOL	6.
MAATS OF VRIENDE	7	
ANDER SE SPORTPRESTASIE	8	

5. Watter hoogste vlak het jy al bereik in rugby?

3 ^{de} of 0/15 SPAN	1.
2de SPAN	2.
1 ^{ste} SPAN	3.
PROVINSIALE SPAN	4.
S.A. SKOLE SPAN	5.

6. Wie moedig jou die meeste aan om rugby te speel?

VADER	1.
MOEDER	2.
ONDERWYSER	3.
MAATS OF VRIENDE	4.
EK SELF	5.
SPANMAATS	6.

7. Hoe belangrik is jou rugbyafrigter vir jou?

BAIE BELANGRIK	1.
REDELIK BELANGRIK	2.
BELANGRIK	3.
MINDER BELANGRIK	4.
GLAD NIE BELANGRIK NIE	5.

8. Hoe belangrik is dit vir jou dat span moet wen?

BAIE BELANGRIK	1.
REDELIK BELANGRIK	2.
GLAD NIE BELANGRIK NIE	3.

9. Hoe belangrik is dit vir jou afrigter dat jou span moet wen?

BAIE BELANGRIK	1.
REDELIK BELANGRIK	2.
GLAD NIE BELANGRIK NIE	3.

10. Dink jy dat jou afrigter al bygedra het tot die ontwikkeling van jou as mens?

JA, IN 'n GROOT MATE	1.
JA, IN 'n REDELIKE MATE	2.
EK WEET NIE	3.
NEE, GLAD NIE	4.

11. Sal jy jou persoonlike sake met jou afrigter bespreek?
(Byvoorbeeld jou liefde, finansiële en huislike sake)

JA	NEE
1.	2.

12. Dink jy dit is belangrik dat jou afrigter in jou as mens en leerling sal belangstel en nie net in jou as rugbyspeler nie?

JA	NOGAL	NEE
1.	2.	3.

13. Dink jy 'n afrigter moet altyd op en van die veld af 'n goeie voorbeeld stel?

JA	NIE ALTYD NODIG NIE	NEE
1.	2.	3.

14. Dink jy jou afrigter moet soms jou standpunt ook in ag neem oor sekere sake soos oefeninge en taktiek?

JA	SOMTYDS	NEE
1.	2.	3.

15. As 'n afrigter te veel druk op 'n mens uitoefen, dink jy dat 'n mens belangstelling in deelname sal verloor?

JA	MISKIEN	NEE
1.	2.	3.

16. Sou jy graag soos jou afrigter wou wees?

JA	EK WEET NIE	NEE
1.	2.	3.

17. Jou deelname aan rugby berei jou voor vir jou rol in die samelewing?

JA	EK WEET NIE	NEE
1.	2.	3.

18. Omdat jy aan rugby deelneem, leer jy dinge wat jy normaalweg nie sou geleer het nie?

JA	EK WEET NIE	NEE
----	-------------	-----

19. Dink jy 'n afrigter moet alle spelers op dieselfde manier hanteer en behandel?

JA	NIE ALTYD NIE	NEE
1.	2.	3.

MOTIVEER JOU ANTWOORD

.....

20. Dink jy dit is belangrik dat 'n afrigter met sy spelers sal gesels oor die volgende sake?

OOR HOE 'n MENS VERLOOR	1. JA	2. NEE
OOR GOEIE MANIERE OP DIE SPORTVELD	1. JA	2. NEE
OOR OPTREDE TEENOR DIE SKEIDS-REGTER?	1. JA	2. NEE
OOR BEHEER VAN WOEDE	1. JA	2. NEE
OOR HOE MENS WEN	1. JA	2. NEE
OOR BEHANDELING VAN OPPONENTE	1. JA	2. NEE
OOR VEGTERSGEES	1. JA	2. NEE

21. Dink jy die volgende is waar?

SPORT BOU 'n MOOI KARAKTER?	1. JA	2. NEE
SPORT BEVORDER DISSIPLINE	1. JA	2. NEE
SPORT BEVORDER FISIESE WEER-BAARHEID	1. JA	2. NEE
SPORT BEVORDER GODSDIENS	1. JA	2. NEE
SPORT BOU 'n VOLKSGEVOEL (BV. RUGBY TOETSE)	1. JA	2. NEE
SPORT BEVORDER MENSEVERHOUDINGE	1. JA	2. NEE

22. Wat is vir jou die belangrikste?

OM VAN JOU AFRIGTER TE HOU 1.

OM VERTROUE IN JOU AFRIGTER TE HÊ 2.

23. Voel jy 'n afrigter moet ook belangstel in jou akademiese prestasie en toekomsplanne?

JA	EK WEET NIE	NEE
1.	2.	3.

BIBLIOGRAFIE

Boeke:

Avenant, P.J., Riglyne vir suksesvolle Onderwys,-
Durban: Butterworth, 1980.

Botha, J.L. en De Villiers, C. Atletiekpret vir die
jongspan. - Ficksburg: Janssonius & Heyns, 1979.

Cawood, J. et al. Doeltreffende Onderwys.-Goodwood:
Nasou Beperk, 1980.

Cawood, J. en Swartz, J.F.A. As jy gekies word,
'n Handleiding vir jong leiers. -Goodwood: Nasou Beperk,
1979.

Cratty, B.J. Children and Youth in Competitive Sport. -
Educational Activities, Inc., Freeport, New York,
1974.

Cratty, B.J. Psychology in Physical Activity. - New
Jersey: Prentice Hall, 1968.

Frost, R.B. Psychological Concepts applied to
Physical Education and Coaching. - Addison-Wesley
Publishing Company,- London, 1971.

Huysamen, G.K. Inferensiële statistiek en navorsings=
ontwerp, Academica.Pretoria, 1980.

- McEwan, H.E.K. Sportonderrig in skole. 'n Handleiding vir Onderwysers en studente. - Goodwood: Nasou, Beperk, 1980.
- Miller, D.M. and Russell, K.R.E. Sport: A Contemporary View. - Philadelphia : Lea & Febiger, 1971.
- Pretorius, J.L. Opvoedkundige Sielkunde. Goodwood: Nasou Beperk, 1977.
- Reynders, H.J.J. Die taak van die Bedryfsleier. - Pretoria: J.L. van Schaik Beperk, 1977.
- Roos, S.G. Geestelike Weerbaarheid teen Ideologiese Terrorisme. - Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal, 1979.
- Schoeman, P.G. Grondslae en implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie. - Bloemfontein: Sacum Bpk., 1975.
- Smit, W.A. Mens en sy persoonlikheid. - Bloemfontein: Sacum Beperk, 1975.
- Van Loggerenberg, N.T. en Jooste, A.J.C. Verantwoordelike Opvoeding. - hersiene uitgawe. - Bloemfontein: Nasionale Boekhandel, 1970.
- Van Raalte, C. Sport en Opvoeding. Over de zedelijke waarden van sportbeoefening door de jeugd. - Haarlem: Uitgeverij De Toorts, (s.a.)

Ongepubliseerde Proefskrifte

Rossouw, P.R. Jeugweerbaarheid in die Primêre skool -
Ongepubliseerde D.Ed. - proefskrif. - Universiteit
van die Oranje-Vrystaat, November 1980.

Strydom, A.H. Die taak van die skool as samelewings=
verband met betrekking tot die voorbereiding en toerus=
ting van die jeugleier vir sy taak in 'n gedifferensi=
eerde samelewing. - Ongepubliseerde D.Ed. -proefskrif. -
Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Ongepubliseerde Verhandelings

Holbrook, L. Human Values in Sports Education and
their relationships to Social Ends. - Unpublished
Masters Thesis. - Brigham Young University, 1956.

Tydskrifte en Koerante:Adolescence

Snyder, E.E. Athletic Team Involvement, Educational
plans, and The Coach - Player relationship, in
Adolescence, vol. X, no. 38, Libra Publishers,
New York, 1975. - pp. 191-200.

American Journal of Sociology

Rehberg, R.A. and Schafer, W.E. Participation in In=
terscholastic Athletics and College Expectations, in
American Journal of Sociology, 78, 1968.

Die Skoolblad

Hanekom, M. Weerbaarheid en die toekoms, in Die Skoolblad, Junie 1973. - pp. 13-17.

Strydom, A.H. Jeugleiding en die opleiding van jeug (dige) leiers as opvoedkundige probleem, in Die Skoolblad, Mei 1971. - pp. 9-14.

Van Loggerenberg, N.T. Die weerbare onderwyser, in Die Skoolblad, September 1974. - pp. 1-4.

Van Loggerenberg, N.T. Leiers van die leiers van môre, in Die Skoolblad, Mei 1971. - pp. 1-3.

Viljoen, D.J. Geestelike Weerbaarheid, in Die Skoolblad, September 1975. - pp. 16-21.

Die Volksblad

Redaksioneel., Cravenweek: seun, ouers besluit self, in Die Volksblad, 77ste jaar, 2 November 1981, pp. 1-2.

Education

Edkins, S.E. Training for leadership, in Education, September 1971. - pp. 256-260.

Handhaaf

Pieterse, J.E. Die jongmens en leiers, in Handhaaf, November 1970. - pp. 7-11, 18.

Pieterse, J.E. Identifisering van leiding, in Handhaaf, Januarie 1978, pp. 18-22.

Redaksioneel, Sport as kultuur, in Handhaaf, Mei 1979. - p. 5.

Schoeman, S.J. Jeugleiding, in Handhaaf, November 1965. - pp. 11-13, 24.

Viljoen, D.J. Penwortels van leierskap - Wysheid, in Handhaaf, Julie 1971. -pp. 12-14.

International Review of Sport Sociology

Albinson, J. G. Professionalized Attitudes of Volunteer Coaches Toward Playing a Game, in International Review of Sport Sociology, 1973. -pp. 77-85.

Krawczyk, Z. Sport as a factor of Acculturation, in International Review of Sport Sociology, 2(8), 1973. - pp. 63-73.

Meyer, H. Puritanism and Physical Training: Ideological and Political Accents in the Christian Interpretation of Sport, International Review of Sport Sociology, VI, (8), 1973, -pp. 37-51.

Snyder, E.E. Aspects of Social and Political Values of High School Coaches, in International Review of Sport Sociology, 3-4, (8), 1973, - pp. 73-82.

Johper

Byrd, O.E. et al. Needed : new research dimensions for the values of lifetime sports, in Johper, vol. 37, no. 3, March 1966. - pp. 36-37, 74.

L'Heureux, W.J. Sport in Modern Canadian Culture, in Johper, vol. 35, no. 3, March 1964.

Moore, C.A. Future Trends and Issues in Physical Education and Athletics, in Johper, January 1980.
- pp. 20-21.

Sheehan, T.J. and Alsop, W.L. Educational Sport, in Johper, May 1972. - pp. 41-45.

Smith, W.S. One Man's Philosophy of Coaching, in Johper, October 1971. - pp. 40-41.

New Society

Hemming, J. The morality of sport, in New Society, 14 December 1972. - pp. 628-630.

New University

Clegg, A. and Clegg, J. The Springbok dilemma : Why we picketed the Springboks, in New University, December 1969/February 1970. p. 10.

Onderwysblad

Botha, J.L. Jeugweerbaarheid as doelstelling van die Liggaamlike Opvoeding, in Onderwysblad, deel 82, no. 848, Julie 1974. - pp. 8-12.

Phi Delta Kappan

Alley, L.E. Athletics in Education: The Double-Edged Sword, in Phi Delta Kappan, October 1974.
pp. 102-105, 113.

Kniker, C.R. The Values of Athletics in Schools : A Continuing Debate, in Phi Delta Kappan, October 1974. - pp. 116-120.

Massengale, J.D. Coaching as an occupational Sub-culture, in Phi Delta Kappan, October 1974. - pp. 140-142.

Psychology Today

Ogilvie, B.C. and Tutko, T.A. Sport : If you want to Build Character, Try Something Else, in Psychology Today, October 1971. pp. 61-63.

Quest

Hendry, L.B. "Extracurricular Activities and Leisure: A clash of values?" in Quest, 1970. - pp. 57-64.

Research Quarterly

Gould, D. and Martens, R. Attitudes of Volunteer Coaches Toward Significant Youth Sport Issues, in Research Quarterly, vol. 50, no. 3, 1979. - pp. 369-380.

Magill, R.A. and Ash, M.J. Academic, Psycho-Social and Motor Characteristics of Participants and Non-participants in Children's Sport, in Research Quarterly, vol. 50, no. 2, May 1979. - pp. 230-240.

Ray, H.C. Inter-relationships of Physical and Mental Abilities and Achievements of High School Boys, in Research Quarterly, vol. 1, March 1940.

Strache, C.V. Player's Perceptions of Leadership

Qualities for Coaches, in Research Quarterly, vol. 50, no. 4, December 1979. - pp. 679-686.

Sociology of Education

Snyder, E.E. High School Athletes and their Coaches: Educational Plans and Advice, in Sociology of Education, vol. 45, Summer 1972. - pp. 313 - 325.

Sociology of Sport

Edwards, H. The Coach, in Sociology of Sport, Homewood, Illinois, The Dersey Press, 1973. - pp. 131-174.

Edwards, H. The Dominant American Sports Creed, in Sociology of Sport, 1973.

Edwards, H. Sport as a Social Institution, in Sociology of Sport, Homewood, Illinois, The Dersey Press, 1973. - pp. 18-22.

Sportbulletin

Coetzee, N.A.J. Skoolsport as opvoedingsmoontlikheid, in Sportbulletin, Januarie 1981. - pp. 51-54.

Leijenaar, C., Skolerugby - 'n jong reus, in Sportbulletin, Januarie 1981. - pp. 63-65.

The British Journal of Sociology

Hendry, L.B. Survival in a marginal role : the professional identity of the Physical Education teacher, in The British Journal of Sociology, vol. XXVI, no. 4, December 1975. pp. 465-474.

The Journal of Educational Sociology

Nolan, J.B. Athletics and Juvenile Delinquency, in The Journal of Educational Sociology, vol. 28, no. 6, February 1955.

Woody, T. School Athletics and Social Good, in The Journal of Educational Sociology, vol. 28, no. 6, February 1955.

Vigor

Diem, C. The position of Sport in Modern Society and its Educational Value, in Vigor, vol. 13, no. 2, March 1960.

Hough, M.A. The Sociological Aspects of Sport, in Vigor, vol. 13, no. 2, March 1960. - pp. 56-58.

MacMillan, R.G. The Educational Aspects of Sport, in Vigor, vol. 13, no. 2, March 1960. pp. 52-55.

Oorsese kongresse en Simposiums

Eitzen, D.S. Sport and Social Status in American Public Secondary Education, Revised version of a paper read at the Eighth International Congress of Sociology. - Toronto, Canada, August 19-24, 1974.

Epuran, M. and Horghidan, V. Report: Motivation factors in Sport, Contemporary Psychology of Sport, Proceedings of the Second International Congress of Sport Psychology. - Published : Athletic Institute, Chicago, 1970.

Hale, C.J. Athletic Competition for Young Children, Conference on Sport and Social Deviancy. - State

University of New York College at Brockport,
New York: 11 December 1971.

Hart, D.P. Leadership and Athletics, A revised version of a paper presented at the 87th National Convention of the American Association for Health, Physical Education, and Recreation. - Houston, Texas, 27 March 1972.

Krawczyk, B. Social Values of a Sporting Career, Paper presented at the VIIIth World Congress of Sociology in München, 1972.

Krotee, M.L. Sport : A Multidimensional Path for the Social Development of Youth, Paper presented before the World Congress of Sociology. - Uppsala, Sweden, 19 August 1978.

Schafer, W.E. Sport, Socialization and the School, Third International Symposium on the Sociology of Sport. - Waterloo, Ontario, August 22-28, 1971.

Start, K.B. Sport and Education, Aspects of Sport and Physical Education, Symposium held at SSPE, Jordanhill College of Education. - Spring 1966.

Suid-Afrikaanse Kongresse en Toesprake

Botha, J.L. Jeugweerbaarheid gesien teen die agtergrond van die stand van Sport- en Rekreasie van Blanke Suid-Afrikaners, Referaat gelewer tydens S.A.V.L.O.R.-kongres, 2-6 Oktober 1978, Bloemfontein.

Botha, J.L. Liggaamlike Opvoeding en Prestasiesport, Referaat : Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie. - Bloemfontein, September 1974.

Botha, J.L. Spel en Sport aan die Universiteit, Openbare Fakulteitslesing. - Universiteit van Pretoria, 20 Augustus 1980.

Botha, J.L. Sport as Opvoedingsmedium, Referaat : Kongres. - Natalse Onderwysunie, Durban, 3 Junie 1977.

Botha, J.L. Sport en Liberalisme, Toesprake. - Universiteit van Pretoria. 20 Augustus 1980.

Goosen, C.P. Die Sportman as leier en ambassadeur, Toesprake. - Bloemfontein, 1976.

Marais, W. Dinamiese leierskap in Bybelse perspektief, Toesprake. - 9 April 1979.

Theron, P.F. red. Onderwysleierskap vir die jeug, Seminaar. - Bloemfontein : Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1 Junie 1979.

Ongepubliseerde Diktate

Hansen, J. Coaching in an Era of Increasing Individual Awareness, Unpublished Memorandum. - State University of New York at Buffalo, 1973.

Hendry, L.B. Coaches Personality and Social Orientation, Unpublished Memorandum. - University of Aberdeen, 1972.

Strydom, A.H. Die program van Jeugweerbaarheid as opvoedkundige (didaktiese) probleem. Diktaat vir gebruik deur studente in die Opvoedkunde aan die U.O.V.S.

Onderhoude

Malherbe, W. Steekproef-opname, Departement
Sosiologie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat,
15 Junie 1981.

JEUGLEIERSKAP MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE ROL VAN
DIE RUGBYAFRIGTER

OPSOMMING

Om 'n totaalbeeld van die rugbyafrigter in sy sportmilieu op skool te verkry, is dit nodig om die besondere sportsituasie van die kontemporêre tydvak van naderby te beskou. Hierin blyk dit dat jeugsport geweldige afmetings aangeneem het gedurende die afgelope dekades en dat dit as 'n massa fenomeen ontstaan het. Dit het meegebring dat sportleiers op skool opnuut moet kyk na die opvoedingswaarde en -moontlikhede wat sport vir die jeug inhou.

Leierskap speel hier 'n baie belangrike rol en dit is noodsaaklik dat die sportafrigter op skool deeglik bekend sal wees met die basiese beginsels van leierskap. Daar bestaan ook 'n definitiewe korrelasie tussen sportdeelname en leierskap. Gesien in hierdie lig is rugby 'n uiters gunstige teelaarde vir die aankweek van leierskapswaardes en verder is dit ook 'n gebied waarin leierskapspotensiaal opgemerk en tot die optimum vrygestel kan word.

Te midde van sy sportbemoëienis, tree die rugbyafrigter ook op as Jeugleier teenoor sy deelnemers. Sy eie toerusting en lewensbeskouing is hier van kardinale belang en hyself moet oor 'n ewewigtige sportperspektief beskik. Daarby moet hy die kind en sy behoeftes, verwagtings en ideale ken. Vanuit hierdie basis kan die rugbyafrigter dan bydra tot positiewe karakterontwikkeling by die kind en hom opvoed na die hoogste doel, naamlik tot liefde vir God en sy naaste.

Sport is ook 'n aanvullende deel van die Jeugweerbearheidsprogram op skool. As sodanig bied rugby geleentheid om die jong speler as totaal weerbare mens op te voed en voor te berei vir sy rol in die volwasse samelewing.

Die rugbyafrigter mag dan nooit sy taak as losstaande van die opvoedingsproses sien nie. Ten einde sy doel te bereik, moet die rugbyafrigter oor 'n korrekte afrigtingsfilosofie beskik, met hoofmomente soos sy eie persoonlikheid, emosionele volwassenheid, leierskap, kennis en gesag op die voorgrond. Sy taak moet vir hom by uitnemendheid 'n geloofsaak wees.

Dit is ook belangrik dat die rugbyafrigter sekere opvoedingsmiddele en -metodes, wat tot sy beskikking is, ken en dit aanwend. Derhalwe sal hy sy afrigtingsfilosofie toets aan algemene didaktiese beginsels.

Daar bestaan egter bepaalde probleme waarmee die afrigter te doene kry tydens die sportsituasie. In die eerste plek het die huidige samelewing veroorsaak dat daar 'n toenemende bewuswording ten opsigte van individualiteit ontstaan het, asook 'n felle wen-ten-alle-koste neiging. Tesame met bogenoemde het daar ook 'n gesagskrisis ontstaan. Die rugbyafrigter op skool staan egter in 'n professionele hoedanigheid en hyself moet daardie beeld handhaaf.

Deur middel van 'n steekproefopname is die siening van rugbyspelers op skool ten opsigte van hul afrigter getoets. Menings wat in hierdie verband ingewin is,

staaf die feit dat rugby 'n bydrae kan lewer tot die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Daar is ook aangetoon wat spelers in die besonder van hul afrigter verwag en hoedanig laasgenoemde se optrede en beeld daartoe aanleiding sal gee dat spelers gunstige lewenswaardes aankweek.

Dit lê veral op die rugbyleier se weg om opvoedende-afrigting aan spelers op skool te verskaf en aan die hand van 'n praktiese illustrasie, sonder om na gespesialiseerde metodes of tegnieke in spelverband te verwys, word daar gepoog om opvoedkundige riglyne tydens aanbieding aan te dui. Hierin word die didaktiese beginsels van naderby toegelig en veral die rugbyafrigter se betrokkenheid ten opsigte van sy spelers kom hier ter sprake. Na aanleiding van bogenoemde word sekere aanbevelings gemaak.

